# DIE FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN BLANKE ONDERWYSERS IN T R A N S V A A L 1859 - 1956.

D E U R

J. H. R O B B E R T S E. B.Sc.. B.Ed.

VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD MAGISTER EDUCATIONIS IN DIE FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

PROMOTOR : Prof. dr. H. J. J. B I N G L

V E R E E N I G I N G.

AUGUSTUS 1958.

# INHOUDSOPGAWE.


HOOFSTUK 1. INLEIDING. — BLADSY.

1. Begripsbepalinge. 1.
2. Doelstelling. 2.
3. Metode van ondersoek en behandeling. 2.
4. Grondbeginsels in verband met die finansiering van onderwysersopleiding. 4.

HOOFSTUK 2.

FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS IN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK. 7.

1. Inleidend. (1836-1859.) 7.
2. Vordering in die rigting van onderwysers-opleiding. (1859-1871.) 8.
3. Die Burgersbewind. (1872-1877.) 9.
4. Engelse Bestuur. (1877-1881.) 10.
5. Superintendentskap van ds. S.J. du Toit (1882-1888,) en van Stiemens (1888-1891.) 11.
   (a) Wet Nr. 1 van 1882. (Du Toit-wet.) 11.
   (b) "De Opleidingschool." 12.
   (c) Studiebeurse. 13.
6. Die Superintendentskap van dr.Mansvelt. (1892-1899.) 13.
   (a) Wet Nr. 8 van 1892. (Mansvelt-wet.) 13.
   (b) Voorsiening van beurse en die opleiding van onderwysers. 16.
   (c) Die oprigting van inrigtinge vir onderwysersopleiding. 17.
      (i) Die Staatsgimnasium. 17.
      (ii) Die Staatsmodelskool. 18.
      (iii) Die Staatsmeisieskool 20.
   (d) Opleiding van onderwysers volgens die kwekelingstelsel. 20.
   (e) Staatstehuise. 22.
   (f) Staatskoste aan onderwysers-opleiding. 22.
      (i) Koste aan inrigtinge vir onderwysersopleiding. 22.
         1) Die Staatsmodelskool. 22.
         2) Die Staatsmeisieskool 24.
      (ii) Staatskoste aan onderwysers-opleiding vergelyk met:- 26.
         1) Staatskoste aan kind-opleiding. 26.
         2) Staatskoste aan opleiding vir ander beroepe aan die Staatsgimnasium. 29.
         3) Staatskoste aan ingevoerde onderwysers. 29.


/(iii) n.....

BLADSY.

(iii) 'n Vergelyking met die buurstate. 30.

1) Kaapkolonie. 30.
2) Oranje Vrystaat 31.
3) Natal. 32.
4) Koste aan die kwekelingstelsel in Transvaal vergelyk met dié van sy buurstate. 32.

Samevatting. 33.

HOOFSTUK 3.

FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS ONDER KROON-KOLONIE- en SELFBESTUUR.(1902-1910.) 35.

1. Kroon-Koloniebestuur.(1902-1906.) 35.
(a) Inleiding. 35.
(b) Die oprigting van normaalkolleges. 36.
(i) Die Pretoriase Normaalkollege. 36.
(ii) Die Johannesburgse Normaalkollege. 36.
(c) Sertifisering van onderwysers in die beginjare na 1902. 37.
(d) Onderwysersklasse. 37.
(e) Die Regulasies van Maart 1906. 38.
(f) Die Kwekelingstelsel. 38.
(g) Beursregulasies. 39.
(h) Koste aan onderwysersopleiding. 39.
2. Selfbestuur. (1906-1909.) 41.
(a) Die Smutswet van 1907. 41.
(b) Wet Nr. 3 van 1909. 43.
(c) Die oprigting van nog twee normaalkolleges. 43.
(d) Hersiene bepalings vir die opleiding van onderwysers van 6 April 1909. 43.
(e) Koste aan onderwysersopleiding. 44.

Samevatting. 48.

HOOFSTUK 4.

FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS IN DIE PROVINSIE TRANSVAAL. (1910-1923.) 49.

(a) Inleiding. 49.
(b) Onderwyswet van 1907 en die regulasies van 1911, 1912 en 1913. 49.
(c) Die instelling van voorbereidende klasse. 51.
(d) Die voorsiening van meer opleidingsinrigtinge. 51.
(e) Die Regulasies van 1918. 52.
(f) Samewerking tussen die opleidingsinrigtinge en die universitêre inrigtinge. 53.

/(g) Finansiële.....

BLADSY.

(g) Finansiële verhoudinge tussen die Unie en die Provinsies. (1910-1922.) 53.

(h) Wetgewing en regulasies insake lesgelde en beurse. 55.

(i) Koste aan onderwysersopleiding. 57.

(i) Eenheidskoste en die neiging van die uitgawes. 57.

(ii) Uitgawes aan onderwysersopleiding en die dienste as gevolg daarvan gelewer. 62.

(iii) Die opleiding van huishoudkunde-onderwyseresse aan die huishoudskool te Johannesburg. 64.

(iv) Koste aan die kwekelingstelsel. 65.

(v) 'n Vergelyking met die ander provinsies van die Unie van Suid-Afrika. 66.

(vi) Die verhouding van die koste van onderwysersopleiding tot kindopleiding. 68.

Samevatting. 70.

HOOFSTUK 5.

FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS IN DIE PROVINSIE TRANSVAAL. (1924-1938.) 72.

(a) Regulasies in verband met onderwysersopleiding. 72.

(b) Die skema vir onderwysersopleiding van 1937 en die stigting van "Streekkomitees." 73.

(c) Die aantal normaalkolleges en die sluiting van die inrigting te Ermelo in 1924. 74.

(d) Beursregulasies in verband met onderwysersopleiding. 75.

(e) Finansiële verhoudinge tussen die Unie en die Provinsies. 75.

(f) Koste aan onderwysersopleiding. 77.

(i) Eenheidskoste en die neiging van die uitgawes. 77.

(ii) Uitgawes aan onderwysersopleiding en die dienste as gevolg daarvan gelewer. 80.

(iii) Die opleiding van huishoudkunde-onderwyseresse aan die huishoudskool te Johannesburg. 81.

(iv) 'n Vergelyking met die ander provinsies van die Unie van Suid-Afrika. 82.

(v) Die koste aan onderwysersopleiding deur die vier provinsies vergelyk met die subsidie van die Unieregering. 83.

BLADSY.

(vi) ŉ Vergelyking met die universiteite. 86.

(vii) Die verhouding van die koste aan onderwysersopleiding tot kindopleiding. 87.

Samevatting. 88.

HOOFSTUK 6.

FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS IN TRANSVAAL. (1939 - 1956.)

(a) Regulasies in verband met die opleiding van onderwysers. 91.

(b) Die beheer van onderwyskolleges. (ŉ Vergelyking met die ander provinsies van die Unie van Suid-Afrika.) 92.

(c) Provinsiale wetgewing en finansiële regulasies. 94.

(i) Stand in Transvaal. 94.

(ii) ŉ Vergelyking met die ander provinsies. 97.

(iii) ŉ Vergelyking met oorsese lande. 98.

(d) Die finansiële verhoudinge tussen die Unie en die provinsies. 100.

(e) Koste aan onderwysersopleiding. 101.

(i) Eenheidskoste en die neiging van die uitgawes. 101.

(ii) Uitgawes aan onderwysersopleiding en die dienste as gevolg daarvan gelewer. 106.

1) Stand in Transvaal. 106.
2) ŉ Vergelyking met die Verenigde State van Amerika. 108.

(iii) ŉ Vergelyking van die vermeerdering van totale uitgawes aan onderwysersopleiding, die totale uitgawes van die provinsie en die totale uitgawes van die provinsie aan onderwys. 109.

(iv) ŉ Vergelyking van die vermeerdering van totale uitgawes aan onderwysersopleiding en die totale uitgawes aan kindopleiding in die laer- en middelbare skool. 110.

(v) Die verhouding van eenheidskoste aan onderwysersopleiding en kindopleiding in die laerskool. 110.

(vi) ŉ Vergelyking met ander provinsies van die Unie van Suid-Afrika. 111.

(vii) Eenheidskoste aan die universiteite en inrigtinge onder beheer van die Unie-Onderwysdepartement. 113.

(viii) ŉ Vergelyking met oorsese lande. 114.

/Samevatting.....

BLADSY.

Samevatting. 115.

HOOFSTUK 7.

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS.

(a) Die oprigting, onderhoud en beheer van inrigtinge vir onderwysers-opleiding. 118.

(i) Oprigting en beheer. 118.

(ii) Onderhoud. 120.

(b) Die neiging van die uitgawes. 123.

(c) Uitgawes aan onderwysersopleiding en die verbeterde dienste as gevolg daarvan gelewer. 124.

(d) Uitgawes aan onderwysersopleiding as 'n volksbelegging. 127.

(e) Subsidies deur die Unieregering aan die provinsies betaal. 128.

(f) Aanbevelings. 130.

GERAADPLEEGDE BRONNE. 132.

INHOUDSOPGAWE VAN TABELLE.

HOOFSTUK 2.

Tabel I : Staatsuitgawes aan die Staatsmodelskool 23.

Tabel II : Staatsuitgawes aan die Staatsmeisieskool. 24.

Tabel III : Salarisse van die personeel aan die Staatsgimnasium, die Staatsmodelskool en die Staatsmeisieskool. 26.

Tabel IV : Staatsbydrae om geldelike te korte van Staatstehuise te vereffen. 28.

Tabel V : Koste aan die kwekelingstelsel in Transvaal vergelyk met die van sy buurstate. 32.

HOOFSTUK 3.

Tabel VI : Staatsuitgawes aan salarisse in Transvaal vir onderwysersopleiding (1 Julie 1906 - 30 Junie 1909.) 44.

Tabel VII : Staatsuitgawes aan beurse in Transvaal vir onderwysersopleiding (30 Junie 1906 - 30 Junie 1909.) 47.

HOOFSTUK 4.

Tabel VIII : Staatsuitgawes aan normaalkolleges in Transvaal vir onderwysersopleiding (1910-1923.) 58.

Tabel IX : Uitgawes aan onderwysersopleiding en die dienste deur die normaalkolleges gelewer. 63.

| | | BLADSY. |
|---|---|---|
| Tabel X : | Staatskoste aan die opleiding van huishoudkunde onderwyseresse aan die huishoudskool te Johannesburg. (1917-1923.) | 64. |
| Tabel XI : | Staatskoste aan onderwysersopleiding in die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika. (1921 - 1922.) | 67. |
| Tabel XII : | Staatskoste per student per jaar aan onderwysersopleiding in die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika. | 67. |
| Tabel XIII : | Staatskoste aan laerskoolkindopleiding in 1910, 1920, 1921 en 1923. | 69. |
| Tabel XIV : | Die verhouding van koste aan onderwysersopleiding tot laerskoolkindopleiding. | 69. |
| HOOFSTUK 5. | | |
| Tabel XV : | Staatsuitgawes aan onderwyskolleges in Transvaal vir onderwysersopleiding (1924 - 1938.) | 78. |
| Tabel XVI : | Uitgawes aan onderwysersopleiding en die dienste deur normaalkolleges gelewer. (1923 - 1938.) | 80. |
| Tabel XVII : | Die koste aan onderwysersopleiding in die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika vir die finansiële jaar 1930 - 1931. | 82. |
| Tabel XVIII : | Per Capita Netto Koste aan onderwysersopleiding deur die provinsies vergelyk met die subsidie van die Unieregering ontvang vir die finansiële jaar 1930 - 1931. | 84. |
| Tabel XIX : | Die verhouding van eenheidskoste aan onderwysersopleiding en laerskoolkindopleiding. | 88. |
| HOOFSTUK 6. | | |
| Tabel XX : | Staatsuitgawes aan onderwysersopleiding in Transvaal (1938 - 1955.) | 103. |
| Tabel XXI : | Uitgawes aan onderwysersopleiding en die dienste as gevolg daarvan gelewer. | 107. |
| Tabel XXII : | Totale uitgawes aan onderwysersopleiding vergelyk met die totale uitgawe van die provinsie en die totale uitgawe van die provinsie aan onderwys. | 109. |
| Tabel XXIII : | Die vermeerdering van totale uitgawe aan onderwysersopleiding en die totale uitgawes aan kindopleiding in die laer- en middelbareskool. | 110. |
| Tabel XXIV : | Die verhouding van eenheidskoste aan onderwysersopleiding en kindopleiding in die laerskool. | 111. |

BLADSY.

| | | |
|---|---|---|
| Tabel XXV : | Die koste aan onderwysersopleiding in die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika vir die jaar 1954. | 112. |
| Tabel XXVI : | Eenheidskoste aan Universiteite en inrigtinge onder die Unie-onderwysdepartement teenoor dié van die Transvaalse Onderwyskolleges. | 113. |
| Tabel XXVII : | Persentasie van die totale onderwysuitgawes aan onderwysersopleiding in verskillende lande bestee. | 114. |

## A F K O R T I N G S.

| | |
|---|---|
| E.V.R. : | Eerste Volksraad |
| E.V.R.B. : | Eerste Volksraadbesluit. |
| V.R.N. : | Volksraadnotule. |
| V.V.O.O.Z.A. : | Vereeniging van onderwyzers en onderwyzeressen in de Zuid-Afrikaansche Republiek. |
| Z.A.R. : | Zuid-Afrikaansche Republiek. |
| LOKALE WETTE : | De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek. |
| JAARVERSLAG OOR : | Verslagen van den Staat van het gesubsidieerd- en van het staatsonderwys alsmede der onder het Departement van Onderwys ressorterende Staatsinrichtingen in die Zuid-Afrikaansche Republiek 1882-1898 en, vanaf 1902 tot 1954, die Rapporte van die Direkteur van Onderwys van Transvaal. |
| STAATSKOERANT : | Staats courant der Zuid-Afrikaansche Republiek en Transvaalsche Gouvernements Courant en St. Crt. der Zuid-Afrikaansche Republiek. |

# DIE FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN BLANKE ONDERWYSERS IN TRANSVAAL 1859-1956.

## HOOFSTUK 1.

## INLEIDING.

### 1. BEGRIPSBEPALINGE.

Onderwysersopleiding in die onderhawige studie, behels die opleiding van onderwysers vir laer - en middelbare skole en tot 1918 die opleiding van sowel leerlinge wat nog nie die matrikulasiesertifikaat besit het nie, as persone wat dit wel besit het; daarna sluit dit slegs na-matrikulasie-opleiding in.

Voordat die begrip, finansiering, nader bepaal word, sal dit nodig wees om die term "finansies" te omskryf. Die woord finansies is afgelei van die latynse "finis" of "finatio", wat eintlik "einde" beteken; dit is die naam wat in die middeleeue gegee is aan die bedrag wat op 'n bepaalde dag aan die skatkis betaal moes word (in Engels vind ons nog die woord "fine" vir 'n boete); dit omvat die geldbedrae wat in die huishouding van die staat ontvang en uitgegee word.[1] "Finance is the art of providing the means of payment".[2]

Onder finansiering van onderwysersopleiding word dan in hierdie studie bedoel die wetenskap,[3] die beginsels en die praktyk[4] van die verkryging van

/geldelike .....

1) Henri Zondervan e.a., Winkler Prins' Geillustreerde Encyclopaedie, Derde, geheel om - en bygewerkte druk, Deel 7, p. 314.

2) Encyclopedia Britanica. Volume 9, p. 240.

3) Good, Carter V., Dictionary of Education, p.171.

4) Ibid.

geldelike middele en die besteding daarvan vir onderwysersopleiding.

2. DOELSTELLING.

Die doel van hierdie studie is die nagaan en kritiese ontleding van :-

(a) die wetgewing en regulasies wat van tyd tot tyd die beskikbaarstelling van geld deur die staat vir onderwysersopleiding in Transvaal gemagtig het;

(b) die poginge wat aangewend is om die standaard van onderwysersopleiding te verhoog en die staatsuitgawes daaraan verbonde, so laag moontlik te hou;

Met die doel om vas te stel en krities te ontleed:-

(a) hoedanig die onderwysersopleiding tred gehou en uitgebrei het in verhouding tot die staatsgeld wat daaraan bestee is, en

(b) watter beginsels grondslagliggend was aan die finansiering van onderwysersopleiding.

By die nagaan van die staatsuitgawes is die doel nie so seer om die presiese bedrae wat deur die loop van jare aan onderwysersopleiding bestee is, vas te stel nie, maar om die neiginge daarvan aan te toon en om hierdie neiginge te probeer verklaar.

Hierdie studie word bepaal by die finansiering van die opleiding van blanke onderwysers in Transvaal deur die Departement van Onderwys van die Zuid-Afrikaansche Republiek, deur die Transvaalse Onderwysdepartement onder Kroon - Kolonie - en Selfbestuur en daarna Provinsiale Regering. Dit sluit die finansiering van die opleiding van onderwysers deur ander instansies soos die universiteite en tegniese kolleges in hierdie staat of provinsie, nie in nie.

3. METODE VAN ONDERSOEK EN BEHANDELING.

Die metode van ondersoek in hierdie studie is die histories-krities-vergelykende. Dit bestaan in die

/versameling.....

versameling van feite, hul rangskikking in kronologiese of logiese verband met die doel om uit 'n krities-vergelykende bespreking, tot groter helderheid te kom ten opsigte van al die aspekte van die finansiering van onderwysersopleiding. Hierdie metode se waarde in die onderhawige studie, vind ons dan daarin dat dit help om die ontwikkelingsgang na te spoor, vergelykings te tref en algemene rigtinge en beginsels aan te dui.

Die behandeling van hierdie tema moet noodwendig in verskillende hoofstukke geskied: die Inleiding word gevolg deur 'n hoofstuk waarin die finansiering van die opleiding van onderwysers in die Zuid-Afrikaansche Republiek behandel word. Hierdie hoofstuk sluit af in 1899 toe die normaalklasse in die Zuid-Afrikaansche Republiek opgehou het om te bestaan en die Republiek kort daarna ook afgesluit is. Die volgende hoofstuk sluit af toe die Transvaal 'n provinsie van die Unie van Suid-Afrika geword het.

Die tydperk vanaf 1910 tot 1956 is te lank om in een hoofstuk te behandel en is gevolglik in drie hoofstukke ingedeel. Die tydperk vanaf 1910 tot 1923 is in een hoofstuk behandel omdat dit 'n vooroorlogse, 'n oorlogse en 'n na-oorlogse toestand behels. Die Eerste Wêreldoorlog het groot veranderinge (finansieel en andersins) meegebring en met sodanige indeling is gevind dat vergelykings beter getref kon word en dat algemene rigtinge en beginsels ook beter aangetoon kon word.

Om dieselfde redes is die tydperk vanaf 1938 tot 1956 in een hoofstuk behandel.

In teestelling met die voorgenoemde twee tydperke,

/word.....

word die tydperk vanaf 1924 tot 1938 nie gekenmerk deur groot skommelinge in die eenheidskoste nie en is gevolglik in 'n aparte hoofstuk behandel.

## 4. GRONDBEGINSELS IN VERBAND MET DIE FINANSIERING VAN ONDERWYSERSOPLEIDING.

Onderwysersopleiding is so gespesialiseerd en so'n duur onderneming dat die oprigting, onderhoud en beheer van opleidingsinrigtinge vir hierdie doel vir die grootste deel 'n verpligting van die staat is. Op prinsipiële en historiese gronde kan die staat nie uit die skole geweer word nie, want dit het kragtens sy oorsprong en wese 'n reg tot medeseggenskap in die skoolopvoeding: vir sy selfbehoud vereis die staat 'n sekere mate van ontwikkeling vir sy onderdane en daarom maak hy onderwys tot op 'n sekere standaard of leeftyd verpligtend. As die staat onderwys verpligtend maak, moet hy ook sorg vir onderwysers waarmee die ouers te vrede sal wees.

Die ouer het dus die reg om 'n opleidingsinrigting te eis, waar opleiding sal geskied op 'n grondslag ooreenkomstig sy eie beginsels. Ouers van aspirant-onderwysers en ouers, wie se kinders later van hierdie aspirantonderwysers onderwys en opvoeding sal ontvang, moet dan die reg hê om die gees en rigting van die opleidingsinrigtinge te bepaal deur middel van hulle deskundige verteenwoordigers op 'n Beherende Liggaam of Streekkomitee. Hierdie liggaam beveel dan doserende personeel aan en die owerheid moet hulle eerste keuse, wat met die vereistes van die poste ooreenstem, erken.[1)]

/Op.....

1) J.Chr. Coetzee, Die Gereformeerde beginsel in die Onderwys in die Transvaal. 1859-1937, pp.58-59.

Op grond van bogenoemde redes en ook omrede die staat oor die mag en metodes beskik om die geldelike middele te verskaf, moet die staat die grootste deel van die koste in verband met onderwysersopleiding dra. Op prinsipiële gronde moet die aspirantonderwyser of sy familie en ook die ouer, wie se kind later van die aspirantonderwyser onderwys en opvoeding sal ontvang, finansieel bydra tot die onderhoud van die opleidingsinrigtinge en wel deur die betaling van onderrigsgelde, want die ouer is in die eerste plek verantwoordelik vir die opvoeding van sy kind; die huisgesin is die natuurlike deur God gegewe opvoedingsinstelling. As die ouer weens die ingewikkelde maatskaplike en ekonomiese struktuur nie meer in staat is om die onderwys en opvoeding van die kind waar te neem nie, moet hy dit deur plaasvervangende ouers (onderwysers) laat doen, waarvoor hy dan moet betaal.

'n Verdere rede waarom die aspirantonderwyser of sy familie 'n deel van die onderhoudskoste moet betaal, is om die ontwikkeling van 'n gees van onverskilligheid by die aspirantonderwyser te voorkom; hierdie verskynsel het reeds te voorskyn getree by laer - en middelbare skoolleerlinge en hulle ouers.

Die kerk het prinsipieel ook medeseggenskap in die wêreldlike onderwys en opvoeding van sy jeugdige lidmate en gevolglik ook in die opleiding van onderwysers. Die kerk dra egter nie finansieel hiertoe by nie, want die kerk se invloed is indirek, nl. deur die ouer.

Die opleiding van onderwysers en die finansiering daarvan hang ten nouste saam, want eersgenoemde is

/alleen.....

alleen moontlik as die geldelike middele beskikbaar is. Aangesien die staat die grootste deel van die finansiële las verbonde aan onderwysersopleiding, moet dra, hang die vordering daarvan af in watter mate die staat geldelike middele daarvoor beskikbaar stel. Aansluitend hierby geld die fundamentele beginsel by die besteding van publieke geld, nl. dat die maksimum dienste gelewer moet word met 'n minimum van koste.

In die onderhawige studie sal dan onder andere gepoog word om vas te stel in watter mate hierdie beginsels gegeld het.

# HOOFSTUK 2.

## FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS IN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK.

### 1. INLEIDEND.

Aanvanklik nadat die Voortrekkers op hulle eie plase gevestig was, het hulle gebruik gemaak van rondreisende onderwysers - persone wat in werklikheid geen onderwysersopleiding gehad het nie. Hierdie tipe onderwyser was dan gewoonlik 'n gewese soldaat, 'n matroos, 'n immigrant of student wat 'n mislukking van sy studies gemaak het.[1)]

Op 27 Julie 1851 het drie Nederlandse onderwysers, naamlik H. van der Lingen, J. W. Spruyt en W. Poen in Delagoabaai aangekom om diens as onderwysers in die Transvaal te aanvaar.[2)] In hierdie stadium wou die Volksraad nie eers die verantwoordelikheid vir die aanstelling van hierdie onderwysers aanvaar nie en van onderwysersopleiding was daar toe nog geen sprake nie.[3)]

Eers vanaf die helfte van die vyftiger jare het die staat sy verantwoordelikheid vir die onderwys besef en in artikel 24 van die grondwet van 1858 vind ons die beginsel van staatsonderwys.[4)]

/2. VORDERING.....

---

1) A. H. Lugtenburg, Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836-1900, p. 12.

2) J. Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838-1939, p. 18.

3) H.P. v. Coller, Onderwysersopleiding in Brittanje en Transvaal met besondere verwysing na die Britse beïnvloeding hier te lande verál gedurende die eerste helfte van die 20 e Eeu, p. 258.

4) M.G. Hoon, Die Finansiering van die onderwys van Blankes in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p.28.

## 2. VORDERING IN DIE RIGTING VAN ONDERWYSERS-OPLEIDING. (1859 - 1871).

Die eerste poging in die rigting van opleiding van onderwysers vind ons in 1859 toe in 'n Reglement vir goewermentsonderwysers neergelê is, dat elke onderwyser verplig is om 'n ondermeester aan te stel en hy vir die salaris van sodanige persoon verantwoordelik is.[1]

In 1859 is ook 'n "Algemene Kommissie van Onderwys" aangestel met oppertoesig oor die onderwys in die Republiek en wat fungeer het tot 1867.[2] Deur hierdie Algemene Kommissie is ook onderwyserseksamens afgeneem.[3] Eise vir bevoegdheid en bekwaamheid is gestel, maar daar is nie voorsiening gemaak vir plek en metode van opleiding nie. Hierdie liggaam het sy eerste eksamen op 2 Maart 1860 afgeneem en die kandidaat was C. Botha Jnr., kwekeling te Potchefstroom. Hy het ook in die eksamen geslaag.[4]

In Februarie 1866 is 'n nuwe Onderwyswet vir die Republiek aangeneem. Die laaste sewentien artikels gaan oor die afneem van eksamens vir onderwysers. Eksamengelde van 30/- vir hoofonderwyser en 10/- vir distriksonderwyser is vasgestel.[5]

Hier is dus 'n begin gemaak met die kwekelingstelsel as die metode van onderwysersopleiding. Onderwysersopleiding, op hierdie stadium, het die

/staat.....

---

1) H.P. van Coller, op.cit., p.261.

2) J.Chr. Coetzee, op.cit., p.27. Sien ook E.V.R. Maart 1868, art. 381.

3) C.H.J.Schutte, Die Leergang en die Leerboek in die Beginsels van opvoeding in die opleiding van onderwysers in Transvaal, 1838-1942, p.p. 28-29.

4) A.H. Lugtenburg, op. cit., p. 68.

5) J. Chr. Coetzee, op. cit., pp. 32-33

staat dus niks gekos nie.

3. DIE BURGERSBEWIND. (1872 - 1877)

Op 1 Julie 1872 het Thomas Francois Burgers president van die Zuid-Afrikaansche Republiek geword.[1] Op 23 Oktober 1874 is sy onderwyswet, naamlik Wet Nr. 4 van 1874 (ook bekend as die Burgerswet), aangeneem.[2]

Vir die opleiding van onderwysers en die finansiering daarvan is hierdie wet van belang. In art. 17 word bepaal dat onderwys gegee sal word deur hoof - en hulponderwysers; verder ook deur kwekelinge, manlik sowel as vroulik.[3] Voorheen is die onderwysersamp slegs deur mans beoefen, maar van nou af is dit ook vir die vroulike geslag oopgestel. In dieselfde artikel word die metode van opleiding as die kwekelingstelsel vasgelê.

Voorsiening word ook gemaak vir die oprigting van 'n inrigting vir hoër onderwys in Pretoria; daarna ook in Potchefstroom indien moontlik en vervolgens in ander stede en dorpe indien nodig. (Art.6(3).[4] Hierdie skole vir hoër onderwys sou gimnasia heet waar onder andere ook onderwysers opgelei sou word. Die gimnasia sou £500 per jaar van die regering ontvang (Art. 7). Skoolgelde sou ook teen 'n vaste tarief betaal word deur die leerlinge. (Art. 28-29).[5]

/Die.....

---

1) S.P. Engelbrecht, Thomas Francois Burgers, p.110.

2) De Locale Wetten der Z.A. Republiek, Deel I, 1849-1885, pp. 566-582.

3) Ibid., p. 569.

4) Ibid., p. 568.

5) Ibid., p. 570.

Die Gimnasium te Pretoria is op 5 Mei 1876 met vier leerlinge geopen. In Augustus is die eerste publieke eksamen gehou.[1)]

Hier het ons vir die eerste keer in die geskiedenis van Transvaalse onderwys ʼn wet wat breek met die tradisie van staatsonderwys beliggaam in vorige reglemente en wette. Dit word nou vervang deur ʼn stelsel van staatsondersteunde onderwys.[2)]

Deurdat die Gimnasium, waar onder andere ook onderwysers opgelei sou word, staatsubsidie sou ontvang, is die beginsel van staatsondersteunde onderwys ook in die geval van onderwysersopleiding met hierdie wetgewing neergelê.

4. <u>ENGELSE BESTUUR.(1877 - 1881)</u>.

Onder die Engelse Bestuur is die Gimnasium in 1877 gesluit[3)] en is die opleiding van onderwysers onder hierdie stelsel dus ongedaan gemaak. Lyle, die Engelse Superintendent van onderwys, beveel aan dat die opleiding van onderwysers volgens die kwekeling-stelsel sal wees en dat die "Prospect Seminary", ʼn meisieskool te Pretoria en die "Ladies Seminary" in Potchefstroom, sal oorgaan tot die opleiding van onderwysers.[4)]

Hierdie aanbeveling was bedoel om ʼn voorwaartse stap te wees in die rigting van onderwysersopleiding,

/maar.....

---

1) S.P. Engelbrecht, op. cit., p 142.

2) J. Chr. Coetzee, op. cit., pp. 40-41.

3) A.H. Lugtenburg, op. cit. p. 120

4) H.P. v. Coller, op. cit., p. 270.

maar daar het niks van gekom nie. Onder Engelse Bestuur is geen uitgawes aan onderwysersopleiding gemaak nie.

5. DIE SUPERINTENDENTSKAP VAN ds. S.J.du TOIT (1882-1888) EN VAN STIEMENS (1888-1891)

Nadat Transvaal in 1881 weer 'n onafhanklike Republiek geword het, is wette wat voor 1877 in swang was, weer herstel en daarmee ook Burgers se onderwyswet. Die pos van Superintendent van Onderwys in Transvaal is aan ds. S.J. du Toit aangebied, wat hy dan ook op 13 Maart 1882 aanvaar het.[1)]

(a) WET Nr. 1 van 1882 (OOK du TOIT-WET GENOEM).[2)]

Ds. du Toit se onderwysbeleid is beliggaam in bogenoemde wet. In art. 1(c)[3)] van die wet word bepaal dat daar 'n inrigting vir hoër onderwys opgerig moes word, veral vir die opleiding van onderwysers. Die bepalinge vir die hoër onderwys word verdeel in :-

i. Bepalinge vir 'n inrigting van hoër onderwys of normaalskool op die setelplek.

ii. Bepalinge vir 'n Kommissie van Eksaminatore.

Die onderwyspersoneel sou bestaan uit 'n permanente onderwyser (gegradueerd) teen 'n salaris van £500 per jaar; verder uit kursusonderwysers vir die verskillende afdelings van die opleidingskool, wat deeltyds besoldig sou word teen 5/- per uur (art. 5).

/(b)"DE.....

---

1) J. Chr. Coetzee, op. cit., p. 48.

2) De Locale Wetten der Z.A.R., Deel I, 1849-1885, p. 1069-1075.

3) Ibid., pp. 1070-1074.

(b) "DE OPLEIDINGSCHOOL".

ŉ Inrigting vir hoër onderwys bekend as "De Opleidingschool" is op 10 Januarie 1883 in Pretoria onder W. Louis begin.[1] Skoolgelde van 20/- per maand moes betaal word, maar dit is later verminder.[2]

Daar is egter nie gehaas om onderwysers op te lei nie, omdat daar op daardie tydstip nie ŉ te kort aan onderwysers was nie. In sy jaarverslag van 4 Mei 1882 verklaar die Superintendent dat "De Opleidingschool" voorlopig net die kern van die saak moet uitmaak en dat hy 25 applikante - o.a. bekwame onderwysers uit die Kaap Kolonie en die Oranje-Vrystaat - op sy waglys het.[3]

In die verslag van 1888 maak die Superintendent melding daarvan dat die "jongelui eene uitmuntende opleiding" as onderwyser kan ontvang aan hierdie inrigting maar hulle verlaat die skool te vroeg.[4]

In September 1889 het drie leerlinge van die Gimnasium met goeie gevolg die eksamen van "onderwyser eersteklas (aanvullingsexamen)" afgelê.[5] In 1891 lê een leerling die eksamen "als onderwyser eersteklasse" met lof af.[6]

/(c) STUDIEBEURSE.....

---

1) V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, p. 81.

2) Jaarverslag oor 1885, p.52.

3) H.P. van Coller, op. cit., p. 273.

4) Jaarverslag oor 1888, p. 33.

5) Jaarverslag oor 1889, p. 82.

6) Jaarverslag oor 1891, p. 56.

(c) STUDIEBEURSE.

In 1890 is ses studiebeurse van £60 elk aan die Gimnasium[1] beskikbaar gestel en teen 1891 was daar ses beurse van £48 elk en tien beurse van £60 elk beskikbaar vir meer gevorderde onderwys aan die Gimnasium en oorsee.[2] Uit die beskikbare gegewens kan egter nie vasgestel word hoeveel van hierdie beurse vir onderwysersopleiding beskikbaar was nie.

"De Opleidingschool" is opgerig om ook onderwysers op te lei. Dit sou die enigste staatskool wees.[3] Hier moet egter daarop gewys word dat dit nie heeltemal staatsonderwys was nie, want die leerlinge moes skoolgelde betaal.

6. DIE SUPERINTENDENTSKAP VAN dr. MANSVELT.(1891-1899).

Dr. Mansvelt het voortgebou op die algemene beginsels deur ds. du Toit in die praktyk gebring.[4] Sy beleid ten opsigte van onderwysersopleiding en die finansiering daarvan vind ons in Wet Nr. 8 van 1892, ook bekend as die Mansveltwet.

(a) WET NR. 8 VAN 1892.[5]

Afdeling D van die Mansveltwet bevat bepalinge oor onderwysers en kwekelinge.

Vir elke 30 leerlinge moes daar aan 'n skool

/'n bevoegde.....

---

1) Vanaf 1889 word van "De Opleidingschool" gepraat as die Gimnasium. (Onderwysverslag oor 1889, p. 81.)

2) M.G. Hoon, op. cit., p.123.

3) J.Chr. Coetzee, p.50.

4) J. Chr.Coetzee, op. cit., p. 38.

5) V.R.M., 2.6.1892, art. 362. (Sien ook Ploeger, onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R. onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt, 1881-1900, Bylae 11.)

ŉ bevoegde onderwyser aangestel word.[1] Sodra die aantal leerlinge 45 beloop, mag ŉ kwekeling aangestel word as hulp vir die onderwyser en as die inskrywing 60 bereik, kan twee kwekelinge of een hulponderwyser aangestel word.[2] Die hoof van ŉ skool sou ook ŉ honorarium van £20 van die regering ontvang vir elke kwekeling wat onder sy leiding die derdeklas onderwyserseksamen suksesvol aflê, en minstens twee jaar aan sy skool verbonde was.[3]

Die Mansveltwet het ook voorsiening gemaak vir die oprigting van ŉ inrigting vir die opleiding van onderwysers. Hierdie inrigting sal "Gimnasium" genoem word en sou ~~vier~~ departemente hê, nl. Klassieke, Wetenskappe, Opvoedkunde en Landbou.[4] Die toelatingsvereiste sou st.6 wees en aan die opvoedkundige departement sou slegs onderwysers wat alreeds in besit van die derdeklasonderwysersertifikaat was, toegelaat word.[5] Hier is te hoog gemik, want uit ŉ totaal van 538 onderwysers in 1891 was daar oor die 400 wat nie eers in besit van ŉ derdeklassertifikaat was nie.[6] Daar was ook geen inrigting wat vir hierdie sertifikaat opgelei het nie. Die gevolg was soos ons later sal sien dat aan hierdie inrigting geen onderwysers opgelei is nie.

/Die.....

1) Mansveltwet, art. 35.

2) Ibid., art. 36.

3) Ibid., art. 38.

4) Ibid., arts. 47-49.

5) Ibid., art. 52.

6) Jaarverslag oor 1891 in Staatskoerant van 12.4.1892, art. 20.

Die bestuur van die Gimnasium het berus by 'n kuratorium[1] waarop die ouers geen verteenwoordiging gehad het nie en die salarisse van die dosente sou deur die staat vasgestel word.[2] Die Mansveltwet het dus die beginsel gehandhaaf dat onderwysersopleiding 'n taak van die staat is. Ter ondersteuning en aanmoediging van die hoër onderwys vir meisies sal die regering 'n driemaandelikse toelaag van 45/- per leerling betaal.[3] Vir so'n meisieskool moes daar 'n skoolkommissie van 7 lede wees, wat die aanstellings onderworpe aan die goedkeuring van die superintendent, moes doen. Dié skool sou ook onderworpe wees aan inspeksie deur die superintendent of sy afgevaardigdes.[4] Meisieskole vir hoër onderwys sou onder die Mansveltwet nie staatskole wees nie, maar staatsondersteunde skole op C.N.O.-grondslag. Die ou "Voorbereidingskool" sou voortaan bekend staan as die "Modelschool" onder regstreekse beheer van die regering en onder toesig van die kuratore van die Gimnasium "en zal zoodra een opvoedkundig department in verband met het Gymnasium totstand gebracht is, daarmee 'n betrekking gesteld worden".[5] Dit wil dus voorkom of die Modelskool vir

/praktiese.....

---

1) Mansveltwet, art.48 (Die Superintendent van onderwys sou ex-officio voorsitter wees en die hoofregter en landdros van die setelplek ex-officio lede. Die Regering en die Volksraad sou elk twee lede benoem.)

2) Ibid., art. 58.

3) Ibid., art. 61.

4) Ibid., arts. 62 en 68.

5) Ibid., art. 71.

praktiese onderwys gebruik sou word sodra 'n normaalklas aan die Gimnasium ingestel is. Hierdie wet het op 1 Januarie 1893 in werking getree.[1]

(b) VOORSIENING VAN BEURSE EN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

Aan die begin van 1893 was uit 'n totaal van 839 onderwysers slegs 82 gekwalifiseer[2] en 'n groot aantal van die ongekwalifiseerde onderwysers kon nie aan die eise van die tyd voldoen nie, vervolgens pleit dr. Mansvelt vir die voorsiening van beurse en opleidingsfasiliteite vir onderwysers. Hy stel dan voor dat 20 beurse vir hierdie doel beskikbaar gestel word.[3] Verder stel hy voor dat die opleiding van kwekelinge in verband gebring sal word met die reeds bestaande "Modelschool", die "Staatsgimnasium" en "de Hoogere - en Modelschool voor meisjes." Hy meen dat dit maklik sal wees om 'n kursus vir onderwysers aan hierdie inrigtinge te verbind.[4]

In 1894 het die Volksraad dan ook 20 studiebeurse van £60 elk beskikbaar gestel.[5] Ook is 'n pos van £250 vir die hoof van 'n koshuis vir kwekeling-onderwysers goedgekeur.[6]

Nie minder as 33 aansoeke is vir die beurse ontvang nie. Elf beurse is aan seuns by die Staatsmodelskool

/en.....

1) Mansveltwet, art^s. 62 en 68.

2) Jaarverslag oor 1893 in Staatskoerant van 2.5.1894, bylae vi.

3) Ibid., art. 2.

4) Ibid., art. 7.

5) E.V.R.B., 6 Sept. 1894, art. 1606 a.

6) V.R.N., 13 Sept. 1894, art. 1697.

en 9 aan dogters by die Staatsmeisieskool toegeken vir opleiding as onderwysers(esse) vanaf die begin van 1895. Hierdie leerlinge sou in staatskoshuise inwoon.[1] In 1895 is weer 20 beurse beskikbaar gestel vir 1896, waarvoor 65 aansoeke ontvang is.[2] In hierdie verband is soveel vordering gemaak dat in 1898 50 beurse van £60 elk beskikbaar was vir onderwysersopleiding.[3]

(c) DIE OPRIGTING VAN INRIGTINGE VIR ONDERWYSERSOPLEIDING.

(i) DIE STAATSGIMNASIUM.

Hierdie inrigting waarvan die oprigting deur die Mansveltwet gemagtig is met die doel om amptenare en onderwysers op te lei, het die bestaande opleidingskool vervang en is op 15 Augustus 1893 geopen.[4]

Aan hierdie inrigting is voorsiening gemaak vir die opleiding van onderwysers aan 'n opvoedkundige departement; die toelatingsvereiste sou die derdeklasonderwysersertifikaat wees.

Tot 1895 is slegs een applikasie vir toelating tot hierdie departement ontvang,[5] gevolglik het die Gimnasium nie onderwysers opgelei nie. Die Superintendent ag dit meer gewens om die

/teoretiese.....

1) Jaarverslag oor 1894, p. 18.

2) A. H. Lugtenburg, op. cit., p. 230.

3) Staatsalmanak, 1899, p. 63.

4) V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek, p. 82. (Volgens H.P. van Coller (op. cit., p. 296) is hierdie skool op 15 Augustus 1895 geopen. Hy verwys in hierdie verband ook na dieselfde bron, waaruit duidelik blyk dat sy weergawe van hierdie feit nie korrek is nie.)

5) Jaarverslag oor 1895, p. 12.

teoretiese[1]) opleiding van onderwysers en onderwyseresse in een of meer lokale van die Modelskool te laat geskied. Die praktiese vorming kan dan geskied in die klasse van die Modelskool - en Staatsmeisieskool terwyl die aanstaande onderwysers en onderwyseresse sou tuis gaan in die "Tehuis voor Jongens"en die "kostinrichting voor meisjes".[2])

(ii) DIE STAATSMODELSKOOL.

Volgens artikel 71 van die Mansveltwet sou die Voorbereidingskool onder die naam van Modelskool bly voortbestaan, maar sou onder staatsbeheer en onder toesig van die kuratore van die Staatsgimnasium staan.

Op 1 Augustus 1893 het F.W.Wagner dienste aanvaar as hoof van hierdie skool[3]) en het die skool begin met 122 leerlinge.[4]) In 1894 is die dogters wat die Modelskool besoek het, oorgeplaas na 'n nuwe inrigting, naamlik die Staatsmeisieskool.[5])

In die begin van 1894 vind ons reeds 'n viertal normaalleerlinge aan die staatsmodelskool

/wat.....

---

1) Ibid., p.12. H.P. van Coller (op. cit., p.297) beweer dat dit "teologiese opleiding" is. Volgens sy bron naamlik die Staatskoerant van 29.4.1896, art. 15, is dit "theoretische opleiding". Hier is sy weergawe dus ook nie korrek nie.

2) Jaarverslag oor 1895, p. 12.

3) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, p. 98.

4) H.P. van Coller, op. cit., p. 298.

5) Ibid., p. 298.

wat in September 1895 die onderwysersderdeklas-eksamen geslaag het.[1] In 1895 is 11 beurse aan seuns aan hierdie skool toegeken vir opleiding as onderwysers.[2] In 1896 vind ons 8 kwekeling-onderwysers in die normaalklas van die skool,[3] terwyl ons in 1897 reeds twee normaalklasse met 9 kwekelingonderwysers in elke klas, aan dié skool, aantref.[4] Aan die begin van 1898 was daar 22 kwekelingonderwysers in die normaal-klasse, waarvan 7 in September van hierdie jaar die onderwysersderdeklaseksamen geslaag het.[5] In 1899 het twee kandidate die eksamen van die tweedeklassertifikaat geslaag[6] en een die derdeklas.[7]

Skoolgelde van 5/- tot 10/- per maand moes betaal word.[8] In 1895 is 20 beurse van £60 elk deur die staat vir onderwysersopleiding toegestaan, waarvan 11 aan seuns aan die Staatsmodelskool toegeken is.[9] Dit het algaande vermeerder sodat teen 1898 50 beurse van £60 elk vir hierdie doel beskikbaar was,[10]

/waarvan.....

---

1) V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, p. 124. H.P.van Coller, (op. cit.,p. 298) beweer dat selfs in 1895 nog nie onderwysers aan hierdie inrigting opgelei is nie. Dit is dus nie korrek nie.

2) Jaarverslag oor 1894,p.18.(Sien ook A.H.Lugtenburg, op. cit., p.229.)

3) Jaarsverslag oor 1896, p. 49.

4) Jaarverslag oor 1897, pp. 33 en 85.

5) Jaarverslag oor 1898, p.170. Gedurende die loop van die jaar is 'n derde normaalklas ingestel.

6) J.E. Kellerman, op. cit., p. 273.

7) V.V.O.O.Z.A.- Gedenkboek, p. 125.

8) Schoolgids, 1898, p. 96.

9) Jaarverslag oor 1894, p.18.

10) Staatsalmanak,1899,p.63 en Verslag van die Beurs-kommissie, Mei 1898 - Mei 1899, p.4.

waarvan 34 aan die staatsmodelskool toegewys was.[1]

(iii) DIE STAATSMEISIESKOOL.

Die Mansveltwet het ook voorsiening gemaak vir 'n Hoër Meisieskool. Dit sou nie 'n staatskool wees nie, maar sou elke drie maande 'n subsidie van 45/- per leerling ontvang.[2]

In 1893 is die skool onder mej. O.S.Roodhuyzen begin met 78 leerlinge. Die volgende jaar is dit omskep in 'n staatskool. Die skool moes ook voorsiening maak vir die opleiding van onderwyseresse.[3] Skoolgelde vir normaalklas A en B was £1.10.- en £3 per kwartaal respektiewelik.[4]

In die onderwysverslag oor 1894 skryf die Superintendent :

> "Deze jongelieden ontvangen nu geregeld onderricht respectievelÿk in de Staatsmodelschool en de Staatsmeisjeschool en worden daar voorbereid voor onderwyzers en onderwyzeressen."[5]

Vir 1895 is 9 beurse van £60 elk aan meisies toegeken vir opleiding as onderwyseresse.[6]

(d) DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VOLGENS DIE KWEKELINGSTELSEL.

Die Mansveltwet het die opleiding van onderwysers volgens die kwekelingstelsel ook gewettig.[7] 'n

/Hoof.....

1) Schoolgids, 1898, p.96.
2) Wet Nr. 8 van 1892, art$^{s}$ 61-68.
3) V.R.N., 6 September 1894, art. 1600.(Sien ook Staatskoerant van 2.5.1894, art. 7)
4) Schoolgids, 1898, p. 99.
5) P. 18.
6) Ibid.
7) Wet Nr. 8 van 1892, art$^{s}$, 35-38.

'n Hoof sou o.a. 'n honorarium van £20 ontvang vir elke onderwyser wat volgens die kwekelingstelsel in sy skool opgelei is. Hierdie stelsel het gou veld gewen sodat die skoolstelsel in die Republiek een groot normaalskool was en die gekwalifiseerde onderwysers die personeel daarvan.[1] Ons vind gevolglik 34 kwekelinge in 1894, 48 in 1897 en 86 in 1898 in die skole van die **Zuid-Afrikaanche** Republiek.[2]

Gedurende skoolure het die kwekeling onder toesig van die hoof as assistent opgetree; verder het hy een uur per dag onderrig in skoolvakke ontvang. Hierdie metode van onderwysersopleiding is deur Wet Nr. 14 van 1896[3] verder aangemoedig. Hierdie wet het bepaal dat aan die besture van skole met 20 tot 30 leerlinge wat tot bevrediging van die inspekteur in drie of meer standerds van die skool versprei is, 'n ekstra toelaag van £3 per maand kwartaalliks uit betaal sou word. Dit moes aangewend word as salaris vir 'n assistent of kwekeling op voorwaarde dat sodanige assistent of kwekeling deur die Superintendent goedgekeur is. Skole met 31 tot 38 leerlinge kon ook van hierdie subsidie gebruik maak, onderhewig aan dieselfde voorwaardes, maar met die verskil dat vir elke kind bo 'n inskrywing van 30, die ekstra subsidie van £3 per maand met £1 per kwartaal verminder word.[4]

/Hierdie.....

---

1) A.H. Lugtenburg, op. cit., p. 228.

2) Staatskoerante van 29.4.96, 25.5.98 en 13.9.99.

3) Art. 7.

4) Art. 8.

Hierdie ekstra toelaag mag ook slegs vir die besoldiging van die assistent of kwekeling gebruik word.[1]

Deur hierdie metode van opleiding is in 'n groot mate in die behoeftes van die land voorsien.

(e) STAATSTEHUISE.

In die verslag van die Superintendent van 1893 het hy aanbeveel dat die Volksraad beurse sal toestaan aan behoeftige leerlinge om opgelei te word as onderwysers(esse). Op grond hiervan het die Volksraad besluit om staatskoshuise op te rig, waarin plattelandse leerlinge kon tuisgaan om middelbare onderwys aan die staatskole te Pretoria te kon ontvang. Geboue is vir hierdie doel gehuur en die losiesgelde is vasgestel op £36 per jaar.[2] Dit was 'n groot tegemoetkoming vir die platteland, maar die finansiële sy daarvan was nie so rooskleurig nie.

(f) STAATSKOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING.

(i) KOSTE AAN INRIGTINGE VIR ONDERWYSERSOPLEIDING.

1.) DIE STAATSMODELSKOOL.

In tabel I word die gemiddelde uitgawe per leerling per jaar gegee. Hierdie koste is gebaseer op die uitgawe aan salarisse van personeel plus skoolbehoeftes verminder met die skoolgelde wat ontvang is as deeltal en die gemiddelde inskrywing as deler.[3]

/TABEL I.....

---

1) Art. 9.

2) Schoolgids, 1895, p. 8.

3) Jaarverslag oor 1895, pp. 35-36; Jaarverslag oor 1896, pp. 10-11; Jaarverslag oor 1897, pp. 10-11 en Jaarverslag oor 1898, pp. 11-13.

TABEL I. STAATSUITGAWES AAN DIE STAATSMODELSKOOL

| Jaar | Gemiddelde aantal leerlinge | Staatsuitgawe | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Totaal | Gemiddelde per leerling | |
| 1895 | 259 | £2584. 3. 5 | £9.19. 7 | 1) |
| 1896 | 284 | 3389.12.11 | 11.18. 5 | 2) |
| 1897 | 246 Gewone leerlinge<br>17 Eksamen leerlinge | 4319.14. 4 | 16. 8. 6 | 3) |
| 1898 | 264 Gewone leerlinge<br>19 Eksamen leerlinge | 4864.15.10 | 17. 3.10 | 4) |

Soos duidelik blyk uit tabel I was die gemiddelde uitgawe per leerling baie laag, maar dit het die laaste twee jaar nogal aansienlik gestyg. Hoon[5] gee as rede hiervoor aan dat daar toe normaalklasse aan die skool verbonde was. Feit is egter dat onderwysers reeds vanaf 1894 aan die Staatsmodelskool opgelei is.[6] Wat wel waar is, is dat daar vanaf 1897 twee normaalklasse aan die inrigting verbonde was in vergelyking met een die vorige jaar;[7] verder is in 1898 'n derde normaalklas ingestel.[8] Die gemiddelde salarisse van

/die.....

1) Jaarverslag oor 1895, p. 5.

2) Jaarverslag oor 1896, p. 11.

3) Jaarverslag oor 1897, p. 11.

4) Jaarverslag oor 1898, p. 13.

5) Op.cit., p. 209.

6) Jaarverslag oor 1894, p. 18.(Sien ook V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek, p. 124.)

7) Jaarverslag oor 1896, p. 49.(Sien ook Jaarverslag oor 1897, pp. 33 en 85)

8) Jaarverslag oor 1898, p. 170.

die personeel het toegeneem - blykbaar as gevolg van jaarlikse verhogings - van £312 in 1896 tot £341 in 1897; daarby het die totale uitgawes aan skoolbehoeftes vir dieselfde jaar afgeneem.[1] Die verhoging van eenheidskoste moet in hierdie geval dus eerder aan salarisverhogings toegeskryf word.

2.) DIE STAATSMEISIESKOOL.

In tabel II word die gemiddelde uitgawe per leerling per jaar aan die Staatsmeisieskool gegee. Om die eenheidskoste vas te stel, is die uitgawes aan salarisse van personeel en uitgawes aan skoolbehoeftes verminder met die skoolgeld wat ontvang is,[2] geneem as deeltal en die gemiddelde inskrywing as deler.

TABEL II. STAATSUITGAWES AAN DIE STAATSMEISIESKOOL.

| Jaar | Gemiddelde aantal leerlinge | Staatsuitgawe | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Totaal | Gemiddelde per leerling | |
| 1895 | 128 | £1608.16. 8 | £12.11. 4 | 3) |
| 1896 | 210 | 1662. 7.11 | 7.18. 4 | 4) |
| 1897 | 197 Gewone leerlinge<br>14 Eksamen leerlinge | 2023. 8.11 | 9.11.10 | 5) |
| 1898 | 196 Gewone leerlinge<br>35 Eksamen leerlinge | 2598. 7.10 | 11. 5. - | 6) |

/Soos.....

---

1) Staatsalmanak, 1896,p.92.(Sien ook Staatsalmanak, 1897,pp. 67 en 68.)

2) Jaarverslag oor 1895,pp. 35-36; Jaarverslag oor 1896, pp. 10-11; Jaarverslag oor 1897,pp.10-11 en Jaarverslag oor 1898, pp. 11-13.

3) Jaarverslag oor 1895, p. 5.

4) Jaarverslag oor 1896, p.11.

5) Jaarverslag oor 1897, p.11.

6) Jaarverslag oor 1898, p. 13.

Soos blyk uit tabel II het die eenheidskoste aan die Staatsmeisieskool heelwat gedaal vanaf 1895 tot 1896. Die rede hiervoor is dat die inskrywing vanaf 128 na 210 vermeerder het, terwyl die totale uitgawe nie noemenswaardig vermeerder het nie. Aangesien dit nie moontlik is om uit die beskikbare gegewens die koste van onderwysersopleiding apart van die koste van opleiding van ander leerlinge in beide die Staatsmodel - en Staatsmeisieskool te bepaal nie, word die eenheidskoste, soos uit die beskikbare gegewens verkry, met mekaar vergelyk. Die basis van berekening in albei gevalle is dieselfde en daarom is 'n vergelyking geregverdig.

Die gemiddelde uitgawe per kwekelingonderwyseres aan die Staatsmeisieskool is dus heelwat laer as dié aan die Staatsmodelskool vir die kwekelingonderwyser. Die rede hiervoor is dat die salarisse betaal aan die personeel van die Staatsmeisieskool baie laer was as dié betaal aan die personeel van die Staatsmodelskool.[1] Hieruit kan ons die gevolgtrekking maak dat die staatsbelegging in die opleiding van 'n onderwyser heelwat hoër was as dié van 'n onderwyseres; die gemiddelde aantal jare wat die onderwyseres diens lewer, is egter baie korter as dié van die onderwyser.

/TABEL III.....

1) Sien tabel III.

TABEL III. SALARISSE VAN PERSONEEL AAN DIE STAATS-GIMNASIUM, DIE STAATSMODEL - en die STAATSMEISIESKOOL.

| Staatsgimnasium[1] | | Staatsmodelskool[2] | | Staatsmeisieskool.[3] | |
|---|---|---|---|---|---|
| Rektor | £950 p.j. | Hoof | £700 p.j. | Hoof | £300 p.j. |
| Dosente | 800 " " | Assistente aan normaalklasse | | Assistente | 275 " " |
| Dosent in Handtekene | 500 " " | Eerste | 400 p.j. | | 250 " " |
| Vir Snelskrif | 100 " " | Tweede | 375 " " | | 225 " " |
| Vir Lyntekene | 10/6p.uur | Ander assistente | 400 " " | | 200 " " |
| Opsigter | 150 p.j. | | 375 " " | | 175 " " |
| | | | 350 " " | | 150 " " |
| | | | 325 " " | | 70 " " |
| | | | 300 " " | Sang-, gimnastiek en handtekene - onderwysers het almal 10/- per uur ontvang. | |
| | | | 200 " " | | |
| | | Opsigter | 150 " " | | |
| | | Teken Onderwyser | 500 " " | | |
| | | Gimnastiek onderwyser | 7/6 p.uur | | |
| | | Musiek | 10/6 " " | | |

(ii) STAATSKOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING VERGELYK MET :-

1) STAATSKOSTE AAN KINDOPLEIDING.

Om 'n beter vergelyking te tref met die koste van opleiding van leerlinge in die laerskool, sal dit nodig wees om die staatskoste aan staatstehuise ook by te bring. In die eerste plek sal dan gelet moet word op die te korte aan die verskillende staatstehuise soos weergegee in tabel IV. Die te korte sluit nie in die staatsuitgawe aan die verskaffing van geboue, beddegoed, meubels, kombuisgereedskap,

/slytasie.....

---

1) Staatsalmanak, 1899, p. 76.

2) Ibid., p. 76.

3) Ibid., p. 77.

slytasie, vervanging, ens. nie.[1)]

In 1898 vind ons dan in die geval van die opleiding van 'n onderwyseres die volgende staatsuitgawe :-

| | | |
|---|---|---|
| Aan die Staatsmeisieskool | : | £11. 5. -[2)] |
| Te kort aan die tehuis | : | 14.10. -[3)] |
| Staatsbeurs | : | 60. -. -[4)] |
| | | £85.15. - |

In die geval van die opleiding van 'n onderwyser vind ons die volgende staatsuitgawe :-

| | | |
|---|---|---|
| Aan die Staatsmodelskool | : | £17. 3.10[5)] |
| Te kort aan die tehuis | : | 14. 1. 6[6)] |
| Staatsbeurs | : | 60. -. -[7)] |
| | | £91. 5. 4 |

Die gemiddelde staatsuitgawe aan gesubsidieerde skole het maar £11.-.1 per leerling per jaar bedra

/en.....

---

1) Jaarverslag oor 1898, pp. 33 en 173. Hoon (op. cit., p.214) beweer dat die salarisse aan huisvaders van die seunstehuise, nie by die te korte ingesluit is nie. Dit is nie korrek nie. Die salarisse aan huisvaders van genoemde tehuise ten bedrae van £683.13.6 is wel by hierdie te korte ingesluit. Aan die tehuis vir meisies is nie sodanige salaris betaal nie. (Sien Jaarverslag oor 1898, pp. 33 en 173.)

2) Sien tabel II.

3) Sien tabel IV.

4) Staatsalmanak, 1899, p.63.

5) Sien tabel I.

6) Sien tabel IV.

7) Staatsalmanak, 1899, p. 63.

en dan was skoolhuur, gratis losiesgelde, rentevergoeding op kapitaal, reiskoste vir onderwysers uit die buiteland en subsidie vir skoolmeubels hierby ingesluit; subsidie vir hout en sink vir die oprigting van skoolgeboue was egter uitgesluit.[1] Word slegs die staatsuitgawe aan subsidie geneem, was die uitgawe maar £6.14. 1.[2]

TABEL IV. STAATSBYDRAE OM GELDELIKE TE KORTE VAN STAATSTEHUISE TE VEREFFEN.

| JAAR | SEUNS | | | MEISIES | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gemiddelde aantal leerlinge | Uitgawes (te korte) Totaal | Uitgawes (te korte) Per leerling | Gemiddelde aantal leerlinge | Uitgawes (te korte) Totaal | Uitgawes (te korte) Per leerling |
| 1895 | 59 | £666.17. 6 | £11. 6. 1 | 31 | £274.18. 7 | £8.17. 5[3] |
| 1896 | 120 | 1180.17. 8 | 9.16.10 | 55 | 476. 7. 6 | 8.13. 3[4] |
| 1897 | 1e Tehuis 75 | 716. -. 2 | 9.11. - | | | |
| | 2e Tehuis 54 | 1010.11.11 | 18.14. 4 | | | |
| | 3e Tehuis 30 | 201.15. 8 | 6.14. 6 | | | |
| | 159 | 1928. 7. 9 | 12. 2. 7 | 65 | 211.17. 3 | 3. 5. 2[5] |
| 1898 | 1e Tehuis 72 | 859. 5. 2 | 11.18. 8 | | | |
| | 2e Tehuis 48 | 1065.11. 3 | 22. 4. - | | | |
| | 3e Tehuis 38 | 415. -.11 | 10.18. 5 | | | |
| | 158 | 2339.17. 4 | 14. 1. 6 | 58 | 840.18. 6 | 14.10. -[6] |

/Die....

1) Jaarverslag oor 1898 p. 13.

2) Jaarverslag oor 1898, p. 7.

3) Jaarverslag oor 1895, p. 5.

4) Jaarverslag oor 1896, p. 11.

5) Jaarverslag oor 1897, p. 11.

6) Jaarverslag oor 1898, p. 13.

Die staatsuitgawe aan onderwysersopleiding was dus baie hoër as dié aan kindopleiding en wel in die verhouding van ongeveer 91:11 of 8·3:1.

2.) STAATSKOSTE AAN OPLEIDING VIR ANDER BEROEPE AAN DIE STAATSGIMNASIUM.

Die eenheidskoste vir opleiding van leerlinge aan die Staatsgimnasium in 1898 was :-

| | |
|---|---|
| Vir onderrig | £101. 1. 2[1] |
| Te kort aan die tehuis | 14. 1. 6[2] |
| Staatsbeurs | 60. -. -[3] |
| | 175. 3. 3. |

Hierdie uitgawes sluit ook nie die staatsuitgawes aan geboue, reperasies, meubels, ens. in nie, m.a.w. dit is opgestel op dieselfde basis as in die geval van die Staatsmodel - en Staatsmeisieskool, in watter geval die kostes £95. 5. 4 en £85.15. - respektiewelik beloop het. Dit was slegs die geval waar leerlinge beurse ontvang het; in die ander gevalle was die eenheidskoste slegs £115. 3. 3.

Die koste aan onderwysersopleiding was dus baie goedkoper as die opleiding vir ander studierigtinge.

3.) STAATSKOSTE AAN INGEVOERDE ONDERWYSERS.

Die staatskoste verbonde aan 'n ingevoerde ongetroude onderwyser, was £40 en aan 'n getroude onderwyser met een kind ongeveer £200.[4] Om 'n onderwyser aan die Staatsmodelskool op te lei, het £91.5.- per jaar[5]

/gekos;.....

1) Ibid., p. 13.

2) Sien tabel IV.

3) Beurskommissie, Mei 1898 - Mei 1899, p. 4. en Staatsalmanak, 1899, p. 63.

4) M.G. Hoon, op. cit., p. 216.(Voetnoot.)

5) Sien p. ~~22~~ 27.

gekos; om 'n onderwyser met 'n driejarige[1] opleidingskursus vir indiensneming te lewer, het dan £273.15.- gekos wat dus heelwat duurder was as om onderwysers in te voer. Die ingevoerde onderwyser was egter onbekend met plaaslike omstandighede, wat sekerlik nie opgeweeg het teen die laer koste nie.

(iii) 'n VERGELYKING MET DIE BUURSTATE.

1.) KAAPKOLONIE.

Kort na 1842 is 'n opleidingsinrigting vir onderwysers in hierdie provinsie begin, maar omdat die opleiding gratis was en daar geen verbintenis was nie, het geen onderwyser, wat daar opgelei is, hom in die onderwysprofessie begeef nie. Die inrigting is gesluit en daar is teruggeval op die kwekelingstelsel.[2] In 1878 is 'n normaalkollege deur die Nederduits Gereformeerde kerk opgerig, wat in 1916 oorgedra is aan die Zuid-Afrikaansche Kollege. In 1891 was die koste van opleiding aan hierdie inrigting £60 per jaar per student.[3]

In vergelyking met die staatskoste aan onderwysersopleiding aan die Staatsmodel - en Staatsmeisieskool in 1898 toe dit £91.5.- en £85.15.- respektiewelik was, is dit heelwat goedkoper.

In 1894 kom 'n opleidingskollege in Kaapstad onder beheer van die staat tot stand. Dit het begin met

/die.....

1) V.R.N., 1896, art. 316. Sien ook Jaarverslae oor 1894, p. 18 en 1897, pp. 33 en 91.

2) Transvaal Education Department : Education Bureau : A Dissertation on Teacher Education, p. 6.

3) Report Education Commission 1891, p. 36.

die "Central - class" - stelsel. Die kwekelinge kom elke dag bymekaar vir 'n klas van $1\frac{1}{2}$ uur.[1] In 1897 is nog twee opleidingsinrigtinge te Wellington en Grahamstad deur die staat opgerig.[2] Die aard van die opleiding en die metode waarvolgens die statistieke gegee is, is van so'n aard dat die opleidingskoste aan hierdie inrigtinge nie met dié van die Transvaal vergelyk kan word nie.

Die eintlike metode van onderwysersopleiding in die Kaapkolonie was die kwekelingstelsel, wat in 1874[3] deur wetgewing bekragtig is. Volgens die regulasies van 1893 sou die kursus drie jaar duur en die toelaes is vasgestel op £12 vir die eerste, £16 vir die tweede en £20 vir die derde jaar.[4]

2.) ORANJE-VRYSTAAT.

Die kwekelingstelsel is in 1874 onder die Brebner-bewind ingevoer. 'n Bonus van £5 is betaal aan 'n onderwyser vir elke kweleling deur hom opgelei. Die kwekelingonderwysers het 'n bonus van £15, £25 en £60 om ontvang by die suksesvolle voltooiing van die eerste-, tweede-, en derdejaarskursusse respektiewelik.[5] Die opleidingstaak is in 1898 oorgeneem deur die Staatsnormaalskool in Bloemfontein, wat in hierdie jaar met 8 studente begin het.[6]

/3.) NATAL......

---

1) J.E. Kellermann, op. cit., pp. 167-168.

2) Ibid., pp. 170-171.

3) Ibid., pp. 146 en 221 (Voetnoot.)

4) Ibid., p. 162.

5) Ibid., p. 241-243.

6) Transvaal and Orange River Colony. Report of the Director of Education. November 1900 - February 1904, p.80.

3.) NATAL.

Die kwekelingstelsel is in 1873 in Natal ingevoer en deur Wet Nr. 15 van 1877 bekragtig. Die periode van opleiding het vier jaar geduur en aan die einde van elke jaar moes 'n eksamen afgelê word. Toelaes was £18, £24, £30 en £36 vir die eerste, tweede, derde en vierde jare respektiewelik.[1]

4.) KOSTE AAN DIE KWEKELINGSTELSEL IN TRANSVAAL VERGELYK MET DIE VAN BUURSTATE.

In die negentiger jare vind ons die kwekelingstelsel van onderwysersopleiding op redelike groot skaal in Transvaal sowel as in sy buurstate naamlik die Kaapkolonie, Oranje-Vrystaat en Natal.

TABEL V. KOSTE AAN DIE KWEKELINGSTELSEL IN TRANSVAAL EN SY BUURSTATE IN DIE NEGENTIGER JARE VAN DIE VORIGE EEU.

| S T A A T | EERSTE JAAR | TWEEDE JAAR | DERDE JAAR | VIERDE JAAR | |
|---|---|---|---|---|---|
| Kaapkolonie | £12 | £16 | £20 | £- | 2) |
| Oranje-Vrystaat | 15 | 25 | 60 | - | 3) |
| Natal | 18 | 24 | 30 | 36 | 4) |
| Transvaal | £3 p.m. en 'n honorarium aan hoof van skool van £20 p.j. | | | | 5) |

Die kwekelinge het diens gelewer terwyl hulle opgelei is, waarvoor hulle sekere toelaes ontvang het indien hulle 'n voorgeskrewe eksamen aan die einde van /die

1) J.E.Kellermann, op. cit., pp. 221-222.

2) J.E.Kellermann, op. cit., p. 162.

3) Ibid., pp. 241-243.

4) Ibid., pp. 221-222.

5) Ibid., p. 269.

die jaar geslaag het. Soos blyk uit tabel V het die Transvaal ruimer subsidies of toelaes vir hierdie doel betaal as sy buurstate.

S A M E V A T T I N G.

Die eerste poging tot onderwysersopleiding in Transvaal vind ons in 1859 toe in 'n reglement neergelê is dat elke onderwyser verplig is om 'n ondermeester aan te stel. Hierdie opleiding het die staat niks gekos nie.

In die Burgerswet van 1874 vind ons die beginsel van staatsondersteunde onderwys in die geval van onderwysersopleiding, toe bepaal is dat 'n Gimnasium opgerig moes word, wat staatsubsidie van £500 per jaar sou ontvang en waaraan onder andere onderwysers opgelei sou word. Skoolgelde moes ook betaal word, waardeur die beginsel van ouerverantwoordelikheid neergelê is.

In die Du Toit-wet vind ons egter die beginsel dat onderwysersopleiding 'n taak van die staat is, hoewel skoolgelde betaal moes word, waardeur die beginsel van ouerverantwoordelikheid gehandhaaf is.

Ook die Mansvelt-wet het bepaal dat onderwysersopleiding aan 'n staatsinrigting sou geskied, maar weer eens is die beginsel van ouerverantwoordelikheid gehandhaaf, deurdat skoolgelde betaal moes word. Onder die Mansveltregime is onderwysers opgelei aan die Staatsmodel - en Staatsmeisieskool. Staatstehuise is opgerig en beurse is toegeken aan plattelandse leerlinge wat hulle vir die onderwysberoep wou voorberei. Die Staatstehuise was vanuit finansiële oogpunt nie so'n groot sukses nie.

/Die

Die koste van opleiding van onderwysers aan die Staatsmodelskool was heelwat hoër as die koste van opleiding van onderwyseresse aan die Staatsmeisieskool, maar dan was dit weer heelwat laer as die koste aan opleiding van leerlinge vir ander beroepe.

Onderwysers kon ook goedkoper ingevoer word van oorsee as wat dit gekos het om hulle self op te lei.

Dan was daar heelwat onderwysers in diens geneem wat van die buurstate van Transvaal afkomstig was en waarvoor die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek geen invoer - of opleidingskoste gehad het nie.

Verder was onderwysopleiding 'n baie duurder onderneming as kindopleiding en wel in die verhouding van 8.3 : 1.

Wat die kwekelingstelsel betref, het die Transvaal ruimer subsidies, ens., betaal as sy buurstate.

## HOOFSTUK 3.

## FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS ONDER KROON-KOLONIE - en SELFBESTUUR. (1902-1910)

### 1. KROON-KOLONIEBESTUUR. (1902-1906)

#### (a) INLEIDING.

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog is die skole gesluit en die Departement van Onderwys ontbind. Gedurende hierdie tyd was daar geen sprake van onderwysersopleiding nie.

Na die vredesluiting in 1902, was daar 'n groot tekort aan onderwysers. Sargeant die "Direkteur van Onderwys" het die oprigting van normaalskole voorgestaan om hierdie probleem te bekamp.[1] Teen die end van 1902 het Sargeant 'n nuwe ordonansie vir die onderwys gereed gehad, wat vroeg in 1903 deur die Wetgewende Raad van die Transvaalse Kolonie goedgekeur is as Ordonansie Nr.7 van 1903.[2] Hierdie wet maak voorsiening vir die oprigting van 'n Departement van Onderwys met 'n Direkteur van onderwys[3] en onder andere ook vir die oprigting van normaalskole.[4]

Op 13 Augustus 1902 is per goewermentskennisgewing Nr. 396 van 1902 regulasies gepubliseer waarin voorsiening gemaak is vir die oprigting van 'n normaalkollege, vir die opleiding van onderwysers vir die tweede - en derdeklassertifikate. Vir die derdeklas is vereis een jaar opleiding, goeie gedrag, goeie gesondheid, skooleindsertifikaat of matrikulasie van

die/.....

---

1) C.K.Oberhölzer, Die Pretoriase Normaalkollege, pp. 19-20.

2) Gepubliseer in die Staatskoerant van 27.2.03.

3) Art. 1(a)

4) Art. 1(b)

die Kaapse Universiteit of Laer Sertifikaat van die middelbare skool van Transvaal en 'n ouderdom van 17 jaar. Vir die tweedeklas is vereis een jaar opleiding, goeie gedrag en gesondheid, die Intermediêre Sertifikaat van die middelbare skool en 'n ouderdom van 22 jaar.[1)]

(b) <u>DIE OPRIGTING VAN NORMAALKOLLEGES</u>.

In opvolging van ordonansie Nr. 7 van 1903 en regulasies per goewermentskennisgewing 396 van 1902 het die owerheid besluit om normaleskole op te rig.

(i) <u>DIE PRETORIASE NORMAALKOLLEGE</u>.

In Sunnyside, Pretoria is agt erwe van 'n sekere Burke vir £1800 aangekoop vir die doel om 'n normaalkollege op te rig.[2)] H.S.Scott het die inrigting in September 1902 begin[3)] en is in November 1902 opgevolg deur J.E.Adamson.[4)]

(ii) <u>DIE JOHANNESBURGSE NORMAALKOLLEGE</u>.

Op 15 Oktober 1902 is 'n normaalkollege in Johannesburg onder dr. E. Mullin begin. In 1903 is ook 'n koshuis in Highfieldterrace begin.[5)] Nadat die hoof van hierdie inrigting in Februarie 1903 oorlede is, is die inrigting gesluit en die studente oorgeplaas na Pretoria.

Sedertdien het die Pretoriase inrigting bekend gestaan as die Transvaalse Normaalkollege tot 1909, toe die Heidelbergse begin is.[6)]

./(c) Sertifisering.....

---

1) J. Chr. Coetzee, op. cit., p. 79.

2) Transvaal and Orange River Colony. Report of the Director of Education. November 1900 - February 1904, p. 138.

3) Oberholzer: Die Pretoriase Normaalkollege, p.55.

4) H.P. van Coller, op. cit., p. 325.

5) P. Venter, Die Groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg, 1886-1920, p. 470.

6) Jaarverslag oor 1903, p. 53.

(c) SERTIFISERING VAN ONDERWYSERS IN DIE BEGINJARE NA 1902.

Wat die sertifisering van onderwysers aanbetref, sou daar 'n eerste, tweede - en derdeklassertifikaat wees. (01, 02 en 03 respektiewelik.) Vir die 03 kom in aanmerking studente van die normaalkollege, onderwysers met een jaar diens en 'n lisensie.[1] Vir 02 is vier jaar ondervinding vereis, registrasie aan die normaalkollege vir een jaar en die Intermediêre Sertifikaat of 'n B.A.-graad en 'n halfjaar aan die normaalkollege geregistreer. Vir die 01 kom hoofde van skole en onderwysers aan die middelbare skole met 6 jaar diens in aanmerking. Onderwysers in besit van 'n 02 kon 'n tesis inlewer en 'n eenjarige reis oorsee onderneem om die 01-sertifikaat te verkry.[2]

Die opleiding van onderwysers gedurende die eerste jare van die normaalkolleges, kon weens die swak toelatingsvereistes nie veel meer as middelbare onderwys gewees het nie. Veel aandag kon ook nie aan professionele opleiding gegee word nie, aangesien die duur van die kursusse so kort was. In 1903 het 71 studente die 03-sertifikaat ontvang. Van hulle het slegs 12 die matrikulasie-eksamen afgelê.[3]

(d) ONDERWYSERSKLASSE.

Sedert 1904 is 'n begin gemaak met sogenaamde onderwyserskIasse gedurende die Julievakansie aan die /Pretoriase.....

---

1) Hierdie lisensies is uitgereik ooreenkomstig art.3 van Wet Nr.7 van 1903. Vanaf 1 Januarie 1904 moes alle onderwysers aan goewermentskole in besit wees van 'n sertifikaat of lisensie. Lisensies sou deur die Direkteur van Onderwys uitgereik word nadat die onderwysers met die Departement van Onderwys 'n ooreenkoms gesluit het.

2) J.Chr. Coetzee, op. cit., pp. 79-80.

3) Transvaal and Orange River Colony. Report of the Director of Education. November 1900 -February 1904, p.139.

Pretoriase Normaalkollege en ook te Johannesburg, Heidelberg, Klerksdorp en Potchefstroom. Oor die algemeen het onderwysers hiervan gretig gebruik gemaak.[1)]

(e) <u>DIE REGULASIES VAN MAART 1906</u>.

In 1905 het die heer J.E. Adamson Direkteur van Onderwys geword en in Maart 1906 is "Regulations for Issuing Teachers Certificates" gepubliseer. Hiervolgens kon 'n 03-sertifikaat aan 'n onderwyser toegeken word as hy minstens 2 jaar ondervinding in 'n goewermentskool gehad het en die kwalifiserende eksamen geslaag het of 'n gelykstaande kwalifikasie besit het. Vir studente wat 'n jaar aan die normaalkollege studeer het, is die twee jaar na een jaar verminder. Aan 'n onderwyser wat vyf jaar ondervinding het en wie se kwalifikasies bevredigend was, kon ook 'n 03-sertifikaat toegeken word. So'n onderwyser kon dan klasgee in enige goewermentskool met graad laer as die derde.

Netso is nuwe vereistes vir die 02- en 01-sertifikate in werking gestel.

Hierdeur het die Direkteur 'n poging aangewend om die persentasie gesertifiseerde onderwysers te verhoog; en deur die indirekte verpligting tot opleiding in 'n normaalkollege wou hy die status van die onderwyser verhoog.[2)]

(f) <u>DIE KWEKELINGSTELSEL</u>.

Weens die tekort aan onderwysers was Adamson genoodsaak om 'n stelsel van gelisensieerde assistente in die lewe te roep; dit was eintlik niks meer as 'n

/bedekte.....

---

1) Jaarverslag oor 1904, pp. 17 en 21.

2) C.H.J.Schutte, op. cit., pp. 75-76.

bedekte kwekelingstelsel nie. Aan geskikte kandidate kon 'n lisensie uitgereik word om vir een jaar te gaan onderwys gee as voorbereiding vir die opleiding aan die normaalkollege.[1)]

(g) BEURSREGULASIES.

Volgens beursregulasies in 1905 gepubliseer word beurse toegeken aan studente toegelaat tot enige opleidingskursus sodat hulle vry onderrig, vry losies en inwoning (wasgoed ingesluit) sou ontvang. Die beurse sou ook vakansiereise teen konsessiepryse dek.

Beurshouers moes egter waarborg dat alle uitgawes aan hulle opleiding deur die staat bestee, terugbetaal sou word indien hulle nie ten minste twee jaar diens sou lewer nie.[2)]

(h) KOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING.

Gegewens ten opsigte van onderwysersopleiding was in die beginjare na die Engelse oorlog baie onvolledig, maar uit die beskikbare gegewens kan 'n eenheidskoste by benadering wel vasgestel of beraam word. Vir 1903 is slegs gegewens vir die laaste helfte van die jaar ten opsigte van salarisse van personeel beskikbaar en kan die koste vir die hele jaar hieruit afgelei word. Salarisse vir die laaste helfte van die jaar was £1875.16.-; vir 'n volle jaar sou dit dus £3751.12.- wees. Verder het die personeel van die normaalkollege ook nog aan die laer - en middelbare skole klasse gegee. As die tyd deur die onderwysers aan die verskillende inrigtings bestee, as basis geneem word, dan moet £619.10.- vir die halfjaar of £1239 vir die hele jaar aan die laer - en

/middelbare....

1) G.H.J. Schutte, op. cit., pp. 75-76.

2) Education Department. Transvaal Normal College: Regulations Regarding Courses of Training, conditions of admissions and Grant of Bursaries, p.3.

middelbare skole toegewys word en moet derhalwe van die koste aan onderwysersopleiding afgetrek word. Gevolglik vind ons dat £3751.12.- minus £1239, d.i. £2512, die salariskoste aan onderwysersopleiding was. Vir 71 studente, wat daardie jaar ingeskryf was, gee dit 'n eenheidskoste van £35.7.9. per student vir salarisse aan die personeel van die normaalkollege.[1)]

Wat die losiesbeurse aanbetref, word die gegewens vir hierdie jaar vir die normaalkolleges en hoërskole saam gegee en kan 'n gemiddelde nie uitgewerk of beraam word nie. Volgens die beursregulasies is £60 per student per jaar toegestaan waarvan £42 vir losies, £18 vir wasgoed, boeke en reisgeld met vakansie, bedoel was.[2)] Uit bostaande gegewens lei ons dus die volgende eenheidskoste af :-

| | | |
|---|---|---|
| Beurse vir losies, ens. | : | £60. -. - |
| Salaris aan personeel | : | 35. 7. 9 |
| Skoolmateriaal | : | 1. -. - [3)] |
| Totaal | : | £96. 7. 9 |

Hierdie bedrag sluit nie koste aan grond, geboue en tente in nie.[4)]

Vir die tydperk 1 Julie 1905 tot 30 Junie 1906 beweer die Direkteur van Onderwys in sy verslag dat die eenheidskoste aan onderwysersopleiding £6.16.1 is,[5)] wat 'n heeltemal misleidende syfer is. In dieselfde verslag

/gee.....

1) Jaarverslag oor 1903, p. 57.
2) Ibid., p. 57.
3) Ibid., p. 57.
4) Ibid., p. 57.
5) Jaarverslag oor tydperk Julie 1905 - Junie 1906, p. 148.

gee hy 'n beraming van die eenheidskoste gebaseer op die begroting vir 1906-1907 en wel as volg :-[1]

| | | |
|---|---|---|
| Losies, wasgoed en diens | : | £45. -. - |
| Onderrig | | 31. -. - |
| Ander uitgawes | | 4. -. - |
| | | £80. -. - |

Die rede vir die lae eenheidskoste van die Direkteur, vind ons daarin dat hy by die berekening van die eenheidskoste, die aantal onderwysers wat die onderwysersklasse gedurende die Julievakansie bygewoon het, by die inskrywing van die normaalkollege getel het om die deler by die eenheidskosteberekening, te bepaal.[2]

Hierdie kostes aan onderwysersopleiding vergelyk goed met dié van die Zuid-Afrikaansche Republiek toe die koste van onderwysersopleiding in 1898 aan die Staatsmodelskool £91.5.4. en aan die Staatsmeisieskool £85.15.- was.[3]

Die verhouding van onderwysersopleiding tot laerskoolkindopleiding vir hierdie jaar is 80:7[4] of 11·4:1.

## 2. SELFBESTUUR EN DIE FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS. (1906-1909.)

### (a) DIE SMUTSWET VAN 1907.

Op 6 Desember 1906 is aan Transvaal verantwoordelike bestuur toegeken met Lord Selbourne as goewerneur.[5] 'n Nuwe onderwyswet (Wet Nr. 25 van 1907), ook bekend as die Smutswet, is op 19 Augustus 1907 deur die parlement goedgekeur.[6]

/Hierdie.....

1) Ibid., p. 125.
2) Ibid., p. 148.
3) Sien p. 27.
4) Jaarverslag oor tydperk Julie 1905 tot Junie 1906, p. 148.
5) J. Chr. Coetzee, op. cit., pp. 84-85.
6) Ibid., p. 98.

Hierdie wet is vir die opleiding van onderwysers en die finansiering daarvan van groot belang. Dit handhaaf die beginsel van openbare onderwys en verwerp die beginsel van die reg van die ouers om die gees en rigting van die onderwys op skool te bepaal; dit geld ook veral in die geval van die opleiding van onderwysers.

Hierdie wet het skoolbesoek vir alle blanke kinders wat hulle sewende jaar bereik het, maar nog nie die veertiende voltooi het nie, verpligtend gemaak.[1] Nou moes die staat ook voorsiening maak vir voldoende onderwysers, waarmee die ouers tevrede sal wees. Gevolglik het die Smutswet ook voorsiening gemaak vir die oprigting van inrigtinge of klasse vir die opleiding van onderwysers of vir die verbetering van die kwalifikasies van onderwysers. Die onderrig en opleiding wat in sulke klasse of inrigtinge gegee sal word, sal wees soos voorgeskryf by wyse van regulasies of soos deur die Direkteur bepaal mag word.[2] Verder is ook voorsiening gemaak vir studiebeurse vir onderhoud. Die toekenning en intrekking van sodanige beurse sal geskied onderworpe aan die voorwaardes deur regulasies voorgeskryf.[3] Alle gelde benodig vir die oprigting van onderwysinrigtinge, salarisse van amptenare, studiebeurse, sal wees soos deur die Wetgewende mag toegestaan uit die algemene inkomste van die Kolonie.[4] Skoolgelde aan opleidingsinrigtings kan gehef word met dien verstande dat die minister kan bepaal

/dat.....

1) Art. 19.

2) Art. 26.

3) Art. 6(3).

4) Art. 85.

dat skoolgelde nie betaal hoef te word nie.[1] Al sulke gelde moet in die skatkis van die Kolonie betaal word.[2] Die beginsel dat dit die plig van die ouer is om 'n deel van die koste vir die opleiding van sy kind te betaal is gehandhaaf.

(b) WET NR. 3 VAN 1909.

Kragtens hierdie wet word die minister gemagtig om koshuise op te rig, instand te hou of te herstel.[3]

(c) DIE OPRIGTING VAN NOG TWEE NORMAALKOLLEGES.

As gevolg van die voortdurende tekort aan onderwysers is op inisiatief van die Minister van Onderwys 'n dag-opleidingsinrigting te Johannesburg en 'n kosopleidings-inrigting op Heidelberg geopen aan die begin van 1909.[4]

(d) HERSIENE BEPALINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VAN 6 APRIL 1909.

Na die stigting van die twee normaalkolleges is daar hiersiene "Bepalings vir die opleiding van onderwysers en die uitreiking van onderwyssertifikate" in brosjurevorm gepubliseer onder datum 6 April 1909.

Voorsiening is vir die volgende kursusse gemaak :

(i) 'n Algemene voorbereidende kursus vir die O3-sertifikaat.
(ii) 'n Algemene kursus vir die O3-sertifikaat.
(iii) 'n Kursus vir die O2-sertifikaat.
(iv) 'n Professionele kursus vir die O2-sertifikaat.
(v) Voorsiening vir die O1-sertifikaat.

Vir kursus (i) moes kandidate st.7 van die laerskool afgelê het en vir kursus (ii) die skooleindsertifikaat

/van.....

---

1) Art. 27.

2) Art. 86.

3) Art. 1.

4) J.Chr. Coetzee, op. cit., pp. 113-114

van die Transvaal afgelê het.

Aan kwekelinge is lisensies verskaf om by skole diens te doen terwyl hulle leer. Hierna moes die kwekeling na die normaalkollege gaan om sy opleiding te voltooi. 'n Persoon met vyf jaar ondervinding waarvan een jaar in diens van die onderwysdepartement was, kon 'n O3-sertifikaat ontvang. Dit geld egter net onderwysers wat voor 31.12.1908 in diens van die departement was. Indien 'n onderwyser 'n kwalifiserende eksamen afgelê het, kon aan hom 'n O3-sertifikaat uitgereik word, mits hy twee jaar ervaring opgedoen het. As hy 'n opleidingskool vir een jaar besoek het, is slegs ses maande ervaring vereis. Hierdie regulasie was ook op die O2-sertifikaat van toepassing. Vir die O1-sertifikaat is 5 jaar diens en 'n kwalifiserende eksamen as vereiste gestel.[1)]

(e) KOSTE VAN ONDERWYSERSOPLEIDING.

Die eenheidskoste aan onderwysersopleiding vir die drie jare vanaf 1 Julie 1906 tot 30 Junie 1909 varieer van £14.12.11 tot £16.19.3½ soos blyk uit Tabel VI.

TABEL VI. STAATSUITGAWES AAN SALARISSE IN TRANSVAAL VIR ONDERWYSERSOPLEIDING.( 1 JULIE 1906 tot 30 JUNIE 1909.)

| Jaar eindigende | Gemiddelde inskrywing | Uitgawe aan salarisse | Gemiddelde per student per jaar |
|---|---|---|---|
| 30 Junie 1907 | 326.4 | £4780. 8. 7 | £14.12.11.[2)] |
| 30 Junie 1908 | 271.3 | 4360.19. 6 | 16. 1. 5¾.[3)] |
| 30 Junie 1909 | 317.8 | 5393.18. 7 | 16.19. 3½.[4)] |

/Dit.....

1) H.P. van Coller, op. cit., pp. 341-342. Sien ook Jaarverslag oor 1910, pp. 217 en 222.

2) Jaarverslag oor tydperk 1 Julie 1906- 30 Junie 1907, p. 43.

3) Jaarverslag oor tydperk 1 Julie 1907- 30 Junie 1908, p. 49.

4) Jaarverslag oor tydperk 1 Julie 1908- 30 Junie 1909, p. 55.

Dit is gegewens soos verstrek deur die Direkteur in sy jaarverslae en is weer eens heeltemal misleidend. Onder gemiddelde inskrywing vir die jaar 1906-1907, vind ons in bogenoemde tabel 326•4, terwyl ons die volgende insrywing aan die Pretoriase Normaalkollege vir daardie jaar vind :-[1)]

| | | |
|---|---|---|
| Begin derde kwartaal 1906 | : | 66 |
| Begin eerste kwartaal 1907 | : | 76 |
| Op 30 Junie 1907 | : | 72 |

'n Meer korrekte gemiddelde inskrywing sou waarskynlik die volgende wees :-

$$\frac{\frac{76 + 72}{2} + 66}{2}$$

d.i. 70.

Om 'n inskrywing van 326•4 te kry, het die Direkteur die aantal onderwysers wat die vakansiekursus (onderwysers-klasse) gedurende die Julievakansie bygewoon het, bygereken, wat foutief is.

Netso vind ons in Tabel VI vir die jaar 1907-1908 'n gemiddelde inskrywing van 271•3 terwyl die volgende die werklike inskrywing aan die Pretoriase Normaalkollege was :-[2)]

| | | |
|---|---|---|
| Begin derde kwartaal 1907 | : | 74 |
| Begin eerste kwartaal 1908 | : | 94 |
| Op 30 Junie 1908 | : | 92 |

Ook in hierdie geval sou 'n meer korrekte gemiddelde inskrywing die volgende wees :-

$$\frac{\frac{94 + 92}{2} + 74}{2}$$

d.i. 84 (tot die naaste heel getal.).

/Weer.....

1) Jaarverslag oor die tydperk 1 Julie 1906- 30 Junie 1907, p. 105.

2) Jaarverslag oor die tydperk 1 Julie 1907- 30 Junie 1908, p. 125.

Weer eens is onder andere die aantal onderwysers wat die vakansiekursus in Julie bygewoon het, by die Direkteur se gemiddelde inskrywing ingesluit. In hierdie geval was dit 75 onderwysers. Verder is vanaf die begin van 1908 met 'n stelsel van uitbreidingsonderwys by wyse van weeklikse aantekeninge ingevoer tot voordeel van onderwysers in diens van die onderwysdepartement. Hieraan het 150 onderwysers deelgeneem.[1] Uit hierdie getalle is blykbaar 'n gemiddelde inskrywing van 271·3 saamgestel.

Ewe-eens vind ons in die genoemde tabel vir die jaar 1908-1909 'n gemiddelde inskrywing van 317·8. In werklikheid vind ons dat die getal studente, wat vanaf die begin van 1909 af aan die drie normaalkolleges opgelei is, 267 was.[2] Aan die begin van die derde kwartaal 1908 was die inskrywing aan die Pretoriase Normaalkollege 92. 'n Meer korrekte gemiddelde inskrywing sou dan waarskynlik die volgende wees :-

$$\frac{92 + 267}{2}$$

d.i. 179 (tot die naaste heel getal.)

As 'n gemiddelde inskrywing van 70, 84 en 179 vir die jare eindigende 30 Junie 1907, 30 Junie 1908 en 30 Junie 1909 respektiewelik geneem word in Tabel VI, vind ons ooreenstemmende eenheidskostes van £68.15.-, £51.18. 4 en £30. 2. 8 vir die betrokke jare ten opsigte van salarisse.

/In.....

1) Ibid., p. 126.

2) Jaarverslag oor die tydperk 1 Julie 1908-30 Junie 1909, p. 22.

In tabel VII vind ons die eenheidskoste aan beurse vir die jare eindigende 30 Junie 1907 en 30 Junie 1909.

TABEL VII. STAATSUITGAWES AAN BEURSE IN TRANSVAAL VIR ONDERWYSERSOPLEIDING 30 JUNIE 1906 tot 30 JUNIE 1909.

| Jaar eindigende | Gemiddelde inskrywing | Totale uitgawe | Gemiddelde koste per student per jaar |
|---|---|---|---|
| 30 Junie 1907 | 70[1)] | £3199.14. 5[3)] | £45.14. 2 |
| 30 Junie 1909 | 179[2)] | 7852.18. 4[4)] | 43.17. 5 |

Vir die jare 1906/1907 en 1908/1909 vind ons dus 'n eenheidskoste in staatsuitgawe aan onderwysersopleiding van £68.5.10 vir salarisse en £45.14.2 vir losies met 'n totaal van £114 en £30.2.8 vir salarisse en £43.17.5 vir losies met 'n totaal van £74.-.1 respektiewelik.

Die uitgawes oor hierdie jare toon dus 'n dalende neiging wat toe te skryf was aan die groterwordende inskrywing aan die Pretoriase Normaalkollege en in 1909 aan dié van die drie normaalkolleges te Pretoria, Johannesburg en Heidelberg.

Die verhouding van onderwysersopleiding tot kind-opleiding vir 1906/1907 was 114 : 7½[5)] of 15·2 : 1. en vir 1908/1909 was dit 74 : 7½[6)] of 9·9 : 1.

/Samevatting.....

---

1) en 2) Sien p. 42.

3) Ouditverslag oor die jaar 1906-1907, p. 129. Sien ook die Jaarverslag oor die tydperk 1 Julie 1906 - 30 Junie 1907, p. 235.

4) Jaarverslag oor die tydperk 1 Julie 1908 tot 30 Junie 1909, p. 278.

5) Jaarverslag oor die tydperk 1 Julie 1906 tot 30 Junie 1907, p. 43.

6) Jaarverslag oor die tydperk 1 Julie 1908 tot 30 Junie 1909, p. 58.

SAMEVATTING.

Met die oprigting, instandhouding en beheer van die normaalkolleges in hierdie jare is die beginsel van openbare onderwys gehandhaaf en die beginsel van die reg van die ouer om die gees en rigting van die opvoeding, onderwys en opleiding aan die normaalkollege te bepaal, geignoreer.

Weens ʼn gebrek aan gegewens in die beginjare na die oorlog, is dit onmoontlik om ʼn betroubare eenheidskoste aan onderwysersopleiding te bepaal. Sodanige kostes is by benadering vir verskeie jare bepaal. Daaruit blyk dat dit van ongeveer £96 in 1903 gestyg het tot ongeveer £114 in 1906/1907, maar weer gedaal het tot ongeveer £74 in 1908/1909. Uit die beskikbare gegewens oor die jare 1903 tot 1906/1907 kan die rede vir die styging nie vasgestel word nie. Die rede vir die daling vanaf 1906/1907 tot 1908/1909 kan toegeskryf word aan die verhoogde inskrywing. Hierdie eenheidskoste vergelyk ook goed met dié van die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1898.

Die verhouding van onderwysersopleiding tot laerskoolkindopleiding varieer van 11.4 : 1 in 1905/1906 tot 15.2 : 1 in 1906/1907 en tot 9.9 : 1 in 1908/1909 in vergelyking met 8.3 : 1 in 1898 onder die Zuid-Afrikaansche Republiek.

# HOOFSTUK 4.

## FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS IN DIE PROVINSIE TRANSVAAL. (1910-1923.)

### (a) INLEIDING.

Met unifikasie in 1910 is die Koloniale Sekretaris as hoof van die onderwys vervang deur 'n administrateur.[1] Verder is volgens bepalinge van die Suid-Afrika-Wet[2] die beheer oor die onderwys, behalwe hoër onderwys, aan die vier Provinsiale Administrasies oorgedra.[3] Die term "hoër onderwys" is eers later deur Kommissies, van owerheidsweë daartoe benoem, nader bepaal. Wetgewend is dit nie geïnterpreteer voor 1922 nie, toe dit in die Finansiële Verhoudingswet van daardie jaar omskryf is.[4]

Wat die opleiding van onderwysers betref, is deur die vier Provinsiale Superintendente of Direkteure onderling ooreengekom dat die opleiding van onderwysers vir die O3- en O2-sertifikate aan die provinsies toevertrou sou word, terwyl die opleiding vir die O1-sertifikaat by die Unie sou berus.[5]

### (b) DIE ONDERWYSWET VAN 1907 EN DIE REGULASIES VAN 1911, 1912 en 1914.

Unifikasie en die Suid-Afrika-Wet het aan die heersende onderwyswet geen verandering gebring nie en ook nie aan die inwendige organisasie en administrasie

/van.....

1) J.Chr. Coetzee, op. cit., pp. 122-123.

2) Offisiele Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1926-1927, p. 166.

3) Hersiene Wette van die Unie van Suid-Afrika. Deel I, art. 85 (111), p. 31.

4) J.R. Lynch, The Financing of State Education in the Union of South-Africa, p. 8.

5) J. Chr. Coetzee, op cit., p. 123. (Sien ook H.P. van Coller, op. cit., p. 346.)

van die onderwys nie.[1] Die beginsel van staatsonderwys - en opleiding is dus nog steeds gehandhaaf en die beginsel van die reg van die ouer om die gees en rigting van die onderwys - en opleiding van die onderwyser te bepaal, is nogeens agterweë gelaat.

'n Kenmerk van hierdie tyd was maar nog 'n tekort aan onderwysers.[2]

In 1911 het die Transvaalse Provinsiale Administrasie nuwe regulasies, gebaseer op die Onderwyswet van 1907 en die regulasies van 1909 insake onderwysersopleiding, in werking gestel. Die Kaapse Matrikulasiesertifikaat sou nou vir vrystelling van Deel I van die Derdeklaseksamen erken word, maar alle studente moes nog in aardrykskunde, geskiedenis en natuurkennis eksamen aflê. Vir die O2-eksamen moes kandidate, wat die Intermediêre B.A. van die Kaapse Universiteit besit en 20 jaar oud was, slegs Deel II van die eksamen aflê.[3]

Vanaf 1912 is die toelatingsvereistes opgeskuif en moes studente vir 'n periode van 6 maande as hulp-onderwysers optree. Dit was slegs 'n tydelike maatreel. Die opleidingsduur vir die O3-sertifikaat is na twee jaar verleng. Vir die O2-sertifikaat moes die O3-eksamen afgelê word, dan 18 maande skoolhou en daarna nog ses maande studie onderneem.[4]

In 1913 is weer regulasies oor onderwysersopleiding uitgegee. Hiervolgens sou die Pretoriase Normaalkollege /voortaan....

---

1) J. Chr. Coetzee, op. cit., p. 124.
2) Ibid., p. 129.
3) C.H.J. Schutte, op. cit., p. 81.
4) J.E. Kellerman, op. cit., p. 283.
Sien ook jaarverslag oor 1911, pp. 17-18.

voortaan onderwysers oplei vir die O2-en O3-sertifikate, terwyl die Normaalkolleges te Johannesburg en Heidelberg slegs onderwysers vir die O3-sertifikate sou oplei.[1]

(c) DIE INSTELLING VAN VOORBEREIDENDE KLASSE.

In 1914 het die Johannesburgse Normaalkollege voorbereidende klasse ingestel met die doel om 'n gestadige toevloei van studente na die kollege te verseker. Dit was feitlik 'n middelbare skoolkursus wat as toelating tot die O3 gedien het. In 1915 is ook voorbereidende klasse te Heidelberg aan die Hoër-Volkskool ingestel, waar leerlinge vir die toelatingseksamen van die normaalkollege voorberei kon word.[2]

(d) DIE VOORSIENING VAN MEER OPLEIDINGSINRIGTINGS.

Die afskaffing van skoolgelde vir middelbare skole in 1914 het die toestroming van leerlinge na die middelbare skole ten gevolge gehad; dit het weer 'n groter behoefte aan onderwysers en gevolglik aan meer opleidingsfasiliteite meegebring.[3]

Die drie Hollandse kerke het in April 1918 'n kongres gehou en besluit om by die regering aan te dring op die oprigting van een of meer Christelike-Nasionale normaalskole.[4] Die voortdurende tekort aan onderwysers het die behoefte aan meer opleidingsinrigtings aktueel gemaak.[5]

/Die.....

1) H.P. v. Coller, op. cit., p. 349.
(Sien ook Jaarverslag oor 1913.)

2) J.E. Kellerman, op. cit., p. 283.

3) J. Chr. Coetzee, op. cit., p. 133.

4) H.P. v. Coller, op. cit., p. 352.

5) J.Chr. Coetzee, op. cit., p. 135.

Die persentasie gesertifiseerde onderwysers het gedaal van 77·0 tot 73·5 in 1918 omdat die tekort aan onderwysers, die indiensneming van ongesertifiseerdes genoodsaak het.[1)]

Twee sentra is gevolglik te Potchefstroom en Ermelo begin vir preliminêre opleiding. Hier is voorsiening gemaak vir kandidate wat nog nie matriek gemaak het nie en het 'n tweejarige kursus behels. Vir die helfte van die jaar moes hulle praktiese werk doen in uitgesoekte skole en die res van die jaar in die inrigting studeer. Na twee jaar suksesvolle opleiding kon hulle met die O3-kursus begin. Wanneer die kandidate gereed is om die O3-kursus te begin, sal hierdie inrigtinge vir daardie studente normaalkolleges word. 'n Klein salaris van £5 per maand sal aan die kandidate betaal word as hulle by die ouerhuis inwoon en £7.10.- as hulle loseer terwyl hulle na die skole gaan vir praktiese werk. 'n Beurs van £20 per jaar sal toegestaan word aan die opleidingsentrum vir losies.[2)]

(e) DIE REGULASIES VAN 1918.

In 1918 het die Onderwysdepartement nuwe regulasies betreffende die opleiding van onderwysers uitgegee. As toelatingsvereiste tot die O3-kursus, is gestel die Matrikulasie-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika of 'n eksamen wat deur die Direkteur van onderwys as gelykstaande daarmee erken is.[3)] Die duur van hierdie kursus

/sou.....

1) Jaarverslag oor 1918, pp. 32-33.

2) Jaarverslag oor 1918, pp. 39-41.

3) Regulasies betreffende die opleiding van onderwysers, 1918, p. 3.

sou twee jaar wees, terwyl die duur van die 02-kursus van verskeie faktore afgehang het.[1]

(f) SAMEWERKING TUSSEN DIE OPLEIDINGSINRIGTINGE EN DIE UNIVERSITÊRE INRIGTINGE.

Vanaf die begin van 1920 is 'n nuwe skema vir die opleiding van onderwysers in werking gestel. Gedurende die eerste jaar neem die studente drie of vier universiteitsvakke en gelyktydig praktiese vakke aan die normaalkollege; ook demonstrasielesse word bygewoon en skoolbesoek afgelê. Gedurende die tweede jaar moes 03-studente voltydse studie aan die normaalkollege onderneem; 02-studente moes addisionele kursusse aan die universiteite neem en hulle professionele studies aan die normaalkollege voortsit. Die derdejaar word uitsluitlik aan professionele werk aan die normaalkollege bestee waarna hulle kon gaan skoolhou. Indien hulle 'n graad wil behaal, word die vierde jaar uitsluitlik aan die universiteit studeer in akademiese vakke om hulle graad te behaal.[2]

In 1921 het die sentra te Potchefstroom en Ermelo volledige normaalkolleges geword.[3]

(g) FINANSIËLE VERHOUDINGE TUSSEN DIE UNIE EN DIE PROVINSIES. (1910-1922.)

Die Suid-Afrika-Wet het neergelê dat 'n kommissie van ondersoek so gou moontlik na Uniewording benoem moes word om in te gaan op die kwessie van finansiële verhoudinge tussen die unie en die provinsies. Intussen sou

/die......

1) Ibid., p. 4.

2) Jaarverslag oor 1920, pp. 50-52.

3) Jaarverslag oor 1921, pp. 88 en 94.

die regering op grond van eie oordeel bedrae vir provinsiale uitgawes voorsien.[1]

'n Kommissie onder voorsitterskap van Sir George Murray is vir hierdie doel benoem. Op aanbeveling van hierdie kommissie is die Finansiële Verhoudingswet (Wet Nr.10 van 1913) aangeneem en in werking gestel op 1 April 1913.

Volgens hierdie wet sou die Provinsie Transvaal sy inkomste uit die volgende bronne verkry :-

(a) Handels - en professionele lisensies, onderwysgelde, hospitaalgelde ens. met die reg om wetgewing oor hierdie sake in die lewe te roep.

(b) Inkomste uit :

(i) hereregte,
(ii) dranklisensies,
(iii) naturelle pasgelde,

maar sonder die reg tot wetgewing daaroor.

(c) 'n Subsidie van die Unieregering gelykstaande aan die helfte van die gewone jaarlikse uitgawe van die provinsie met dien verstande dat 'n bepaalde jaar se uitgawes die vorige jaar se uitgawes nie met meer as 7½ persent sal oorskry nie; op uitgawes bo die 7½ persent oorskryding, sou slegs een derde in plek van 'n helfte subsidie betaal word.[2]

Wet Nr. 9 van 1917 het die basis van subsidie weer gewysig; die verhoging van uitgawes aan onderwys kon die vorige jaar se uitgawes met 15 persent oorskry om nog in aanmerking te kom vir die 50 persent subsidie; vir ander

/uitgawes.....

---

1) J. R. Lynch, op. cit., pp. 8-9.

2) J. R. Lynch, op. cit., pp. 9-11.

uitgawes is slegs 'n speling van 5 persent toegelaat. Op uitgawes bo hierdie grense is slegs 33⅓ persent subsidie betaal. Die provinsie het verder nog die reg ontvang om 'n vermaaklikheidsbelasting te hef.[1)]

Wet Nr. 5 van 1921 het die subsidie van 1921-1922 vasgepen op die bedrae van die vorige jaar plus 'n inkrement van 5 persent (nie te bowegaande) ten opsigte van daardie gedeelte van die subsidie betaal vir onderwysdoeleindes.[2)]

Wet Nr. 5 van 1922 het vir die finansiële jaar 1921-1923 bepaal dat die provinsie aan subsidie slegs 90 persent van die bedrag van die vorige jaar se subsidie sou ontvang.[3)]

Hierdie basis van subsidie deur die unie aan die provinsies, herinner aan die metode van subsidies of toelaes deur die "Board of Education" aan die "Local Education Authorities" betaal in Engeland na 1902.[4)] Die Murray-kommissie was blykbaar deur die praktyk in Engeland gelei met die opstel van hulle verslag.

(h) WETGEWING EN REGULASIES INSAKE LESGELDE en BEURSE.

Die Smutswet van 1907 het bepaal dat leergelde vir onderwysersopleiding gehef kan word.[5)] Regulasies is vir die Pretoriase Normaalkollege gemaak, waarvolgens kandidate beurse kon ontvang wat hulle instaat sou stel om vry onderrig, losies en inwoning (wasgoed ingesluit) te erlang.[6)]

In 1911 het verdere regulasies voorsiening gemaak vir

/vry.....

---

1) Ibid.

2) Ibid.

3) Ibid.

4) Lance G.E. Jones, The Training of Teachers in England and Wales, pp. 230-263.

5) Sien p. 42.

6) T.O.D.- Onderwysburo, 'n Vergelykende oorsig van Staatstelsels van onderwysersopleiding, p. 23.

vry skoolonderrig en losies aan leerlinge wat onderneem om later 'n opleidingskool te gaan bywoon.[1]

In 1913 het die regulasies die volgende bepaal :-

(i) Toegelate kandidate sou beurse ontvang wat aan hulle vry onderrig sou verskaf en indien die Direkteur dit wenslik ag, kon ook vry losies en inwoning aan hulle verskaf word;

(ii) Die dagstudente aan die Johannesburgse inrigting sou maandelikse beurse ontvang om daaglikse onderhoudskoste te bestry.

(iii) Studente moes 'n verbintenisvorm teken.[2]

In 1914 is per ordonansie Nr. 7 weggedoen met onderrigsgelde aan opleidingsinrigtinge. Hierdie reëling het vanaf die helfte van die jaar in werking getree.[3] In 1916 is nuwe beursregulasies opgestel waarin voorsiening gemaak is vir die toekenning van beurse aan studente wat opleiding ontvang.[4]

Vanaf 1922 moes studente self die universiteitsgelde betaal.[5] Slegs 'n beperkte aantal beurse kon jaarliks toegeken word; 'n losiesbeurs sou die totale of gedeeltelike koste aan losies en inwoning dek; verder sou 'n jaarlikse boekebeurs van £4 toegeken word. Vanaf hierdie jaar moes die helfte van die beurse terugbetaal word as die onderwyser in die diens van die departement tree. 'n Waarborg moes verskaf word vir die terugbetaling van alle beursgelde by ontstentenis van dienslewering.[6]

/(i) Koste.....

1) Ibid.

2) Ibid., p. 24.

3) Jaarverslag oor 1914, p. 41.

4) T.O.D.-onderwysburo, op. cit., p. 24.

5) Jaarverslag oor 1921, p. 95.

6) T.O.D.-onderwysburo, op. cit. p. 24.
Sien ook Jaarverslag oor 1921, pp. 50 en 95 en Jaarverslag oor 1922, p. 51.

(i) KOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING.

(i) EENHEIDSKOSTE EN DIE NEIGING VAN DIE UITGAWES.

Om vergelykbare eenheidskostes vir opeenvolgende jare te verkry, sal dit nodig wees om heelwat verstellings aan te bring aan die statistieke van die Direkteur van Onderwys. Vir die jare 1914 en 1920 tot 1923 het hy die gemiddelde inskrywing aan die normaalkolleges geneem as deler vir eenheidskosteberekening. Vir die jare 1910 tot 1913 het hy die aantal onderwysers, wat die onderwysers-klasse gedurende die vakansies bygewoon het, ingesluit by die berekening van die gemiddelde inskrywing van die normaalkolleges in sy eenheidskostetabelle. As gevolg hiervan is 'n baie lae eenheidskoste verkry, wat 'n wan-indruk geskep het en 'n invloed gehad het op die foutiewe gevolgtrekkings van die Baxterkommissie van 1923 soos ons later sal sien.[1] Direkteur H.S. Scott het in 1924 dan ook toegegee dat die eenheidskostetabelle, soos hulle in die jaarverslae verskyn het, nie eintlik waarde het nie.[2]

Wat wel vir hierdie jare gegee word, is die inskrywings aan die normaalkolleges aan die einde van die betrokke jare. Vir 1914 word die gemiddelde inskrywing naamlik 166[3] en ook die inskrywing, naamlik 154,[4] aan die einde van die jaar gegee. Met behulp van hierdie gegewens sal gepoog word om 'n waarskynlike gemiddelde inskrywing uit die beskikbare gegewens te bepaal. Vir 1913 was die inskrywing aan die einde van die jaar 177. As ons veronderstel dat die inskrywing en die gemiddelde inskrywing in 1913 in dieselfde verhouding gestaan het as in 1914,

/dan.....

1) Sien p. 61.
2) Jaarverslag oor 1924, p. 28.
3) Jaarverslag oor 1914 (Engelse uitgawe), p. 62
4) Ibid., p. 34.

dan sal die gemiddelde inskrywing in 1913 $\frac{177}{154} \times 12 + 177$, d.i. 191 wees. Netso sou ons vir 1912 'n waarskynlike gemiddelde inskrywing van $\frac{176}{154} \times 12 + 176$[1] d.i. 190 kon bepaal en vir 1911 'n gemiddelde inskrywing van $\frac{209}{154} \times 12 + 209$[2] d.i. 225 en vir 1910 een van $\frac{223}{154} \times 12 + 223$[3] d.i. 240.

TABEL VIII. STAATSUITGAWES AAN NORMAALKOLLEGES IN TRANSVAAL VIR ONDERWYSERSOPLEIDING.(1910-1923.) [4]

| JAAR | Gemiddelde inskrywing | Netto uitgawe | Koste per student per jaar |
|---|---|---|---|
| 1910 | 240 | £21,434 | £89 |
| 1911 | 225 | 18,949 | 84 |
| 1912 | 190 | 18,729 | 99 |
| 1913 | 191 | 19,489 | 102 |
| 1914 | 166 | 19,214 | 116 |
| 1920 | 255 | 41,162 | 161 |
| 1921 | 284 | 54,101 | 190 |
| 1922 | 495 | 47,608 | 96 |
| 1923 | 586 | 42,488 | 73 |

Wat die uitgawes ~~aan~~betref sal ons ook heelwat verstellings moet maak. Waar die Direkteur in die jaarverslae slegs uitgawes aan salarisse gebruik vir eenheidskosteberekening, sal met hierdie studie ook uitgawes aan reis - en verblyfkoste, boeke en materiaal, kollege uitrusting, beurse en bykomende koste in berekening gebring word. Indirekte uitgawes soos dié vir administrasie, kleiner werke en algemeen, wat ook onder lopende uitgawes ressorteer, is nie hierby ingesluit nie, omdat dit nie moontlik is om 'n

/pro rata........

1) Jaarverslag oor 1912, pp. 124-127.

2) Jaarverslag oor 1911, pp. 147-153.

3) Jaarverslag oor 1911, loc. cit.

4) Saamgestel uit die jaarverslae oor die betrokke jare.

pro rata verdeling tussen die verskillende klasse van skole uit die beskikbare gegewens te maak nie. Netso is leningskoste en kapitaaldelging nie hierby ingesluit nie omdat hiervoor nie apart rekening vir die verskillende klasse van skole deur die provinsiale administrasie gehou word nie.

Wat die salarisse ~~aan~~betref, moes ook verstellings gemaak word deurdat skoolgelde in die jare 1910 tot 1914 deur die provinsie ontvang is en gevolglik is die salarisse daarmee verminder. Onder salarisse is klein bedrae ingesluit vir onderwysersklasse wat ook afgetrek behoort te word, maar wat vir die betrokke jare nie deur die Direkteur apart verskaf is nie. Vir die jare 1915 tot 1918[1)] het hierdie bedrae slegs 'n gemiddelde verskil van 1·5 persent teweeggebring in die totale uitgawe en sal feitlik geen noemenswaardige verskil op die eenheidskoste ten gevolge hê nie byvoorbeeld : In die jaar 1911 het die uitgawe aan onderwysersopleiding £18,949[2)] bedra en die onderwysersklasse sou 'n verskil van £284 teweegbring wat vir 225 studente op 'n weinig meer as £1 per student te staan sou kom. Wat die neiging van die uitgawes betref sou geen merkbare versteuring teweeggebring word nie.

Vir die jaar 1920 is die inkomste uit onderwysersklasse wel afgetrek van die salarisse omdat dit vir hierdie jaar 'n aansienlike bedrag uitgemaak het[3)] en omdat die

/Direkteur......

---

1) Vir die betrokke jare was die uitgawe aan onderwysersopleiding £116,200 (tot die naaste £100) en die inkomste uit onderwysersklasse £1,600 (tot die naaste £100). Sien die jaarverslae oor die betrokke jare.

2) Sien tabel VIII.

3) Jaarverslag oor 1920, p. 99.

Direkteur in sy statistieke vir die daaropvolgende jare nie meer die inkomste aan onderwysersklasse by salarisse ingesluit het nie.[1] Vir die jare 1922 en 1923 moes die uitgawe aan beurse in die Direkteur se statistieke met die helfte verminder word, omdat die studente vanaf 1922 die helfte van die beurse moes terugbetaal.[2] Die gegewens vir 1910 was slegs vir 'n halfjaar gegee en is vervolgens verdubbel om 'n uitgawe vir die hele jaar te verkry.

Volgens tabel VIII het die eenheidskoste van £89 in 1910 gestyg tot £102 in 1913. Die rede hiervoor is 'n vermindering in die gemiddelde inskrywing van 240 tot 191 oor dieselfde jare. Die periode van ses maande as hulponderwyser voor die toetrede tot die normaalkollege, die verlenging van die 03-kursus van een - na twee jaar in 1912[3] en die swak diensvoorwaardes van onderwysers was weer hiervoor verantwoordelik en dus indirek die oorsaak vir die hoë eenheidskoste in 1913.[4]

In 1914 het die eenheidskoste nog verder gestyg tot £116, enersyds omdat die gemiddelde inskrywing nog verder gedaal het tot 116 en andersyds omdat die salarisse van onderwysers en normaalkollegedosente verhoog is; 'n verdere rede is die afskaffing van skoolgelde in 1914.[5]

Teen 1920 het die eenheidskoste die hoogte ingeskiet tot £161. Verskillende faktore is hiervoor verantwoordelik soos die verhoging van salarisse van onderwysers en normaalkollegedosente wat vanaf 1 Julie 1919 in werking getree het.[6]

/Verder.....

---

1) Jaarverslag oor 1921, p.87; Jaarverslag oor 1922, p. 48; Jaarverslag oor 1923 (Engelse uitgawe), p.81.

2) Jaarverslag oor 1922, p.51. Sien ook Jaarverslag oor 1921, pp. 50 en 95.

3) Sien p. 45.

4) Jaarverslag oor 1913, p. 19.

5) Jaarverslag oor 1914, p. 41.

6) Jaarverslag oor 1919, p. 30.

Verder het die lewenskoste ook geweldig gestyg ten tyde van die eerste wêreldoorlog en daarna. Vanaf die begin van 1920 het die normaalkollegestudente ook universiteitsvakke geneem waarvoor lesingsgelde betaal moes word en waarvoor uit provinsiale fondse voorsiening gemaak is.[1)]

In 1921 het die eenheidskoste 'n rekordhoogte van £190 bereik. Alle provinsiale uitgawes, nie alleen in Transvaal nie, maar ook in die ander provinsies het so vinnig toegeneem gedurende hierdie jare, dat die staat 'n kommissie, n.l. die Provinsiale Finansiële Kommissie van 1923,[2)] benoem het om die saak te ondersoek. Van hulle bevindinge was onder andere dat die uitgawes aan onderwysersopleiding buitensporig hoog was. As ons egter daaraan dink dat die koopkrag van die pond in vergelyking met 1910 in 1921 slegs 11/3[3)] was en dat die Direkteur se eenheidskoste van £30.8.8. in 1910 heeltemal misleidend was en nie vergelykbaar met die eenheidskoste van £193 vir 1921-1922 van die betrokke kommissie was nie, dan was die koste tog nie so buitensporig hoog nie. Volgens tabel VIII was die eenheidskoste in 1921 £190, wat prakties gesproke, feitlik dieselfde was as die £193 [4)] van die kommissie. Hierdie bedrag sou dus in 1910 'n koopkrag van £190 x 11/3 of £107 gehad het, wat slegs £18 hoër was as die bedrag van 1910. Daardie kommissie se ondersoek het egter sy goeie uitwerking gehad, want die volgende jaar het die eenheidskoste gedaal na £96. Die eerste direkte oorsaak hiervoor was omdat die normaalkollegestudente vanaf 1922 die helfte van hulle beurse moes

/terugbetaal.....

---

1) Jaarverslag oor 1920, p. 52.

2) Ook bekend as die Baxter-kommissie, vernoem na die voorsitter daarvan.

3) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1933-1934 (Nr. 16), p. 254.

4) U.G. 19, Provinsiale Finansiële Kommissie-verslag, 1923, p. 23

terugbetaal aan die provinsie as hulle begin skoolhou en dit het geskied by wyse van aftrekkings van hulle salarisse;[1] ook is die salarisse van onderwysers en normaalkollegedosente met 5 persent gesnoei.[2] 'n Verdere rede vir hierdie groot daling is dat 'n baie groter aantal studente hierdie jaar deur feitlik dieselfde aantal dosente as die vorige jaar opgelei is. In 1923 het die eenheidskoste nog verder gedaal tot £73 as gevolg van 'n verdere styging van die gemiddelde inskrywing van 495 in 1922 tot 586 in 1923; ook moet in gedagte gehou word dat hierdie jaar binne 'n depressietydperk lê.

(ii) <u>UITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING EN DIE DIENSTE AS GEVOLG DAARVAN GELEWER.</u>

Volgens tabel IX het die normaalkolleges in 1910 slegs 23 persent van die onderwysers wat daardie jaar in die diens van die Transvaalse Onderwysdepartement getree het, gelewer, terwyl dit in 1923 reeds 30 persent daarvan gelewer het. Die normaalkolleges het dus 'n aansienlike bydrae gelewer in die verhoging van die persentasie gesertifiseerde onderwysers van 72·3 in 1910 tot 78·6 in 1923.[3] Verder het die gemiddelde inskrywing geweldig gestyg van 240 tot 586 oor dieselfde jare met die gevolg dat daar op daardie tydstip goeie vooruitsigte bestaan het dat die normaalkolleges binne afsienbare tyd 'n baie groter persentasie gesertifiseerde onderwysers vir indiensneming sou lewer. Hierdeur sou die normaalkolleges 'n verdere positiewe bydrae lewer in die verhoging van die persentasie gesertifiseerde

/onderwysers.....

---

1) Jaarverslag oor 1921, pp. 50 en 95; en Jaarverslag oor 1922, p. 51.

2) Ibid., p. 21.

3) Sien tabel IX.

onderwysers.

Wat die opleiding van onderwysers betref was die matrikulasie in 1910 erken vir die eerste deel van die O3 terwyl dit in 1923 'n toelatingsvereiste vir die O3 was; ook het die tydsduur van die O3-kursus van een na twee jaar vermeerder, netso is die vereistes vir die O2 verhoog.

Dit spreek dus onteenseglik dat die normaalkolleges baie beter dienste in 1923 gelewer het as in 1910 terwyl die eenheidskoste gedaal het van £89 tot £56 teen 'n konstante koopkrag van die pond.

TABEL IX. UITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING EN DIE DIENSTE DEUR DIE NORMAALKOLLEGES GELEWER.

| | 1910 | 1923 |
|---|---|---|
| Persentasie gesertifiseerde onderwysers | 72.3[1] | 78.6.[7] |
| Gemiddelde inskrywing aan normaalkolleges | 240[2] | 586[8] |
| Persentasie onderwysers deur normaalkolleges gelewer | 23[3] | 30[9] |
| Toelatingsvereiste | St.7(vir voorbereidende kursusse)[4] | Matriek[10] |
| Tydsduur van opleiding vir O3 | 1 jaar[5] | 2 jaar[11] |
| Eenheidskoste (teen dieselfde koopkrag van die pond) | £89[6] | £56[12] |

/(iii)Die....

1) Jaarverslag oor 1915 (Engelse uitgawe), p. 63.
2) Sien tabel VIII.
3) Jaarverslag oor 1910, p. 54.
4) H.P. van Coller, op. cit., pp. 341-342.
5) Ibid.
6) Sien tabel VIII.
7) Jaarverslag oor 1923. (Engelse Uitgawe), p. 71.
8) Sien tabel VIII.
9) Jaarverslag oor 1923, p. 32.
10) Regulasies betreffende die opleiding van onderwysers, 1918, p. 3.
11) Ibid.
12) Sien tabel VIII en Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1933-1934 (Nr.16), p. 254.(£73x15/3= £56.)

### (iii) DIE OPLEIDING VAN HUISHOUDKUNDE ONDERWYSERESSE. AAN DIE HUISHOUDSKOOL TE JOHANNESBURG.

Die huishoudskool te Johannesburg het vanaf 1917 begin om huishoudkunde onderwyseresse op te lei toe ses studente hulle opleiding begin het. Die kursus sou twee jaar duur.[1] Op hierdie stadium was die peil van die opleiding niks meer as middelbare onderwys nie. Teen 1923 is slegs leerlinge wat die matrikulasieeksamen geslaag het, opgelei vir die O3 en O2 in huishoudkunde. Aan die end van 1923 was daar 23 studente in hierdie klasse.

TABEL X. DIE STAATSKOSTE AAN DIE OPLEIDING VAN HUISHOUDKUNDE ONDERWYSERESSE AAN DIE HUISHOUDSKOOL TE JOHANNESBURG. (1917 - 1923.)

| JAAR | KOSTE PER STUDENT PER JAAR. |
|---|---|
| 1917 | £8. 7.10$\frac{1}{4}$ [2] |
| 1918 | 16. 9. 5$\frac{1}{2}$ [3] |
| 1919 | 25.16. 2$\frac{3}{4}$ [4] |
| 1920 | 13.14. 9$\frac{1}{4}$ [5] |
| 1921 | 34. 1. 2 [6] |
| 1922 | 18.13. 3 [7] |
| 1923 | 25. 7. 8 [8] |

Die/.....

1) Jaarverslag oor 1917, p. 106.
2) Jaarverslag oor 1918 (Engelse uitgawe), p. 76.
3) Jaarverslag oor 1919, p. 61.
4) Jaarverslag oor 1920, p. 99.
5) Jaarverslag oor 1921, p. 87.
6) Jaarverslag oor 1922, p. 48.
7) Jaarverslag oor 1923 (Engelse uitgawe), p. 81.

Die gegewens in tabel X is onveranderd oorgeneem uit die statistieke van die Direkteur. Die eenheidskoste vir die jare 1917, 1920, 1921 en 1922 is gevind deur die uitgawes aan salarisse te neem as deeltal en die gemiddelde inskrywing van die huishoudkundeklasse as deler. Vir 1919 is die uitgawes van die huishoudskool en hoërskole saamgevoeg vir die deeltal en netso is die gemiddelde inskrywings ook saamgevoeg om te dien as deler, terwyl vir die jare 1918 en 1923 die gegewens vir voorbereidende afdelings van die normaalkolleges ook bygebring is.[1]

Uit bostaande volg dus dat slegs die eenheidskostes vir die jare 1917, 1920, 1921 en 1922 in aanmerking kom as die neiging van die uitgawes ondersoek word. Volgens tabel X het die eenheidskoste van £8.7.10¼ in 1917 geleidelik gestyg tot £13.4.9¼ in 1920 en het die rekordhoogte van £34.1.2. in 1921 bereik. Die Direkteur skryf dit toe aan hoër salarisse en 'n kleiner inskrywing.[2] In 1923 het dit weer verminder na £18.13.3.

Die uitgawes aan die huishoudskool vir die opleiding van huishoudkunde-onderwyseresse toon dus dieselfde neiging as die uitgawes aan die normaalkolleges, naamlik 'n hoogtepunt in 1921 met 'n skerp daling in 1922.

(iv) <u>KOSTE AAN DIE KWEKELINGSTELSEL</u>.

Die kursusse aan die inrigtings te Potchefstroom en Ermelo was aanvanklik so ingerig dat hulle voorsiening gemaak het vir 'n soort kwekelingstelsel waarby studente vir die helfte van die jaar diens gedoen het aan uitgesoekte skole, waarvoor hulle vergoeding ontvang het teen £7.10.-

/per.....

---

1) Sien die jaarverslae oor die betrokke jare.

2) Jaarverslag oor 1921, p. 87.

per maand as hulle loseer het en £5 per maand as hulle by hulle ouerhuise ingewoon het.[1]

Teen 1923 was die moontlikheid om die onderwysersertifikaat deur privaat studie te verwerf, nog in swang. Die knap leerling het na matriek gaan skoolhou teen 'n salaris van £240 per jaar. Binne twee jaar wis hy die verskil tussen sy salaris en dié van die opgeleide onderwyser uit en verwerf hy nog sy sertifikaat ook.[2]

(v) VERGELYKING MET DIE ANDER PROVINSIES VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

In tabelle XI en XII word 'n vergelyking getref tussen die kostes van onderwysersopleiding in die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika en is soos verskaf deur die Provinsiale Finansiële Kommissie van 1923.[3] As die gegewens van hierdie kommissie vergelyk word met die gegewens in ander bronne, word die volgende gevind :- Die gemiddelde inskrywings van die kommissie stem ooreen met dié van die onderwysjaarverslae van die vier provinsies.[4] Die uitgawes stem ook redelik ooreen met die gegewens van die betrokke ouditeursverslae en die offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika,[5] behalwe in die geval van die Kaapprovinsie. Beide bronne gee die totale uitgawe aan onderwysersopleiding as £147,785[6] teenoor die £107,203 van die kommissie. 'n Verdere aanduiding dat die gegewens van die

/betrokke....

---

1) Jaarverslag oor 1918, pp. 39 tot 41.
2) Jaarverslag oor 1921, p. 95.
3) U.G. 19-1923. Provinsiale Finansiële Kommissieverslag, p. 23.
4) Sien die betrokke jaarverslae van die onderskeie provinsies.
5) Nr. 6, p. 873.
6) Ibid. (Sien ook K.P. 1-1923: Provinsie de Kaap de Goede Hoop. Ouditeursverslag 1921-1922, p. 45.)

betrokke kommissie ten opsigte van die Kaapprovinsie nie korrek is nie, word gevind in die jaarverslag van die Superintendent-Generaal van Onderwys,[1] waarvolgens die uitgawe aan salarisse £66,804[2] was teenoor die £42,549[3] van die kommissie.

TABEL XI. STAATSKOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING IN DIE VIER PROVINSIES VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA. (1921-1922)[4]

| Provinsie | Salarisse | Uitrusting meubels en huur | Koshuise | Beurse en hulptoelae | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Kaap-provinsie | £42,549 (66,804)[5] | £7,837 | £25,536 | £31,281 | £107,203 (147,785)[5] |
| Natal | 5,070 | 1,082 | 4,506 | 4,740 | 15,398 |
| Transvaal | 34,665 | 7,306 | 6,564 | 21,154 | 69,689 |
| Oranje-Vrystaat | 9,415 | 1,634 | 2,021 | 15,203 | 28,273 |

TABEL XII. STAATSKOSTE PER STUDENT PER JAAR AAN ONDERWYSERSOPLEIDING IN DIE VIER PROVINSIES VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.[6]

| Provinsie | Aantal studente | Totale koste per student | Koste aan onderrig per student. |
|---|---|---|---|
| Kaap-provinsie | 1,436 | £74.65 (102.87)[7] | £29.63 46.52[7] |
| Natal | 104 | 148.06 | 48.75 |
| Transvaal | 362 | 193.06 | 96.31 |
| Oranje-Vrystaat | 136 | 207.88 | 69.23 |

Uit tabel XII blyk dat as slegs onderrigskoste aan

/onderwysersopleiding.....

1) Oor die jaar 1922, p. 174

2) Jaarverslag van die Superintendent-Generaal van Onderwys van die Kaapprovinsie oor die jaar 1922, p. 174.

3) Sien tabel XI.

4) U.G. 19-1923. Provinsiale Finansiële Kommissie-verslag. (1923), p. 23.

5) Gewysigde syfers.

6) U.G.19-1923. Provinsiale Finansiële Kommissie-verslag. (1923), p. 23.

7) Gewysigde syfers.

onderwysersopleiding in aanmerking geneem word, die koste aan onderwysersopleiding in Transvaal vir die jaar 1921-1922 heelwat duurder is, as dié in die ander provinsies. Word die uitgawes aan uitrusting, meubels, huur, koshuise, beurse en hulptoelae bygebring, dan oorskry die koste van die Oranje-Vrystaat dié van Transvaal aanmerklik; die koste in Transvaal is dan egter nog heelwat hoër as dié van Natal en baie hoër as dié van die Kaapprovinsie.

(vi) DIE VERHOUDING VAN DIE KOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING TOT KINDOPLEIDING.

In tabel XIII is vir die berekening van die eenheidskoste aan kindopleiding as deeltal geneem die uitgawes aan salarisse, reis - en verblyfkoste, skoolmateriaal en -uitrusting, beurse, hulptoelaes. Netsoos in die geval van onderwysersopleiding is indirekte uitgawes soos die vir administrasie, kleiner werke en uitgawes onder algemeen nie in berekening gebring nie; netso ook is leningskoste en delging van lenings nie bygebring nie.[1] Vir 1910 is die uitgawes slegs vir 'n halfjaar gegee en is vervolgens verdubbel om 'n uitgawe vir die hele jaar te verkry. As deler is geneem die gemiddelde inskrywing vir die betrokke jaar behalwe in die geval van 1910 waar slegs die gemiddelde inskrywing vir die laaste helfte van die jaar beskikbaar was.

Uit tabel XIV blyk dat die verhouding van koste aan onderwysersopleiding tot laerskoolkindopleiding van 11·2 : 1 in 1910 gestyg het tot 14·2 : 1 in 1921 om weer te daal tot 5·6 : 1 in 1923.

/TABEL XIII......

---

1) Sien pp. 53 en 54.

TABEL XIII. STAATSKOSTE AAN LAERSKOOLKINDOPLEIDING IN 1910, 1920, 1921 en 1923.

| Jaar | Gemiddelde inskrywing | Totale koste | Koste per leerling per jaar. |
|---|---|---|---|
| 1910 | 46,639[1] | 363,220[5] | £7·79 |
| 1920 | 104,824[2] | 1,241,013[6] | 11.81 |
| 1921 | 110,842[3] | 1,486,333[7] | 13·41 |
| 1923 | 110,313[4] | 1,452,287[8] | 13·17 |

TABEL XIV. DIE VERHOUDING VAN KOSTE AAN ONDERWYSERS OPLEIDING TOT LAERSKOOLKINDOPLEIDING.

| Jaar | Koste per student aan normaalkolleges | Koste per leerling aan laerskole | Verhouding |
|---|---|---|---|
| 1910 | £89[9] | £7·79 | 11·2 : 1 |
| 1920 | 161[10] | 11·81 | 13·6 : 1 |
| 1921 | 190[11] | 13·41 | 14·2 : 1 |
| 1923 | 73[12] | 13·17 | 5·6 : 1 |

/SAMEVATTING.....

---

1) Jaarverslag oor 1911, p. 41.
2) Jaarverslag oor 1920, (Engelse uitgawe), p. 74.
3) Jaarverslag oor 1921, (Engelse uitgawe), p. 60.
4) Jaarverslag oor 1923, (Engelse uitgawe), p. 66.
5) Jaarverslag oor 1911, p. 54.
6) Jaarverslag oor 1920, (Engelse uitgawe), p. 93.
7) Jaarverslag oor 1921, (Engelse uitgawe), p. 79.
8) Jaarverslag oor 1923, (Engelse uitgawe), p. 77.
9) Sien tabel VIII.
10) Sien tabel VIII.
11) Sien tabel VIII.
12) Sien tabel VIII.

SAMEVATTING.

Na 1910 is die beginsel van staatsonderwys - en opleiding van onderwysers netsoos na 1902 gehandhaaf. Die normaalkolleges is onderhou en beheer deur die staat. In beginsel moes die studente onderrigsgelde betaal, maar vrybeurse is voorsien waaruit hierdie sowel as ander kostes soos losies, boeke ens. bestry kon word. Hierdie beginsel is per Ordonansie Nr. 7 van 1914 egter tot niet gemaak toe weggedoen is met die betaling van onderrigsgelde deur studente.

Selfs die betaling van universiteitsgelde is deur die provinsie onderneem vanaf 1920 tot 1921. Vanaf 1922 moes hulle dit self betaal; ook moes hulle van hierdie jaar af die helfte van die beurse aan hulle toegestaan, terugbetaal wanneer hulle skoolhou.

Die eenheidskoste aan onderwysersopleiding het van £89 in 1910 gestyg tot £102 in 1913 as gevolg van 'n vermindering in inskrywing wat blykbaar weer teweeggebring is deur 'n verlenging van die O3-kursus ens. In 1914 het dit nog hoër gestyg as gevolg van 'n verdere daling in inskrywing, en ook as gevolg van die verhoging van salarisse van normaalkollegedosente. Teen 1921 het dit 'n rekordhoogte van £190 bereik. Die rede hiervoor is in die eerste plek 'n verdere verhoging van salarisse en die algemene styging van lewenskoste gedurende en na die eerste wêreldoorlog. Hierdie bedrag sou in 1910 'n koopkrag van slegs £107 gehad het, sodat die eenheidskoste in hierdie jaar in werklikheid slegs £18 hoër was as in 1910.

In 1923 het die eenheidskoste gedaal tot £73. Die rede hiervoor was dat die normaalkollegestudente vanaf 1922 self hulle universiteitsgelde moes betaal, die helfte van

/hulle

hulle beurse moes terugbetaal en verder is die salarisse van normaalkollegedosente met vyf persent besnoei; ook het die inskrywing van die normaalkolleges geweldig gestyg. Die jaar 1923 het ook midde in 'n depressietydperk gelê.

Die dienste deur die normaalkolleges in 1923 gelewer, was ook heelwat beter as in 1910 deurdat die onderwysers, in 1923 opgelei, beter gekwalifiseer was en omdat die hierdie inrigtinge al meer in die behoeftes van die Transvaal kon voorsien. Teen 1923 het die belastingbetaler dus reeds beter dienste vir minder geld ontvang as in 1910 wat 'n fundamentele beginsel in onderwysfinansiering is.

Die opleiding van huishoudkunde onderwyseresse aan die Huishoudskool te Johannesburg vanaf 1917 was in vergelyking met die normaalkolleges 'n meer ekonomiese onderneming.

In vergelyking met die ander provinsies was die opleiding van onderwysers in Transvaal teen 1923 'n duurder onderneming as in al die ander provinsies behalwe in die geval van die Oranje-Vrystaat.

Wat die verhouding van koste aan onderwysersopleiding tot laerskoolkindopleiding betref, het dit van 1910 tot 1921 heelwat gestyg maar in 1923 geweldig gedaal.

# HOOFSTUK 5.

## FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS IN DIE PROVINSIE TRANSVAAL (1924-1938.)

### (a) REGULASIES IN VERBAND MET ONDERWYSERSOPLEIDING.

In 1927 het daar weer nuwe leerplanne vir die O3- en O2-sertifikate verskyn,[1] waaruit verbetering en vooruitgang spreek deurdat voorsiening gemaak is vir spesialisering in die onderwys van kinders in die laer klasse, abnormale kinders en die instelling van intelligensietoetse.

In 1930 is nuwe regulasies vir die opleiding van blanke onderwysers in werking gestel, maar dit het nie lank van krag gebly nie en was dus nie van veel betekenis nie.

Dr. S.P.E.Boshoff wat in April 1932, gedurende die depressiejare, benoem is tot Direkteur van Onderwys, het onmiddellik te doen gehad met die "vraagstuk van oortollige onderwysers" weens die besuinigingsmaatreëls en onoordeelkundige toelating tot die opleidingsinrigtinge. Hierdie toestand is beredder deur onder andere die toevoer tot die normaalkolleges te beperk.[2] Hy het ook die opleiding van onderwysers ingrypend verander. Die O3 - en O2-sertifikate sou vervang word deur die Transvaalse Onderwysersdiploma. Sy skema sou op die volgende berus :- Die kursus begin na matriek en sal 'n eenjarige akademiese en 'n tweejarige professionele kursus behels. Verder moes studente een jaar proefonderwys waarneem alvorens die Onderwysersdiploma aan hulle uitgereik word.[3] Deur hierdie reeling is die

/professionele.....

---

1) H.P. van Coller, op. cit., p. 361.

2) J. Chr. Coetzee, op. cit., p. 182 en Jaarverslag oor 1932, pp. 16-20

3) Jaarverslag oor 1932, p. 21.

professionele opleiding bevorder ten koste van die akademiese. Daar was ook nie geleentheid vir spesialisasie in verskillende rigtinge nie. Proefonderwys is, uit die aard van die saak, beperk tot laerskole en die metodiek van die middelbare skoolvakke het ook agterweë gebly. Indien 'n student 'n aanstelling aan 'n ~~universiteit~~ middelbare skool wou bekom, moes hy nog twee jaar na die universiteit terugkom om 'n graad te behaal of hy moes dit deur privaatstudie verwerf. Hierdie skema het vanaf die einde van 1933 van krag geword.[1)]

Ook is 'n "Eksamenraad" vir die normaalkolleges ingestel. Die instelling van hierdie Raad sou die eksamens voortaan meer intern maak, die onderrig meer selfstandigheid verleen en groter doeltreffendheid en besparing meebring.[2)]

(b) <u>DIE SKEMA VIR ONDERWYSERSOPLEIDING VAN 1937 EN DIE STIGTING VAN "STREEKKOMITEES".</u>

Direkteur G.A.C. Kuschke wat hierdie pos vanaf 1934 beklee het, het 'n nuwe skema vir onderwysersopleiding vanaf 1937 ingevoer: 'n Tweejarige kursus is te Heidelbergnormaalkollege ingevoer waardeur die Laeronderwysdiploma verwerf kon word. Die kursus vir die Transvaalse Onderwysdiploma sou drie jaar duur. Die eerste jaar sou uitsluitlik aan akademiese vakke aan die universiteit bestee word en die volgende twee jaar aan professionele werk aan die normaalkollege. Vir diegene wat 'n graadkursus wou neem, is voorsiening gemaak in die vorm van 'n vierjarige gekombineerde kursus. Die Direkteur kon ook goedkeuring gee om met gevorderde kursusse in sekere vakke aan te gaan.[3)] Onder

/die......

---

1) Administrateurskennisgewing Nr. 534 van 1 November 1933.

2) Jaarverslag oor 1932, pp. 22-23.

3) Goewermentskennisgewing Nr. 381 van 31 Julie 1935. Sien ook Jaarverslag oor 1936, pp. 60-68.

die nuwe regime kon ook 'n "Streekkomitee" vir elkeen van die normaalkolleges wat met 'n universitêre inrigtings saamgewerk het, gestig word. Die eerste "Streekkomitees" is in 1935 gestig op Potchefstroom en Johannesburg. Die volgende instansies sou verteenwoordig word :- Die Transvaalse Onderwysdepartement, die normaalkolleges, die universiteite, die tegniese kolleges, die Gesamentlike Komitee van Onderwyserverenigings en die gemeenskap. Die funksie van hierdie liggame was om die onderwysdepartement te adviseer oor sake soos die koördinasie van werksaamhede in verband met onderwysersopleiding en die verhouding tussen normaalkolleges en universiteite.[1)]

Vir die eerste keer sedert 1902 is daar 'n liggaam in die lewe geroep wat in verband met die normaalkolleges gestaan het. Hierdie liggame het egter slegs adviserende hoedanigheid besit en was daarby geensins verteenwoordigend van die ouers van studente nie. Van die beginsel van die bepaling van die gees en rigting van die normaalkolleges deur die ouers van studente of van ouers van leerlinge vir wie die studente later onderwys sal gee, is hier geen sprake nie. Ten opsigte hiervan bly onderwysersopleiding, prinsipieel nog 'n staatsonderneming.

(c) DIE AANTAL NORMAALKOLLEGES EN DIE SLUITING VAN DIE INRIGTING TE ERMELO IN 1924.

Tot aan die einde van 1924 het die vyf inrigtinge te Potchefstroom, Pretoria, Johannesburg, Heidelberg en Ermelo nog almal onderwysers opgelei maar laasgenoemde inrigting, wat met 'n lae inskrywing onder moeilike..

/omstandighede.....

---

1) Jaarverslag oor 1936, p. 63.

omstandighede ten opsigte van geboue ens. moes opleiding verskaf, is aan die einde van 1924 gesluit.[1]

(d) BEURSREGULASIES IN VERBAND MET ONDERWYSERSOPLEIDING.

Vanaf die begin van 1925 moes studente die hele beurs wat vir losies ens. voorgeskiet is, terugbetaal.[2]

Die beursregulasies van 1926 het bepaal dat elke toegelate student 'n verbintenisvorm vir dienslewering moes teken; 'n beperkte aantal leningsbeurse sou beskikbaar wees om alle onderhoudskoste - insluitende vervoerkoste, boeke en eksamengelde - te dek.[3]

(e) FINANSIËLE VERHOUDINGE TUSSEN DIE UNIE en DIE PROVINSIES.

Die "Provinsiale Finansiële Kommissie van 1923" het aanbeveel dat die provinsiale inkomstes aangevul moet word deur subsidies van die Unie-regering - gebaseer op die gemiddelde Europese skoolbesoek in laer-, middelbare - en normaalskole.[4]

In 1924 het die minister van Finansies 'n konferensie van provinsiale afgevaardigdes in Durban byeengeroep om die moeilike vraagstuk van finansiële verhoudinge te bespreek. Die resultate dusdanig bereik, is saamgevat in Wet Nr. 46 van 1925,[5] soos gewysig deur Wet Nr. 31

/van....

1) Jaarverslag oor 1924, p. 59.

2) T.P. Nr. 1 - 26, Ouditeursverslag oor 1925, p. 27.

3) T.O.D. : Handboek van Onderwyswette met Regulasies, Bepalings en Voorskrifte, 1929, p. 113.

4) J. Chr. Coetzee, op. cit., pp. 137-138.

5) Ook die "Provinsiale Subsidies - en Belasting-bevoegdhede - (amendement) wet" genoem. (Sien "Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1925, pp. 853-855 en 875.)

van 1926. Hiervolgens was die bronne vir provinsiale inkomste beperk tot [1]:-

1. 'n Jaarlikse subsidie van die Unieregering gebaseer op die gemiddelde Europese skoolbesoek in laer-, middelbare - en normaalskole. In die geval van die eerste twee tipes van skole sou dit £16.7.2[2] per leerling per jaar wees en in die geval van normaalkollegestudente sou dit £70 per jaar wees.

2. 'n Gespesifiseerde lys van belastinge met betrekking waartoe die provinsie volle wetgewende bevoegdhede besit.

3. Sekere inkomstes, ingevorder deur die Unieregering en oorgedra aan die provinsies b.v. transportregte, naturellepasfooie, dranklisensies ens.

Die Provinsiale Finansiële Kommissie van 1933 kon in geen ander land ter wêreld ook so'n stelsel vind, waar die sentrale regering aan ondergeskikte provinsiale - of lokale regerings op 'n basis van onderwysstatistiek, subsidie betaal nie. Hierdie stelsel het sekere nadele : dit is nie so regverdig teenoor ylbevolkte provinsies nie en verder word die provinsies se subsidies beinvloed deur periodieke vermindering van skoolbesoek as gevolg van epidemies soos malaria, wat tog nie so kwaai is dat die skool gesluit moet word nie.[3]

'n Ongesonde beginsel in hierdie reeling is die feit dat die provinsie geld van die unieregering ontvang en

/bestee.....

---

1) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1933-'34, pp. 768-769 en 811. Sien ook : Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1925, pp. 853-855 en 875.

2) In die geval van die ander provinsies is ander bedrae vasgestel.

3) Report of the Provincial Finance Commission appointed in 1933, p. 15.

bestee en geen rekenskap daarvan aan die Unieregering gee nie.

Die Provinsiale Finansiële Kommissie van 1933 het 'n ander skema of basis vir die betaling van subsidie deur die Unieregering aan die provinsie, aanbeveel, maar die basis van subsidie gebaseer op gemiddelde skoolbesoek, het bly voortbestaan. Die enigste wysiging wat na die verskyning van hierdie kommissie se verslag in werking getree het, het geskied na die aanname van Wet Nr. 50 van 1935, ook bekend as "Die Wet tot verdere Wysiging van Die Provinsiale Subsidies en Belastingbevoegdhede Wet". Dit het die volgende veranderinge wat Transvaal betref, teweeggebring[1]:-

1. Waar voorheen subsidie betaal is vir leerlinge vanaf 'n skoolgaande ouderdom van sewe jaar, is dit nou verlaag na ses jaar.

2. Daar word in die vooruitsig gestel dat sekere magte om belastings te hef, verder uitgebrei sal word.

(f) KOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING.

(i) EENHEIDSKOSTE EN DIE NEIGING VAN DIE UITGAWES.

Om die netto uitgawe in tabel XV te kry, is die totale uitgawes (direkte en indirekte) aan onderwysersopleiding soos deur die Direkteur in sy statistieke verskaf, verminder met die helfte van die beurse vir 1924 en met die hele bedrag van die beurse sedert 1925 omdat die studente sedert 1922[2] die helfte van die beurse en sedert 1925[3] die volle bedrag van die beurse moes terugbetaal.

/Tabel XV.....

1) Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1935, pp. 673-677.

2) Sien p. 56.

3) Sien p. 75.

TABEL XV. STAATSUITGAWES AAN ONDERWYSKOLLEGES IN TRANSVAAL VIR ONDERWYSERSOPLEIDING. (1924-1938.) 1)

| Jaar | Gemiddelde inskrywing | Netto uitgawe | Koste per student per jaar |
|---|---|---|---|
| 1924 | 694 | £49,540 | £71 |
| 1925 | 757 | 37,179 | 49 |
| 1926 | 820 | 36,110 | 44 |
| 1927 | 857 | 36,959 | 43 |
| 1928 | 843 | 37,435 | 44 |
| 1929 | 845 | 39,465 | 47 |
| 1930 | 869 | 39,009 | 45 |
| 1931 | 804 | 36,970 | 46 |
| 1932 | 770 | 35,242 | 46 |
| 1933 | 642 | 27,993 | 44 |
| 1934 | 642 | 30,231 | 47 |
| 1935 | 702 | 31,846 | 45 |
| 1936 | 804 | 38,485 | 48 |
| 1937 | 893 | 46,602 | 52 |
| 1938 | 999 | 49,054 | 49 |

Die netto uitgawes sluit dus die volgende in : salarisse, lone en toelae, reis - en verblyfkoste, meubels en uitrusting, boeke en materiaal, huurgelde (rente en versekering), brandstof, lig, water, skoonmaak, herstellings, vernuwings en onderhoud en vanaf 1930 ook ŉ gedeelte[2] van die indirekte uitgawes soos deur die Direkteur in sy statistieke verskaf. Die indirekte uitgawes behels kostes soos dié aan administrasie, skoolrade, gewone - en mediese inspeksie, eksamens, pensioene en gratifikasies, bydraes tot die pensioenfonds, drukwerk, kleinere werke ens. Hierdie indirekte uitgawes verhoog die direkte uitgawes, nadat laasgenoemde met die terugbetaalbare beurse verminder is vir die jare 1930 en 1931, gemiddeld met tien persent en daar bestaan geen rede waarom dieselfde beginsel nie op die voorafgaande jare toegepas kan word nie, sodat..

/vergelykbare.....

1) Saamgestel uit die Jaarverslae oor die betrokke jare.

2) Volgens ŉ persoonlike mededeling van ŉ senior amptenaar van die Transvaalse Onderwysdepartement, wat verantwoordelike is vir die samestelling van die onderwysstatistieke, is arbitrêre toewysings gegrond op die beginsels van redelikheid en billikheid aan die verskillende klasse van skole ten opsigte van die indirekte uitgawes gemaak.(Sien verder Jaarverslag oor 1930,p.38.)

vergelykbare eenheidskostes vir die hele tydperk vanaf 1924 tot 1938 verkry kan word; daarom is die direkte uitgawes vir die jare 1924 tot 1929 met 10 persent verhoog nadat dit met die terugbetaalbare beurse verminder is.

Volgens tabel XV het die eenheidskoste vanaf 1924 tot 1925 geweldig gedaal. Die rede hiervoor was dat slegs die helfte van die beurse vir 1924 terugbetaalbaar was, terwyl dit vanaf 1925 ten volle terugbetaal moes word.[1] Vanaf 1926 tot 1928 het die eenheidskoste redelik konstant gebly met 'n redelike styging in 1929 wat veroorsaak is deur verhoogde uitgawes aan salarisse, meubels en uitrusting.[2] In 1930 was daar weer 'n daling omdat hierdie jaar in die teken van depressie en dalende inkomste gestaan het en besuiniging aan die orde van die dag was.[3] Dit is ook die rede dat, hoewel die inskrywing van 1930 tot 1933 gedaal het, die eenheidskoste feitlik konstant gebly het en in 1933 'n dalende neiging getoon het. In hierdie jaar het die feit dat onderwysers se salarisse in 1932 met vyf persent gesnoei is, hom veral laat geld.

Vanaf 1934 het die finansiële toestand in die land begin verbeter en het die uitgawes aan onderwysersopleiding begin styg. In 1937 is aansienlike bedrae aan salarisse aan onderwysers terugbetaal, wat met die depressiejare deur besnoeiing agtergehou was. Die gevolg hiervan was dat die vermeerdering van totale uitgawe in 1937 op dié van 1936 heelwat groter was as die normale en dan ook in die eenheidskoste weerspieël word.

(ii) Uitgawes.....

---

1) Sien pp. 56 en 75.
2) Jaarverslag oor 1928, p. 31.
   Jaarverslag oor 1929, p. 24.
3) Jaarverslag oor 1930, p. 6.

## (ii) UITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING EN DIE DIENSTE AS GEVOLG DAARVAN GELEWER.

Uit tabel XVI blyk dat die normaalkolleges in 1938 41 persent van die aantal onderwysers wat gedurende daardie tyd, jaarliks tot die onderwysprofessie toegetree het, gelewer het, teenoor die 30 persent van 1923. Die normaalkolleges het dus 'n aansienlike bydrae gelewer in die verhoging van die persentasie gesertifiseerde onderwysers van 78.6 in 1923 tot 98.8 in 1938. Verder het die gemiddelde inskrywing van hierdie inrigtinge gestyg van 586 tot 999 oor dieselfde tydperk. Die vooruitsigte bestaan dus dat die normaalkolleges met die loop van die tyd in nog 'n groter mate in die behoeftes van die Transvaal sal kan voorsien.

TABEL XVI. UITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING EN DIE DIENSTE DEUR NORMAALKOLLEGES GELEWER. (1923-1938.)

| | 1923 | 1938 |
|---|---|---|
| Persentasie gesertifiseerde onderwysers | 78.6 [1] | 98.8 [6] |
| Gemiddelde inskrywing aan normaalkolleges | 586 [2] | 999 [7] |
| Persentasie onderwysers deur normaalkolleges gelewer | 30 [3] | 41 [8] |
| Tydsduur van opleiding vir O3 en T.O.D. | 2 jr. [4] (O3) | 3 jr. [9] (T.O.D.) |
| Eenheidskoste | £78 [5] | £49 [10] |

/Waar.....

1) Sien tabel IX.
2) Ibid.
3) Ibid.
4) Ibid.
5) Sien tabel VIII. Die bedrag van £73 in hierdie tabel is met tien persent vermeerder. Sien in hierdie verband, p. 78.
6) Jaarverslag oor 1939, p. 53.
7) Ibid., p. 58.
8) Ouditeursverslag oor 1937-38, p. 52.
9) Sien p. 73.
10) Sien tabel XV.

Waar die opleidingsduur vir die laagste kwalifikasie, naamlik O3,in 1923 twee jaar geduur het, het dit vir die Transvaalse Onderwysersdiploma in 1938 drie jaar geduur, behalwe in die geval van die inrigting te Heidelberg waar 'n tweejarige kursus vir die Laer Onderwysdiploma aangebied is.

Uit bostaande feite blyk dus dat die Transvaalse Onderwysdepartement beter dienste in 1938 gelewer het as in 1923 en dit teen 'n eenheidskoste van £49 teenoor die £78 van 1923.

(iii) DIE OPLEIDING VAN HUISHOUDKUNDE ONDERWYSERESSE AAN DIE HUISHOUDSKOOL TE JOHANNESBURG.

Die huishoudskool te Johannesburg het nog as provinsiale inrigting huishoudkunde onderwyseresse opgelei tot in 1926 toe dit saam met vak - en handelsonderwys deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem is. Vir die jare 1924 en 1925 verskyn die statistieke in die onderwysjaarverslae vir hierdie skool saam met dié van die hoërskole. Vir die berekening van eenheidskoste is as deeltal geneem die uitgawes aan salarisse vir hoërskole en die huishoudskool gesamentlik en as deler die gemiddelde inskrywing van die hoërskole en huishoudskool ook gesamentlik. Vir die jaar 1924 kom dit op £25.1.9[1] te staan en vir 1925 op £27.13.8.[2] Hoewel dit nie 'n weergawe van die ware toedrag van sake is nie, is dit tog 'n aanduiding van wat die koste van opleiding was. Dit wil dus voorkom asof die opleidingskoste aan hierdie inrigting heelwat goedkoper was, as dié aan die normaalkolleges.

/(iv).....

1) Jaarverslag oor 1924, p. 49.

2) Jaarverslag oor 1925, p. 61.

(iv) 'n VERGELYKING MET DIE ANDER PROVINSIES VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

In tabel XVII word 'n vergelyking getref van die kostes aan onderwysersopleiding in die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika.

Om tot die netto kostes te kom is sekere verstellings aan die statistieke van die provinsies gemaak deur sekere bedrae van die direkte uitgawes af te trek. Omdat leningsbeurse weer terugbetaal word, kan dit nie as uitgawes beskou word nie, behalwe die rente op die uitstaande bedrae. In Transvaal het dit op £35,061[1] te staan gekom vir 1930. Per kapita is dit £46·7. In die O.V.S. kom dit op £54·5 te staan, terwyl dit in Natal op ongeveer £12 per jaar te staan gekom het. In die statistieke van die Kaapprovinsie is hierdie bedrae nie ingebring as uitgawe aan onderwysersopleiding nie.[2] Verder is lesgelde in die geval van die Kaapprovinsie, Natal en die Oranje-Vrystaat van die uitgawes van die betrokke provinsies afgetrek.[3]

TABEL XVII. DIE KOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING VIR DIE VIER PROVINSIES VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA VIR DIE FINANSIëLE JAAR 1930 - '31.[4]

| Provinsie | Aantal studente | Netto uitgawe | Koste per student per jaar |
|---|---|---|---|
| Kaapprovinsie | 636 | £43,107 | £68 |
| Natal | 118 | 5,650 | 48 |
| Transvaal | 830 | 35,061 | 42 |
| O.V.S. | 211 | 10,100 | 48 |

/Volgens.....

1) Jaarverslag oor 1930 (Engelse uitgawe), p. 35.

2) U.G. 36, 1931. Union of South Africa : Annual Report of the Department of Education for the year Ending December, 1930, p. 30.

3) Ibid.

4) Ibid., p. 29.

Volgens tabel XVII was die opleiding van onderwysers in 1930 in Transvaal 'n meer ekonomiese onderneming as in enige van die ander provinsies. As die eenheidskoste op uitgawes aan salarisse alleen bereken word, was die koste in Transvaal £39 teenoor £66 in die Kaapprovinsie, £42 in die Oranje Vrystaat en £50 in Natal.[1] Hieruit blyk dat die Transvaalse salariskoste die laagste is, hoewel sy dosente die beste besoldig is. Die rede hiervoor was dat die inskrywing in elk van die vier opleidingsinrigtings redelik hoog was en in die tweede plek omdat die akademiese opleiding van hulle studente deur die universiteite in drie van die gevalle waargeneem was. Die inrigting op Heidelberg was hierin 'n uitsondering deurdat dit in 'n mate akademiese opleiding aan sy studente, wat B.A.-kursusse (ekstern aan die Universiteit van Suid-Afrika) gevolg het, verskaf het. Die hoë koste van die Kaapse opleidingsinrigtinge moet daaraan toegeskryf word dat die inskrywings aan individuele inrigtings toe so laag was en hulle self die akademiese opleiding aan hulle studente verskaf het.[2]

(v) DIE KOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING DEUR DIE VIER PROVINSIES VERGELYK MET DIE SUBSIDIE VAN DIE UNIEREGERING.

Om die netto koste per student per jaar in tabel XVIII te bepaal, is die totale uitgawes van die provinsies met die bedrae aan leningsbeurse verminder, omdat dit later terugbetaal moes word; ook is die bedrae wat aan onderrigsgelde ontvang is, afgetrek.[3]

Wat die subsidie van die Unieregering betref, moet in die eerste plek daarop gewys word dat die berekening van

/die.....

1) Ibid., p. 33.
2) Ibid., p. 33.
3) Ibid., p. 30.

die subsidie vir een bepaalde jaar gebaseer is op die studenteinskrywing van die vorige jaar. Dit verklaar waarom byvoorbeeld die Kaapprovinsie se subsidie meer as £60[1] per student per jaar is, as ons daaraan dink dat gedurende hierdie jare 'n vermindering in inskrywing van jaar tot jaar in die Kaapprovinsie voorgekom het.[2].

TABEL XVIII. PER CAPITA NETTO KOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING DEUR DIE PROVINSIES VERGELYK MET DIE SUBSIDIE VAN DIE UNIEREGERING ONTVANG VIR DIE FINANSIëLE JAAR 1930 - '31.[3]

| Provinsie | Aantal studente | Netto koste per student | Subsidie van Unieregering per student |
|---|---|---|---|
| Kaapprovinsie | 636 | £67·8 | £67·2 |
| Natal | 118 | 47·8 | 40·3 |
| Transvaal | 830 | 42·2 | 53·2 |
| Oranje Vrystaat | 211 | 49·9 | 67·2 |
| Alle Provinsies | 1795 | 52·3 | 58·9 |

In die tweede plek het baie studente in die normaalkolleges ook klasse aan die universiteite geneem. Die subsidie is proporsioneel aan die hoeveelheid tyd wat die studente slegs aan normaalkolleges klasse geloop het, uitbetaal. Vandaar dat Natal se subsidie so laag was : die opleiding van hulle onderwysers is gesamentlik deur die universiteit en normaalkollege waargeneem. Dit geld in mindere mate die Transvaal ook.[4]

Uit tabel XVIII blyk dit asof die provinsies onderwysers oplei teen 'n koste laer as die subsidie wat van die Unieregering ontvang word. Dit is egter 'n verkeerde indruk.

/By.....

1) Die Unieregering subsidieer die provinsies vir onderwysersopleiding soos volg :- Vir elke voltydse namatrikulasie studentonderwyser ontvang die Kaap en Natal elk £60; die Oranje Vrystaat £66 en die Transvaal £70. (Sien U.G. 36, 1931, op. cit., p. 29.)

2) U.G. 36, 1931, op. cit., p. 30.

3) Ibid.

4) Ibid.

By kostes aan onderwysersopleiding is ~~nie~~ delgingskoste en rente op lenings nie ingebring nie, omdat die provinsies (met uitsondering van die Kaapprovinsie) nie aparte rekenings van hierdie uitgawes hou nie. Om hierdie bewering te staaf sal ter illustrasie verwys moet word na die Kaapprovinsie waar hierdie gegewens wel beskikbaar is. Vir die kalenderjaar 1930 was die koste per student per jaar onder hierdie kategorie £17·9 en vir die ander uitgawes £73·7 met 'n totaal dus van £91·6 per student per jaar.[1] Hierdie gegewens is ongelukkig nie vir die finansiële jaar 1930-'31 beskikbaar nie, maar is tog 'n aanduiding dat die koste aan onderwysersopleiding in hierdie provinsie meer was as die subsidie van die Unieregering ontvang. In die geval van die Transvaal was die subsidie van die Unieregering vir die finansiële jaar 1930-31 £53·2 teen 'n netto opleidingskoste van £42·2 - 'n verskil van £11.[2] As daarop gelet word dat die delgingskoste en rente op lenings in die geval van die Kaapprovinsies vir min of meer dieselfde tydperk op £17·9 te staan gekom het, het ons heelwat rede om te beweer dat die koste per student per jaar in dieselfde kategorie van uitgawes minstens £11 kon wees, waaruit ons kan konkludeer dat dit baie onwaarskynlik was, dat die subsidie van die Unieregering die totale opleidingskoste oorskry het.

In hierdie verband dien daarop gelet te word dat die gemiddelde inskrywing aan provinsiale skole en normaalkolleges slegs 'n basis was vir die berekening van die bedrae wat as subsidies deur die Unieregering aan die provinsies betaal moes word. Hierdie subsidie was blykbaar

/nie.....

1) Ibid., pp. 30-31.
2) Ibid.

nie net bedoel vir onderwysdoeleindes nie, veral as ons daaraan dink dat voor 1925[1] en vanaf 1945[2] ander grondslae vir die berekening van hierdie bedrae gebruik is. Hierdie basis is ingevoer op aanbeveling van die Provinsiale Finansiële Kommissie van 1923[3] en die Provinsiale Finansiële Kommissie van 1933[4] het beweer dat hulle geen ander land ter wêreld kon vind waar so'n grondslag in swang was nie. Die kommissie van 1933 is op grond van die gebreke van hierdie metode benoem om 'n ander metode na sorgvuldige ondersoek aan te beveel. Eers in 1945 is 'n radikale verandering hieraan aangebring.

(vi) EENHEIDSKOSTES AAN DIE TRANSVAALSE OPLEIDINGS-INRIGTINGE en DIE UNIVERSITEITE.

Die eenheidskoste vir die staat vir alle universiteite vir 1930 was £57.[5] Die moontlikheid bestaan dat die opleiding van die onderwyser aan die universiteit nog goedkoper is as dié van die mediese student of die ingenieur. Die koste aan onderwysersopleiding in Transvaal vir dieselfde jaar was £45.[6] Die eenheidskoste vir die universiteite sluit egter alle kostes in, terwyl die koste van Transvaal die koste aan rente op lenings en skulddelgings nie insluit nie.[7]

Vir die finansiële jaar 1938/39 was die eenheidskoste

/(kapitale.....

---

1) Sien pp. 75 en 76.
2) Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1945, pp. 349-353.
3) Sien p. 76.
4) Sien p. 76.
5) U.G. 36, 1931, op. cit., p. 29.
6) Sien tabel XV.
7) U.G. 36, 1931, op. cit., p. 29.

(kapitale uitgawes uitgesluit) aan studenteopleiding aan die universiteite £96·86[1] en aan die universiteitskolleges £100·53.[2] Die gemiddelde het gewissel van £58·21[3] vir Potchefstroom tot £125·76[4] vir Rhodes. Van hierdie kostes het die staat ongeveer die helfte gedra.[5] Hierteenoor vind ons 'n eenheidskoste (kapitale uitgawes ook uitgesluit) van £49[6] in 1938 en £54[7] in 1939 vir die Transvaalse onderwyskolleges.

Uit die beskikbare gegewens kan egter nie vasgestel word of die eenheidskoste by die universiteite slegs die koste van die kant van die universiteite insluit nie en of die studentebydraes ook bygebring is nie. In die geval van die onderwyskolleges is dit nie bygebring nie.

(vii) DIE VERHOUDING VAN DIE KOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING TOT KINDOPLEIDING.

Om die eenheidskoste te bepaal is as deeltal in beide gevalle van onderwysers - en kindopleiding alle direkte - en indirekte uitgawes, behalwe die uitgawes aan rente op lenings en delging van lenings, geneem.

/Tabel XIX.....

1) Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal vir die Boekjaar 1938/39, p. 200.

2) Ibid.

3) Ibid.

4) Ibid.

5) Ibid.

6) Sien tabel XX.

7) Ibid.

TABEL XIX. DIE VERHOUDING VAN EENHEIDSKOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING EN LAERSKOOL KINDOPLEIDING.

| Jaar | Koste per student per jaar. | Koste per laerskoolkind per jaar. | Verhouding |
|---|---|---|---|
| 1930 | £45 1) | £18 3) | 2·5 : 1 |
| 1938 | 49 2) | 19 4) | 2·6 : 1 |

Volgens tabel XIX het die verhouding van koste aan onderwysersopleiding tot kindopleiding van 1930 tot 1938 vermeerder van 2·2 : 1 tot 2·6 : 1.

SAMEVATTING.

Vir die eerste keer sedert 1902 is daar vanaf 1935 komitees in die lewe geroep wat in verband met die normaalkolleges gestaan het. Hierdie komitees of "Streekkomitees" soos hulle genoem was, het egter slegs adviserende hoedanigheid besit en was geensins verteenwoordigend van die ouers van studente nie. Van die beginsel van die bepaling van die gees en rigting van die normaalkolleges deur die ouers van studente of van die ouers van die leerlinge aan wie die studente later onderwys en opvoeding gaan verskaf, is hier geen sprake nie. Ten opsigte van hierdie beginsel bly onderwysersopleiding nog 'n staatsonderneming; ook geen onderrigsgelde is gehef nie, behalwe aan die universiteite waar die akademiese deel van die opleiding verskaf is; vir losies ens. was daar vanaf 1925 volle leningsbeurse beskikbaar.

Tot 1925 is 'n subsidie deur die Unieregering aan die /provinsies.....

---

1) Sien tabel XV.
2) Ibid.
3) Jaarverslag oor 1930. (Engelse uitgawe), p. 38.
4) Jaarverslag oor 1939, p. 58.

provinsies betaal, gebaseer op die uitgawes van die vorige jaar. Van hierdie jaar af is 'n nuwe basis ingevoer. 'n Jaarlikse subsidie van die unieregering, gebaseer op die gemiddelde skoolbesoek in laer -, middelbare - en normaalskole, sou voortaan betaal word. Hierdie subsidie wat een van die vernaamste bronne van inkomste van die provinsie was, is bestee sonder dat daarvan rekenskap aan die sentrale regering gegee is; dit is 'n ongesonde beginsel.

Wat die eenheidskoste aan onderwysersopleiding betref, het dit van £71 in 1924 gedaal tot £43 in 1927. Die rede vir die hoër koste in 1924 was omdat die studente nie nodig gehad het om die helfte van die beurse in daardie jaar aan hulle toegestaan, terug te betaal nie. Die eenheidskoste het in 1929 'n redelike styging getoon as gevolg van verhoogde uitgawes aan salarisse, meubels en uitrusting. Vanaf 1930 het dit weer gedaal as gevolg van die depressie in daardie en daaropvolgende jare en die gevolglike besnoeiing op alle gebiede maar veral ten opsigte van die salarisse van onderwysers. In die dertigerjare was daar nie 'n groot skommeling in eenheidskoste nie.

Die dienste deur die Transvaalse Onderwysdepartement met sy normaalkolleges gelewer, was ook heelwat beter as dié in 1923, want die onderwysers wat in die dertigerjare opgelei was, was beter gekwalifiseer as dié in 1923 opgelei. Verder kon die Transvaal ook al 41 persent van die aantal onderwysers wat jaarliks tot die onderwysdiens moes toetree, voorsien, teenoor die 30 persent van 1923; en dit alles is gelewer teen 'n eenheidskoste van £49 in 1938 teenoor die £78 van 1923. Die belastingbetaler het teen 1938 weereens beter dienste teen 'n baie laer koste ontvang as in 1923.

.....

/In.....

In vergelyking met die ander provinsies het Transvaal teen 1930 onderwysers baie meer ekonomies opgelei as die ander provinsies.

Verder blyk dit dat, in teëstelling met die populêre beskouing, naamlik dat die provinsies 'n wins maak met onderwysersopleiding op die subsidie deur die Unieregering vir hierdie doel aan die provinsies betaal, dit die provinsies vir onderwysersopleiding meer kos as die subsidie ontvang. Ook blyk dit dat die gemiddelde inskrywing aan provinsiale skole en normaalkolleges slegs gedien het as basis vir betaling van subsidie aan die provinsies en dat die spesifieke bedrae sodanig verkry, nie slegs vir onderwys bedoel was nie omdat voor 1925 en vanaf 1945 ander grondslae gedien het vir die berekening van die betrokke subsidie.

Die verhouding van koste aan onderwysersopleiding tot laerskool kindopleiding was 2•5 : 1 in 1930 teenoor 2•6 : 1 in 1938.

# HOOFSTUK 6.

## FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS IN TRANSVAAL. (1939 - 1956.)

### (a) REGULASIES IN VERBAND MET DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

In 1940 is nuwe voorwaardes vir die opleiding van blanke onderwysers en die uitreiking van onderwysersdiplomas gepubliseer. Die inhoud was min of meer dieselfde as dié van 1937. Hierdie voorwaardes sou van nou af slegs dien as leidraad deurdat die normaalkolleges groot vryheid ten opsigte van kursusse, leergange en opleiding gekry het.[1)]

Vanaf 1944 is 'n nuwe driejarige diplomakursus ingestel bestaande uit 'n professionele opleiding van twee jaar plus 'n eenjarige spesiale kursus in sekere vakke. Die akademiese studie aan die universiteite is in hierdie gevalle nie meer verpligtend nie.[2)]

Na die inwerkingtreding van die onderwysordonansie van 1953, het in 1954 weer regulasies, voorwaardes en kursusse vir die opleiding van onderwysers verskyn wat die vryhede sedert 1940 in 'n mate ingekort het. In hoofsaak word die volgende kursusse as gevolg van hierdie regulasies aangebied :-[3)]

1. 'n Tweejarige professionele kursus wat lei tot die verwerwing van die Transvaalse Laer Onderwysersdiploma met of sonder spesialisering in Juniorwerk.

2. 'n Driejarige professionele kursus wat lei tot die Transvaalse Onderwysersdiploma met spesialisering in een of ander vak. .....

/3. 'n Driejarige.....

1) H.P. van Coller, op. cit., p. 366.

2) Jaarverslag oor 1943, p. 14.

3) Sien Prospektusse van die onderwyskolleges: Heidelberg, 1957-58, p.11; Potchefstroom, 1957, pp. 10-11; Pretoria 1957-58, p. 16; Johannesburg, 1957, p. 2.

3. 'n Driejarige kursus bestaande uit een jaar graadstudie en twee jaar professionele opleiding wat lèi tot die Transvaalse onderwysersdiploma.

4. 'n Vierjarige kursus wat lei tot die verwerwing van 'n Baccalaureus-graad plus die Transvaalse Hoër Onderwysersdiploma.

Aan die Pretoriase en Johannesburgse normaalkolleges is ook 'n eenjarige professionele kursus vir gegradueerdes ingevoer.

Vanaf 1952 is ook akademiese kursusse aan die Heidelbergse onderwyskollege in samewerking met die Universiteit van Suid-Afrika, ingevoer.[1)]

As gevolg van die groot te kort aan onderwysers gedurende die jare na die Tweede Wêreldoorlog is vanaf 1952 aan die Johannesburgse en Pretoriase onderwyskolleges en ook deur die Heidelbergse onderwyskollege te Boksburg net soos in verskillende lande van die wêreld, noodopleidingstelsels in die lewe geroep met die doel om die te kort aan onderwysers te verlig.[2)] Hierdie kursusse duur eenen 'n half jaar vir kandidate in besit van 'n Baccalaureusgraad en twee-en-'n-half jaar vir diegene wat nie 'n volle Baccalaureusgraad besit nie, maar in besit is van 'n Transvaalse skooleindsertifikaat of gelykstaande senior-of skooleindsertifikaat.[3)]

(b) DIE BEHEER VAN ONDERWYSKOLLEGES ('n VERGELYKING MET DIE ANDER PROVINSIES VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.)

In die Kaapprovinsie en in Transvaal word vir elke Kollege 'n beherende liggaam, kollege - of streekraad benoem en deur die administrateur aangestel. Die

/getalsterkte.....

---

1) Prospektus van die Heidelbergse onderwyskollege, 1957, p. 9.

2) Jaarverslag oor 1952, p. 20.

3) Prospektus van die Pretoriase onderwyskollege, 1957-58, pp. 17 en 26-27.

getalsterkte word ook deur die administrateur vasgestel. Die funksies van hierdie liggame sluit onder andere in : die beheer oor die geboue, koshuise, terreine ens.; dit maak aanbevelings by die onderwysdepartemente in verband met die aanstelling van doserende -, administratiewe - en koshuispersoneel, uitbreidings en herstelwerk aan geboue, die toekenning van studielenings en merietebeurse, ens. Die aanstelling van die personeel berus by die onderwyshoofde. Die Raad van Beheer van die onderwyskollege van die Universiteit van die Oranje Vrystaat se samestelling en funksies is soortgelyk aan dié van die Transvaal en die Kaapprovinsie, behalwe dat hierdie Raad geensins aanbevelings in verband met die aanstelling van doserende personeel doen nie. In al drie die genoemde gevalle woon die hoofde van die kolleges die vergaderings van die beherende liggame in raadplegende hoedanigheid by.[1)]

In Natal staan die onderwyskollege onder direkte beheer van die onderwyshoof, by wie die hoof van die kollege al sy aanbevelings doen. Die personeel word aangestel deur die administrateur op aanbeveling van die Direkteur van Onderwys.[2)]

Die "Streekkomitees" van Transvaal, netsoos in die geval van die ander provinsies, is op die huidige nog geensins verteenwoordigend van die ouers van studente of van die ouers van leerlinge aan wie die studente later onderwys en opvoeding gaan gee nie. Die beginsel dat sodanige ouers die gees en rigting van die opleidingsinrigtinge bepaal, bestaan dus nie; wat hierdie beginsel betref is die onderwyskolleges van Transvaal dus staatsinrigtinge.

/Gelukkig.....

1) Provinsie Oranje Vrystaat : Verslag van die Komitee van ondersoek na die opleiding van onderwysers, 1955 p. 44.

2) Ibid.

Gelukkig dat ons in ŉ christelike staat, met leiers wat ŉ christelike lewens- en wêreldbeskouing huldig, leef, anders kan ŉ gevaarlike toestand hieruit ontwikkel as ŉ onchristelike (of antichristelike) staat die gees en rigting deur middel van sy Streekkomitees en gevolglike aanstellings van doserende personeel, die gees en rigting van hierdie inrigtings sou bepaal. Aan die anderkant bestaan die gevaar dat die"Streekkomitees", as hulle deur die ouers verkies sou word, netsoos in die geval met skoolrade, beheerrade en skoolkomitees die geval is, in kerkisme kan verval by die aanbeveling van doserende personeel.

(c) PROVINSIALE WETGEWING EN FINANSIëLE REGULASIES.

(i) STAND IN TRANSVAAL.

Die regulasies van 1926 is in 1940 versag deurdat ŉ student van toe af onthef kon word van die ondertekening van ŉ verbintenisvorm, maar dan moes hy £2 per vak lesgelde betaal met ŉ maksimum van £25.[1] Hierdie regulasie maak dus voorsiening vir die beginsel van betaling van lesgelde, maar was eintlik strydig met ordonansie Nr. 7 van 1914 toe weggedoen is met die heffing van onderrigsgelde in middelbare skole en opleidingsinrigtings.[2]

Vanaf 1947 is in ŉ poging om meer rekrute vir die normaalkolleges te trek, bo en behalwe die voorregte van die gewone leningsbeurse, aan elkeen van die inrigtinge 20 vrybeurse van £50 elk toegeken vir aanbieding aan die mees belowende studente wat hulle van daardie jaar af wou laat inskryf.[3]

/Vanaf.....

---

1) T.O.D.-onderwysburo, op. cit., p. 24.
2) Sien p. 56.
3) Jaarverslag oor 1946, p. 7.

Vanaf 1948 is drie leningsbeurse van £300 elk onder sekere voorwaardes aan onderwysers beskikbaar gestel vir studie oorsee.[1]

Vanaf 1950 is aan voornemende normaalkollegestudente vry tweetaligheidsbeurse van £25 elk beskikbaar gestel as hulle 'n sekere standaard van tweetaligheid behaal het in die eindeksamen van die middelbare skool.[2]

Die regulasies van 1950 het die ondertekening van 'n verbintenisvorm weer verpligtend gemaak; 'n boete van £50 of 'n gedeelte daarvan, na gelang van omskrewe omstandighede, moet betaal word by nie-nakoming van die verbintenis.[3]

In 1953 is 'n nuwe gekonsolideerde onderwysordonnansie[4] deur die Provinsiale Raad van Transvaal aangeneem. Hiervolgens sal die administrateur, by wyse van regulasies, die gelde betaalbaar ten opsigte van onderrig, opleiding en onderhoud, bepaal.[5] Hierdie ordonnansie stel dus die weg oop vir verpligte lesgelde en die aangaan van verbintenisse.

Die regulasies[6] wat in 1954 verskyn het in uitvoering van artikel 104 van die genoemde ordonnansie, maak die ondertekening van 'n verbintenisvorm nog verpligtend, maar

/die.....

---

1) Jaarverslag oor 1948, p. 7.

2) Jaarverslag oor 1950, p. 11.

3) T.O.D.-onderwysburo, op. cit., p. 25.

4) Transvaal : Ordonnansie Nr. 29 van 1953.

5) Ibid. , art. 104.

6) Administrateurskennisgewing Nr. 824 van 29.9.54. (Sien Handboek van Regulasies, Voorwaardes en Kursusse vir die opleiding van onderwysers, Junie 1954, pp. 6-8. )

die boete by nie-nakoming van die ooreenkoms is nou verhoog na £100. Hierdie bedrag kon verminder word na verhouding met die tydperk van diens wat reeds gelewer is. In hierdie regulasies word voorsiening gemaak vir studielenings en nie-terugbetaalbare studietoelaes. 'n Studielening kan gebruik word by 'n onderwyskollege of by 'n ander inrigting wat nie onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement staan nie - dit is alleen in gevalle waar bepaalde kursusse nie by die onderwyskolleges voorsien word nie. So'n studielening kan geheel-en-al of gedeeltelik die koste van enige of 'n gedeelte van losies, onderhoud, vervoer, universiteitsgelde, boeke en apparaat dek. 'n Studietoelae kan slegs aan 'n onderwyskollege gebruik word en word toegestaan slegs aan Suid-Afrikaanse burgers, wie se ouers of voogde normaalweg in Transvaal woonagtig is. Hierdie studietoelaes bedra £50 en £25 onderskeidelik. Laasgenoemde word toegeken aan persone wat 'n sekere standaard van tweetaligheid behaal het in die matrikulasie-eksamen.[1] Wat die £50 studietoelae betref, word daar 20 per onderwyskollege beskikbaar gestel en die toekenning daarvan geskied op 'n merietebasis.[2]

Studietoelaes moet terugbetaal word as studente nie die bepalings in die verbintenisvorm nakom nie.[3]

'n Studietoelae word ook vanaf 1 Januarie 1956 toegestaan om die koste van universiteitsgelde te dek. Dit geld vir studente wat universiteitsopleidingskursusse volg as deel van hulle opleiding aan 'n onderwyskollege.[4]

/(ii) 'n.....

1) Transvaalse Ordonnansie Nr. 29 van 1953, art. 63(a)

2) Sien Prospektusse van die onderwyskolleges.

3) Handboek van Regulasies, Voorwaardes en Kursusse vir die opleiding van onderwysers, Junie 1954, p. 9.

4) Administrateurskennisgewing 1076 van 7.12.55.(Sien Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal, Volume CLV, Nr. 2550, 7.12.55, p. 478.

(ii) ŉ VERGELYKING MET DIE ANDER PROVINSIES.

In die Kaapprovinsie word rentevrye lenings van hoogstens £120 per jaar aan studente toegeken vir onderwysersopleiding, terwyl vanaf 1956 vrybeurse ten bedrae van £90 per jaar toegeken word.[1] Verder hef die Kaapprovinsie lesgelde ten bedrae van £6 per jaar wat in sekere gevalle kwytgeskel kan word.[2]

Die Oranje Vrystaat stel 20 merietebeurse met ŉ totale waarde van £1900 per jaar beskikbaar vir onderwysersopleiding; daarbenewens word ook nog £100 leningsbeurse met ŉ totale waarde van £21,500 beskikbaar gestel.[3]

In Natal word £36,000 aan leningsbeurse en £36,000 aan vrybeurse vir onderwysersopleiding beskikbaar gestel; verder word 200 leningsbeurse van £100 elk aan die opleidingskollege vir dieselfde doel beskikbaar gestel.[4] Wat lesgelde betref, hef Natal ŉ bedrag van £10 jaarliks.[5]

Al vier die provinsies stel dus vry- en leningsbeurse beskikbaar vir onderwysersopleiding. Alleen Kaapland en Natal handhaaf die beginsel dat die student ŉ deel bydra

/tot.....

---

1) Regulasies op Ordonnansie Nr. 20 van 1956 van die Kaapprovinsie. (Sien lêer O/4 by Buro van Opvoeddundige, en Maatskaplike Navorsing.)

2) Ordonnansie Nr. 20 van 1956 van die Kaapprovinsie. (Sien Offisiële Koerant van die Provinsie Kaap die Goeie Hoop van 14 September 1956, p. 416. Sien ook : Provinsie Oranje Vrystaat : Verslag van die Komitee van Ondersoek na die opleiding van onderwysers, 1955, p. 44.)

3) Saamgestel uit antwoorde op ŉ vraelys uitgestuur deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. (Sien lêer E. 777/y/64 by genoemde Buro.)

4) Sien skrywe 4/56/2418 van 17.6.57 van Direkteur van Onderwys van Natal aan Direkteur van Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing in lêer E 777/y/64 by genoemde Buro.

5) Provinsie Oranje Vrystaat : Verslag van die Komitee van ondersoek na die opleiding van onderwysers, 1955, p.34.

tot die instandhoudingskoste van opleidingsinrigtinge deurdat hulle lesgelde hef. In Transvaal is nie alleen die lesgelde aan die opleidingsinrigtinge vry nie, maar ook die lesinggelde aan die universiteite vir diegene wat universiteitskursusse volg; dit word uit provinsiale fondse betaal.

(iii) ʼn VERGELYKING MET OORSESE LANDE.

Uit ʼn ondersoek uitgevoer deur die Internasionale Buro van Onderwys in verband met die opleiding van laerskoolonderwysers het geblyk dat 41 lande, van wie antwoorde op ʼn vraelys ontvang is, geen lesgelde hef nie, teenoor 12 lande waar dit wel betaal moet word. Die bedrag van lesgelde varieer baie.

In sekere lande soos Afghanistan,[1] Burma,[2] Ecuador,[3] Persië,[4] Sirië,[5] Joegoslawië,[6] Australië,[7] Nieu-Seeland[8] en selfs Frankryk word alle opleidingskoste (leergelde sowel as onderhoud) deur die staat gedra. In Frankryk ontvang aspirantonderwysers in die laaste jaar van hulle opleiding ʼn salaris.[9] Alle studente moet egter onderneem om tien jaar onderwys te gee.[10] In Australië word die universiteitsgelde deur die staat betaal vir diegene wat

/universiteitskursusse.....

1) Unesco : Primary Teacher Training, p. 29.

2) Ibid., p. 52.

3) Ibid., p. 100.

4) Ibid., p. 175.

5) Ibid., p. 215.

6) Ibid., p. 248.

7) Ibid., p. 39.

8) Ibid., p. 161.

9) Ibid., p. 111.

10) T.O.D.-onderwysburo, op. cit., p. 20.(Sien ook Kandel, Comparative Education, p. 553.)

universiteitskursusse neem. Verder ontvang hulle 'n basiese monitêre toelaag en diegene wat nie by die ouerhuis inwoon nie, ontvang nog 'n supplementêre toelaag.[1] Studente aan opleidingsinrigtings in Nieu-Seeland ontvang 'n toelaag van £145 per jaar plus 'n losiestoelaag van £40 per jaar as hy weg van sy ouerhuis af moet inwoon. Die duur van die opleidingskursus is drie jaar waarvan die laaste jaar as leerlingonderwyser aan 'n skool deurgebring word onder toesig van die hoof van die skool. Gedurende hierdie jaar ontvang hy 'n vergoeding van £235 per jaar.[2]

In sekere lande soos Engeland, die Skandinawiese lande en België is die onderrigsgelde vry, maar dan word daar gewoonlik lenings- en/of vrybeurse beskikbaar gestel. In Engeland betaal die studente aan opleidingskolleges en universiteitsdepartemente vir opvoedkunde geen lesinggelde en ook geen losiesgelde nie, behalwe as die ouers se inkomste 'n sekere bedrag oorskry. Indien hulle nie inwoon nie, word 'n onderhoudstoelaag van £60 per jaar aan die student betaal.[3] Vir studente wat deur die noodopleidingskema opgelei word, word alle kostes betaal. Toelaes is ook aan getroude studente teen £110 per jaar vir 'n vrou en £40 per jaar vir 'n kind betaal.[4] In Noorweë, Swede en Denemarke word geen onderrigsgelde in die staatsnormaalskole deur studente betaal nie - ook nie aan die universiteite van Denemarke en Noorweë nie. Lenings vir onderhoud word

/beskikbaar.....

---

1) Unesco, Primary Teacher Training, p. 39.

2) Ibid., p. 161.

3) Ibid., p. 233.

4) H.M.S.O., Challenge and Response. An Account of the emergency Scheme for the Training of Teachers, pp. 21-22.

beskikbaar gestel.[1] In België word geen lesgelde gehef nie, maar losiesgelde moet betaal word.[2]

Dan is daar 'n derde groep lande soos Skotland,[3] Holland,[4] en die V.S.A.[5] waar onderrigsgelde betaal word. In Kanada,[6] behalwe in die protestantse inrigtings van Quebec waar die studente geen onderrigsgelde betaal nie, word in feitlik al die staatsinrigtings opleidingsgelde betaal.

As ons Transvaal dus met oorsese lande vergelyk, val hy in die kategorie, waar Engeland, die Skandinawiese lande en België hulle in bevind n.l. dié groep waar geen onderrigsgelde aan die opleidingsinrigtinge betaal word nie en ook nie lesgelde aan die universiteit vir diegene wat kursusse aldaar volg nie. Verder wil dit uit hierdie vergelyking voorkom asof die meer agterlike lande algehele vry onderwysersopleiding verskaf en dié lande wat weer op die voorpunt van die beskawing staan, die minste finansiële ondersteuning aan aspirantonderwysers verskaf. Frankryk, Australië en Nieu-Seeland is hierop egter 'n uitsondering.

(d) DIE FINANSIëLE VERHOUDINGE TUSSEN DIE UNIE EN DIE PROVINSIES.

Die berekening van uniale subsidies aan die provinsies op 'n basis van skoolstatistiek soos vasgelê in Wet Nr. 46

/van.....

1) T.O.D.-onderwysburo, op. cit., p. 22.

2) Unesco, Primary Teacher Training, p. 47.

3) Ibid., p. 238.

4) Ibid., p. 121.

5) T.O.D.-Onderwysburo, op. cit., p. 22.

6) Unesco, Primary Teacher Training, pp. 62, 63, 65, 70, 73, 78.

van 1925 en Wet Nr. 50 van 1935 is deur Wet Nr. 38 van 1945 totaal gewysig. Hiervolgens sou die provinsies voortaan hulle inkomstes verkry uit :-

1. Inkomstes wat 'n provinsie kragtens wet verkry.
2. Gelde voorsien deur die Nasionale Padraad.
3. Subsidies van die Unieregering gebaseer op die uitgawes van die vorige jaar.

Hierdie uitgawes is gespesifiseer en 50 persent subsidie word daarop betaal; indien die uitgawes vir 'n betrokke jaar die uitgawes van die vorige jaar met meer as vyf persent oorskry, word slegs 33⅓ persent subsidie betaal op die ekstra uitgawes bo die vyf persent oorskryding. (artikels 3-6.)[1]

Die uitgawes in verband met die instandhouding van inrigtings, wat uitsluitlik bedoel is vir die opleiding van onderwysers (en vir skole onder beheer van die provinsies), moet uit provinsiale inkomstefondse bestry word; netso moet die beurse wat aan studente vir onderwysersopleiding toegeken word, uit hierdie fondse verkry word. (art. 18).[2] Gelde wat die provinsies van tyd tot tyd nodig het vir kapitale uitgawes, word by wyse van lenings deur die Unieregering aan die provinsie voorgeskiet wat 'n rente teen vyf persent dra. Terugbetaling van kapitaal en rente geskied paaiementsgewyse en word in die provinsie se rekeninge as lopende uitgawes behandel.

Vanaf 1945 is dus weggedoen met die £70 per-student-per-jaar-basis vir onderwysersopleiding.

(e) KOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING.

(1) EENHEIDSKOSTE EN DIE NEIGING VAN DIE UITGAWES.

In tabel XX is die netto uitgawe verkry deur die

/totale.....

1) Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1945, pp. 349-353.
2) Ibid., p. 373.
3) Ibid., p. 365-367.

totale uitgawe[1] in die onderwysdepartement se statistieke te verminder met die leningsbeurse omdat dit weer terugbetaal word deur die studente as hulle begin skoolhou. Rente teen 5 persent[2] kan hoogstens bygevoeg word by die totale uitgawe, maar is nie gedoen nie omdat leningsbeurse voorsien word uit rekening van lopende uitgawe van die provinsie. Die uitgawes wat in die statistieke van die departement vir 'n spesifieke jaar opgeneem is, is die uitgawes soos vir die finansiële jaar, waarvan die betrokke jaar die grootste gedeelte uitmaak; byvoorbeeld : die uitgawes vir 1955 is die uitgawes soos vir die finansiële jaar 1955/56. Dieselfde prosedure is gevolg in tabel XX.

Verder moes ook verstellings van die statistieke van die departement gemaak word ten opsigte van die deler wat gebruik is by eenheidskostebepaling. Vanaf 1938 tot 1946 het die departement die gemiddelde inskrywing van die onderwyskolleges vir hierdie doel gebruik, maar vanaf 1947 is die inskrywing soos op die eerste Dinsdag van Junie van elke jaar vir hierdie doel aangewend.[3] Dit is meer korrek om die gemiddelde inskrywing oor die finansiële jaar te gebruik, maar omdat die gemiddelde inskrywing vir die tydperk 1947 tot 1955 nie beskikbaar is nie, is die gemiddelde inskrywing vir die tydperk 1938 tot 1946 in die statistieke van die departement vervang deur die inskrywing soos op die eerste Dinsdag van elke jaar.....

/Hierdeur.....

1) Direkte en indirekte uitgawes is albei ingesluit onder uitgawe.

2) Die Unieregering skiet fondse aan die provinsiale regerings voor vir kapitale uitgawes teen 5 persent rente. (Sien Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1945, pp. 365-367.)

3) Jaarverslag oor 1946, p. 30 (Sien ook Jaarverslag oor 1947, pp. 17 en 34.)

TABEL XX. STAATSUITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING IN TRANSVAAL. (1938 - 1955.) 1)

| Jaar | Inskrywing | Netto uitgawe | Koste per student per jaar. |
|---|---|---|---|
| 1938 | 999 | £49,054 | £49 |
| 1939 | 1107 | 59,651 | 54 |
| 1940 | 1203 | 63,869 | 53 |
| 1941 | 1219 | 64,809 | 53 |
| 1942 | 1178 | 60,940 | 52 |
| 1943 | 1131 | 67,330 | 60 |
| 1944 | 1094 | 77,318 | 71 |
| 1945 | 1059 | 86,377 | 82 |
| 1946 | 1237 | 107,339 | 87 |
| 1947 | 1261 | 130,774 | 104 |
| 1948 | 1322 | 143,042 | 108 |
| 1949 | 1316 | 142,875 | 109 |
| 1950 | 1482 | 149,339 | 101 |
| 1951 | 1548 | 165,430 | 107 |
| 1952 | 1515 (1651) 2) | 212,404 | 140 (129) 3) |
| 1953 | 2069 | 260,533 | 126 |
| 1954 | 2644 | 319,507 | 121 |
| 1955 | 3190 | 336,182 | 105 |

Hierdeur word dan eenheidskostes verkry wat op 'n gemeenskaplike basis bepaal is en dus vir vergelykende doeleindes aangewend kan word. Hier kan egter net gemeld word dat die eenheidskostes (tot die naaste £) bereken, volgens die gemiddelde inskrywing enersyds, en bereken volgens die inskrywing soos op die eerste Dinsdag van Junie van elke jaar andersyds, vir die jare 1938 tot 1944 geen verskil in die eenheidskoste opgelewer het nie.

Uit tabel XX blyk dat daar vanaf 1938 tot 1939 'n taamlike styging in eenheidskoste voorgekom het. Die Direkteur skryf dit toe aan groot uitbreiding.[4] By ontleding van die uitgawes blyk dit dat dié uitbreiding ten opsigte van doserende personeel, meubels, uitrusting, boeke en

/materiaal.....

---

1) Saamgestel uit die betrokke jaar- en ouditeursverslae.
2) en 3) Sien p. 105.
4) Jaarverslag oor 1939, p. 6.

materiaal geskied het.[1] Vanaf 1939 tot 1942 was die eenheidskoste byna konstant, maar in 1943 kry ons 'n styging van £8 op die vorige jaar. Die betaling van groter lewenskostetoelae en 'n oorlogsbonus van 5 persent aan doserende personeel vanaf 1 Oktober 1943 is hiervoor verantwoordelik.[2] In 1944 het die eenheidskoste met 'n verdere £11 gestyg wat in 'n groot mate nog die gevolg is van die oorlogsbonus wat sedert Oktober die vorige jaar betaal is, maar nou vir 'n volle jaar 'n uitwerking op die eenheidskoste gehad het. Ander faktore wat hiervoor verantwoordelik is, is die verhoogde reis- en verblyftoelae, verhoogde pryse van boeke, materiaal en kollege-uitrusting[3] benewens die kleinerwordende inskrywing.

In 1945 het die eenheidskoste weer eens met £11 gestyg. Nuwe salarisskale wat in 1945 goedgekeur en van terugwerkende krag was vanaf 1 Oktober 1944,[4] was hoofsaaklik verantwoordelik vir hierdie verhoging in eenheidskoste. In 1946 het die eenheidskoste nog verder gestyg en by 'n ontleding van die uitgawes blyk dat uitgawes aan salarisse, meubels en uitrusting hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik was.[5]

Vanaf 1 April 1947 is weer nuwe verbeterde salarisskale vir onderwysers op 'n uniale basis ingevoer[6] as gevolg waarvan die eenheidskoste vir hierdie jaar die hoogte ingeskiet het om die £104 kerf te bereik.

In 1948 het die eenheidskoste nog verder gestyg,

/wat.....

---

1) Ibid., p. 55.
2) Jaarverslag oor 1943, p. 5.
3) Jaarverslag oor 1944, (Engelse uitgawe ), p. 29.
4) Jaarverslag oor 1945, p. 9.
5) Jaarverslag oor 1946, p. 28.
6) Jaarverslag oor 1947, pp. 6-7.

wat hoofsaaklik toe te skryf is aan verhoogde uitgawes vir salarisse, boeke, materiaal en kollege-uitrusting.[1] Die volgende jaar was daar geen noemenswaardige verandering in die neiging van die uitgawes nie, maar in 1950 het dit gedaal tot £101. Die rede hiervoor is 'n styging van die inskrywing aan die onderwyskolleges ten gevolge van die steeds groterwordende onderwyserstekort.

In 1951 het die eenheidskoste nog hoër gestyg en by 'n ontleding van die uitgawes blyk dat salarisse nogeens die vernaamste rede hiervoor was. Die volgende jaar het die eenheidskoste, volgens tabel XX, die rekordhoogte van £140 bereik, maar dit is blykbaar te wyte aan 'n fout in die statistieke van die departement. In die eenheidskostetabelle[2] van die departement word die inskrywing aangegee as 1515, terwyl dit elders in dieselfde verslag[3] as 1651 aangegee word. In die verslag[4] van die volgende jaar word dit ook as 1651 aangegee. Indien laasgenoemde inskrywing as deler by die eenheidskostebepaling geneem word, vind ons 'n eenheidskoste van £129, wat nie so abnormaal afwyk nie en gevolglik die naaste aan die waarheid blyk te wees. Nogtans toon dit 'n geweldige styging vir hierdie jaar wat weereens toe te skryf is aan 'n salarisverhoging wat vanaf 1 April 1952[5] in werking getree het.

Vanaf 1953 tot 1955 vertoon die eenheidskoste weer 'n sterk dalende neiging as gevolg van 'n geweldige styging in inskrywing.

/(ii)Uitgawes.....

---

1) Jaarverslag oor 1948, p. 27.
2) Jaarverslag oor 1952, p. 54.
3) Ibid., p. 37.
4) Jaarverslag oor 1953, p. 207.
5) Jaarverslag oor 1952, pp. 15-17.

## (ii) UITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING EN DIE DIENSTE AS GEVOLG DAARVAN GELEWER.

### 1. STAND IN TRANSVAAL.

Volgens tabel XXI kon die Transvaalse onderwyskolleges in 1955 nie 'n groter persentasie onderwysers vir sy eie behoeftes lewer as in 1938 nie,[1] maar as ons daaraan dink dat die aantal laer- en middelbare skoolleerlinge in openbare skole vir blankes van 153,204[2] in 1938 vermeerder het tot 264,270[3] in 1954 - dit is met 72 persent - terwyl die aantal studente in die onderwyskolleges vermeerder het van 999[4] tot 3190[5] vir die ooreenstemmende tydperk, wat neerkom op 'n vermeerdering van 219 persent, dan is dit duidelik 'n bewys van groot vooruitgang aan die onderwyskolleges ten opsigte van hierdie aspek. Verder het die persentasie gesertifiseerde onderwysers volgens tabel XXI oor dieselfde aantal jare met 1·2 persent gedaal; hierteenoor het die aantal onderwysers met 'n graad en sertifikaat van 601 uit 'n totaal van 6562 in 1938[6] gestyg tot 1072 uit 'n totaal van 10,612 in 1954[7] wat 'n vermeerdering van byna een persent beteken. Ten opsigte van verhoogde kwalifikasies van onderwysers in diens, was daar dus klaarblyklik vooruitgang, waartoe die onderwyskolleges

/hulle.....

---

1) Hier moet in gedagte gehou word dat die 61 persent onderwysers wat volgens tabel XXI nie deur die onderwyskolleges gelewer is nie, in 'n baie groot mate getroude dames is, wat tog deur die onderwyskolleges opgelei is.

2) Jaarverslag oor 1939, p. 41.

3) Jaarverslag oor 1954, p. 28.

4) Sien tabel XX.

5) Ibid.

6) Jaarverslag oor 1939, pp. 52 en 53.

7) Jaarverslag oor 1954, pp. 51 en 54.

hulle deel bygedra het.

TABEL XXI. UITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING EN DIE DIENSTE DAARDEUR GELEWER. (1938 - 1955.)

| | 1938 | 1955 |
|---|---|---|
| Persentasie gesertifiseerde onderwysers | 98.8[1)] | 97.6(1954)[6)] |
| Gemiddelde inskrywing aan onderwyskolleges | 999[2)] | 3190 [7)] |
| Persentasie onderwysers deur onderwyskolleges gelewer | 41[3)] | 39[8)] |
| Tydsduur van minimumopleiding | 3 jaar[4)] | 2 jaar[9)] |
| Eenheidskoste | £49[5)] | £105[10)] |

Wat die minimum tydsduur van opleiding betref, was daar 'n vermindering van een jaar as ons die deursneepraktyk van die dertiger jare vergelyk met dié van die vyftiger jare, maar nou vind ons die moontlikheid van spesialisasie in 'n groot verskeidenheid van rigtinge vir studente wat die driejarige kursus aan die onderwyskolleges volg.[11)]

Al hierdie verbeterde dienste word gelewer teen 'n eenheidskoste van £105 in 1955. As daaraan gedink word dat

/die......

1) Sien tabel XVI.

2) Ibid.

3) Ibid.

4) Ibid.

5) Ibid.

6) Jaarverslag oor 1954, p.57.(Hierdie persentasie is vir 1954. )

7) Sien tabel XX.

8) Transvaal : Ouditeursverslag oor 1954/55, p. 189 en T.O.D.-Onderwysbulletin, Volume 11, Nr. 3, September 1957, p. 127.

9) Sien pp. 91 en 92.

10) Sien tabel XX.

11) Sien pp. 91 en 92.

die kleinhandelsprysindekssyfers vir die beswaarde gemiddelde vir nege stedelike gebiede (Basis-Beswaarde gemiddelde van dié nege stedelike gebiede in 1938 geneem as 100) vir alle artikels in 1955, 202·1[1]) was, dan is die eenheidskoste van £105 nie veel hoër as die £49 van 1938 nie. 'n Beter vergelyking sou getref kon word as die koopkrag van die £ in 1955 teenoor dié van 1938 beskikbaar was. Dit is wel beskikbaar tot Julie 1952 toe die koopkrag van die £ slegs 11/7[2]) teenoor die volle waarde van die £ in 1938 was.

In 1952 was die eenheidskoste aan onderwysersopleiding £107[3]) en teen 'n konstante koopkrag van die £ in vergelyking met 1938 sou dit £62 wees terwyl dit in 1938 £49 bedra.

2. <u>'n VERGELYKING MET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA.</u>

In Amerika het uit 'n ondersoek geblyk dat in terme van dollars met 'n konstante koopkrag, die uitgawe per student per jaar vanaf 1930 - 1940 konstant gebly het terwyl dit vanaf 1940-1950 met vier dollar afgeneem het.[4])

In die finansiering van onderwysersopleiding moet die doel in die eerste plek nie wees om eenheidskoste ten koste van verbeterde dienste laag te hou nie. Verlaagde koste (op 'n konstante waarde van die geldeenheid) kan die gevolg wees van 'n verhoogde inskrywing, maar dit kan ook die gevolg wees van swakker opleiding. Groot veranderinge ten opsigte van inhoud en metode het in die onderwys plaasgevind vanaf 1940; kennis op alle terreine van die lewe het geweldig vermeerder. Dit vereis meer boeke, apparaat, hulpmiddele ens., wat die koste per student noodwendig moet vermeerder.[5])

/In......

1) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1956/57, p. 221.
2) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1950, p. 342.
3) Sien tabel XX.
4) John. D. Millet, Financing Higher Education in the United States, p. 116.
5) Ibid., p. 117.

In hierdie verband lyk dit asof die beleid van die Transvaalse onderwysdepartement vir die tydperk 1938- tot 1952 gesonder was as diévan die V.S.A.

(iii) <u>ŉ VERGELYKING VAN DIE VERMEERDERING VAN DIE TOTALE UITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING, DIE TOTALE UITGAWES VAN DIE PROVINSIE EN DIE TOTALE UITGAWES VAN DIE PROVINSIE AAN ONDERWYS</u>.

Uit ŉ vergelyking[1] van die vermeerdering van die uitgawes aan onderwysersopleiding vanaf 1938/39 tot 1953/54 met die vermeerdering van totale uitgawes van die provinsie en dié van die provinsie aan onderwys vir dieselfde tydperk, blyk dit dat die vermeerdering aan uitgawes vir onderwysersopleiding aansienlik groter was as dié van die provinsie en dié van die provinsie aan onderwys.

TABEL XXII. TOTALE UITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING VERGELYK MET DIE TOTALE UITGAWE VAN DIE PROVINSIE EN DIE TOTALE UITGAWE VAN DIE PROVINSIE AAN ONDERWYS.

| | 1938-1939 | 1953-1954 | Persentasie vermeerdering |
|---|---|---|---|
| Totale uitgawe van die provinsie | [2] 6,672,593 | [5] 32,927,345 | 393 |
| Totale uitgawe aan onderwys | [3] 3,285,827 | [6] 14,461,401 | 340 |
| Totale uitgawe aan onderwysersopleiding | [4] 49,054 | [7] 319,507 | 551 |

/(iv) ŉ.....

1) Sien tabel XXII.

2) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, (Engelse uitgawe), 1940, p. 599.

3) Jaarverslag oor 1939, pp. 56 en 57.

4) Sien tabel XX.

5) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1956/57, p. 460.

6) Jaarverslag oor 1954, p. 77.

7) Sien tabel XX.

(iv) 'n VERGELYKING VAN DIE VERMEERDERING VAN TOTALE UITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING EN DIE TOTALE UITGAWES AAN KINDOPLEIDING IN DIE LAER- EN MIDDELBARE SKOOL.

Volgens tabel XXIII lyk dit asof die koste aan onderwysersopleiding vanaf 1938 tot 1954 meer toegeneem het as die koste aan kindopleiding in die laerskool en die laer- en middelbare skool saam, maar minder as die koste aan kindopleiding in die middelbare skool alleen waar 'n baie groot vermeerdering plaasgevind het.

TABEL XXIII. DIE VERMEERDERING VAN TOTALE UITGAWE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING EN DIE TOTALE UITGAWES AAN KINDOPLEIDING IN DIE LAER en MIDDELBARE SKOOL.

| | 1938 | 1954 | Persentasie vermeerdering |
|---|---|---|---|
| Totale uitgawe aan kindopleiding in laerskool | 2,595,319[1)] | 8,708,253[4)] | 236 |
| Totale uitgawe aan kindopleiding in middelbare skool | 474,015[2)] | 4,178,627[5)] | 782 |
| Totale uitgawe aan kindopleiding in beide die laer en middelbare-skool | 3,069,334 | 12,886,880 | 319 |
| Totale uitgawe aan onderwysersopleiding | 49,054[3)] | 336,182[6)] | 585 |

(v) DIE VERHOUDING VAN EENHEIDSKOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING en KINDOPLEIDING IN DIE LAERSKOOL.

/by.....

1) Jaarverslag oor 1939, p. 58.

2) Ibid.

3) Sien tabel XX.

4) Jaarverslag oor 1954, p. 78.

5) Ibid.

6) Sien tabel XX.

By die bepaling van eenheidskoste in tabel XXIV is as deeltal alle direkte- en indirekte uitgawes geneem; uitgawes aan rente op lenings en delging van lenings is nie ingebring nie.

Volgens hierdie tabel het die verhouding van koste aan onderwysersopleiding en die opleiding van leerlinge in die laerskool effens wyer geword oor die tydperk vanaf 1938 tot 1954.

TABEL XXIV. DIE VERHOUDING VAN EENHEIDSKOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING EN KINDOPLEIDING IN DIE LAERSKOOL.

| Jaar | Koste per student per jaar | Koste per laerskoolkind per jaar | Verhouding |
|---|---|---|---|
| 1938 | £49 1) | £19 3) | 2·6 : 1 |
| 1954 | 121 2) | 45 4) | 2·7 : 1 |

(vi) 'n VERGELYKING MET DIE ANDER PROVINSIES VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

In tabel XXV word 'n vergelyking getref tussen die kostes aan onderwysersopleiding in die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika.

Om 'n netto uitgawe, wat vergelykbaar vir die verskillende provinsies is, te bepaal, moes sekere verstellings aan die statistieke van die provinsies gemaak word. Omdat leningsbeurse weer terugbetaal word, is dit van die totale bedrae aan direkte uitgawes afgetrek. In die Kaapprovinsie is hierdie uitgawe egter nie in die provinsie se statistieke ingebring nie, terwyl dit in Transvaal

/£124,984

1) Sien tabel XV.

2) Sien tabel XX.

3) Jaarverslag oor 1939, p. 58.

4) Jaarverslag oor 1954, p. 78.

£124,984[1]) Oranje Vrystaat £13,275[2]) en Natal (vir 1952) £1,153[3]) bedra het. In die geval van Natal is by die bedrag van leningsbeurse ook 'n bedrag vir verdienstelike toekennings by die provinsie se statistiek ingesluit en kan nie apart bepaal word nie. Die netto koste in hierdie geval sal dus bietjie hoër wees as wat in tabel XXV aangegee word. Vir Natal is die gegewens vir 1954 nog nie bekend nie en daarom word die gegewens vir 1952 gegee.

TABEL XXV. DIE KOSTE AAN ONDERWYSERSOPLEIDING IN DIE VIER PROVINSIES VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA VIR DIE JAAR 1954.

| Provinsie | Aantal studente | Netto uitgawe | Koste per student per jaar |
|---|---|---|---|
| Kaapprovinsie | 1382[4]) | £267,556[8]) | £121 |
| Natal (1952) | 162[5]) | 40,876[9]) | 251 |
| O. V. S. | 396[6]) | 39,732[10]) | 100 |
| Transvaal | 2644[7]) | 303,864[11]) | 115 |

Verder is die direkte uitgawes van die Kaapprovinsie en Natal met ontvange lesgelde[12]) verminder om tot 'n netto uitgawe vir daardie provinsies te kom.

/Bo.....

1) Jaarverslag oor 1954, p. 74.(Sien ook Transvaal : Ouditeursverslag oor 1954/55, p. 187.

2) O.V.S. Jaarverslag oor 1954, p. 50.

3) Natal Jaarverslag oor 1952, p. 58. In hierdie geval is slegs gegewens vir die jaar 1952 beskikbaar.

4) Departement van Openbare Onderwys. Die Kaap die Goeie Hoop. Onderwysstatistieke, 1954, p. 37.

5) Natal : Jaarverslag oor 1952, p. 99.

6) O.V.S. : Jaarverslag oor 1954, p. 99.

7) Transvaal : Jaarverslag oor 1954, p. 78.

8) Kaapprovinsie : Ouditeursverslag oor 1954/55, pp. 49 en 107.

9) Natal : Natal Ouditeursverlag 1952/53, p. 86.

10) O.V.S. : O.V.S. Ouditeursverslag 1954/5, p. 51.

11) Transvaal : Jaarverslag oor 1954, p. 74.(Sien ook ouditeursverslag oor 1954/55, p. 187.)

12) In die geval van die Kaapprovinsie is dit £6 per student per jaar en in die geval van die Natal £10. (Sien p. 97.)

Bo en behalwe die indirekte uitgawes soos dié aan administrasie, inspeksie, eksamenuitgawes ens. is leningskoste en skulddelging nie bygebring nie.

Volgens tabel XXV lyk dit dus asof die Transvaal onderwysers goedkoper oplei as die Kaapprovinsie en Natal, maar dat die Oranje Vrystaat se onderneming weer goedkoper is as dié van Transvaal.

(vii) EENHEIDSKOSTE AAN DIE UNIVERSITEITE EN INRIGTINGE ONDER BEHEER VAN DIE UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT.

Interessantheidshalwe word die eenheidskoste aan die universiteite en inrigtinge onder beheer van die Unie-onderwysdepartement ook hier weergegee. By die berekening van die eenheidskoste in tabel XXVI is leningskoste en skulddelging nie ingesluit by die uitgawes van die onderwyskolleges nie, terwyl dit wel die geval by die ander inrigtings was.

TABEL XXVI. EENHEIDSKOSTE AAN UNIVERSITEITE EN INRIGTINGE ONDER DIE UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT TEENOOR DIÉ VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSKOLLEGES.

| Inrigting | 1954 | 1955 |
|---|---|---|
| Universiteite | | |
| Blank | £177·69 1) | £177·53 7) |
| Naturel | 276·97 2) | 223·97 8) |
| Tegniese Kolleges (Blank) | 87·60 3) | 82·99 9) |
| Hoër Tegniese Skole | 169·12 4) | 186·25 10) |
| Tegniese Skole vir volwassenes | 308·82 5) | 237.73 11) |
| Onderwyskolleges in Transvaal | 121 6) | 105 12) |

/Die.....

1) tot 5) Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal vir die Boekjaar 1955/56, p. 344.

7) tot 11) Ibid.

6) Sien tabel XX.

12) Ibid.

Die rede hiervoor is dat hierdie gegewens vir die Transvaalse onderwyskolleges nie beskikbaar is nie. Wat die universiteite vir blankes betref, het daardie koste in 1938/39 14 persent van die totale koste bedra terwyl dit in die geval van die universiteitskolleges maar 7 persent bedra het.[1] Hier moet egter ook weer gemeld word dat uit beskikbare gegewens nie vasgestel kan word of by die berekening van eenheidskostes aan die universiteite ook die bydraes van die studente in berekening gebring is nie - by die onderwyskolleges is dit nie bygebring nie.

TABEL XXVII. PERSENTASIE VAN DIE TOTALE ONDERWYSUITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING IN VERSKILLENDE LANDE BESTEE.

| Land | Jaar | Persentasie |
|---|---|---|
| Australië | 1950 | 3·3[2] |
| Kanada | 1950 | 0·9[3] |
| Denemarke | 1949 | 1·7[4] |
| Finland | 1950 | 1·3[5] |
| Nederland | 1949 | 1·2[6] |
| Noorweë | 1951 | 1·8[7] |
| Swede | 1951 | 2·1[8] |
| Unie van Suid-Afrika | 1950 | 2·2[9] |
| Engeland | 1953-1954 | 1·5[10] |
| Wallis | 1953-1954 | 1·4[11] |
| Transvaal | 1953-1954 | 2·2[12] |

(viii) ʼn VERGELYKING MET OORSEESE LANDE.

Uit ʼn vergelyking met oorseese lande bestee Transvaal, soos blyk uit tabel XXVII proporsioneel tweede meeste uit ʼn totaal van elf lande, aan onderwysersopleiding uit sy totale onderwysuitgawes.

/Samevatting.....

1) Verslag van die Kontroleur en ouditeur-generaal vir die Boekjaar 1938/39, p. 200.

2) - 9) World Survey of Education. Handbook of educational Organization and Statistics, p. 29.

10) Education in 1954. Being the Report of the Ministry of Education for England and Wales, p. 197.

11) Ibid.

12) Transvaal : Ouditeursverslag oor 1953/54, pp. 204-210.

SAMEVATTING.

In Transvaal en in die Kaapprovinsie word vir elke opleidingsinrigting 'n Streekkomitee of Beherende Liggaam deur die administrateur aangestel. Die belangrikste funksie van hierdie liggame is die beheer oor geboue, koshuise, terreine ens., verder maak dit aanbevelinge by die onderwysdepartement in verband met die aanstellings van doserende-, administratiewe- en koshuispersoneel, uitbreidings en herstelwerk aan geboue, die toekenning van studielenings en merietebeurse. Die Raad van Beheer van die Onderwyskollege van die Universiteit van die Oranje Vrystaat se samestelling en funksies is soortgelyk aan dié van die Transvaal en die Kaapprovinsie, behalwe dat hierdie liggaam geen aanbevelings in verband met die aanstelling van doserende personeel doen nie. In die geval van die Natalse Onderwyskollege bestaan daar nie so'n liggaam nie.

Die "Streekkomitees" van die Transvaalse Onderwyskolleges, netsoos in dié geval van die ander provinsies, is dus geensins verteenwoordigend van die ouers van studente of van die ouers van leerlinge aan wie die studente later onderwys en opvoeding gaan verskaf nie. Die beginsel dat sodanige ouers die gees en rigting van die opleidingsinrigtinge bepaal, bestaan dus glad nie.

Vanaf 1940 kon 'n student onthef word van die ondertekening van 'n verbintenisvorm mits hy £2 per vak lesgelde betaal met 'n maksimum van £25. Hierdie regulasie maak dus voorsiening vir die betaling van lesgelde, maar was eintlik strydig met ordonnansie Nr. 7 van 1914 toe weggedoen is met die heffing van lesgelde in middelbare skole en opleidingsinrigtinge. Die Kaapprovinsie en Natal hef egter onderrigsgelde aan opleidingsinrigtinge en handhaaf dus die beginsel

/dat.....

dat dit die plig van die ouer is om 'n deel van die instandhoudingskoste van opleidingsinrigtinge te dra, hoe gering ook al.

Al vier die provinsies van die Unie van Suid-Afrika stel lenings- en merietebeurse beskikbaar vir onderwysersopleiding.

Uit 'n vergelyking met oorsese lande het geblyk dat uit 'n totaal van 53 lande, slegs 12 lande onderrigsgelde hef vir onderwysersopleiding. Die meer agterlike lande, met uitsondering van Frankryk, Australië en Nieu-Seeland, verskaf vry onderwysersopleiding, terwyl die wat op die voorpunt van die beskawing staan, die minste finansiële ondersteuning verskaf.

Sedert 1945 is die betaling van subsidies op 'n basis van skoolstatistiek deur die sentrale regering aan die provinsiale regerings vervang deur 'n ander stelsel. Volgens die nuwe reëling sou subsidies gebaseer wees op sekere gespesifiseerde uitgawes van die vorige jaar.

Die eenheidskoste aan onderwysersopleiding het van 1938 tot 1939 heelwat gestyg as gevolg van uitbreiding, waarna dit byna konstant gebly het tot 1943 toe dit heelwat begin styg het as gevolg van die betaling van hoër lewenskostetoelae, oorlogsbonusse en verhoogde salarisse in 1945. Verhoogde pryse in die handelswêreld het ook hiertoe bygedra. In 1947 het die eenheidskoste weereens geweldig gestyg as gevolg van nuwe verbeterde salarisskale. Intussen het dit nog geleidelik gestyg wat te wyte was aan die inflasionêre neiging op alle terreine. In 1950 het dit egter weer 'n dalende neiging getoon as gevolg van die vergrootte inskrywing aan die onderwyskolleges. Die volgende jaar het dit weer begin styg om 'n maksimum in

/1952.....

1952 te bereik toe weereens nuwe verhoogde salarisskale ingestel is vanaf 1 April.

Vanaf 1953 tot 1955 vertoon die eenheidskoste weer 'n dalende neiging as gevolg van 'n vinnig groeiende inskrywing.

Terwyl die aantal leerlinge in openbare skole vir blankes van 1938 tot 1954 met 72 persent vermeerder het, het die aantal studente aan onderwyskolleges met 219 persent oor dieselfde tydperk vermeerder; dus het die onderwyskolleges in hierdie opsig baie groot vooruitgang gemaak. Verder het die onderwyskolleges nou ook groot geleentheid vir spesialisasie geskep wat nie die geval in die derigerjare was nie. Die persentasie onderwysers in die diens van die departement wat oor 'n graad en diploma beskik het, het ook aansienlik vermeerder; hiertoe het die onderwyskolleges in 'n baie groot mate bygedra deurdat hierdie inrigtings so'n groot deel van die onderwysers oplei.

Al hierdie verbeterde dienste word gelewer teen 'n eenheidskoste van £107 in 1952. Teen 'n kostante koopkrag van die £ sou dit in hierdie jaar £62 wees teenoor die £49 van 1938.

Die vermeerdering van uitgawes aan onderwysersopleiding oor die tydperk 1938 tot 1953/54 was baie groter as dié van die provinsie, dié van die provinsie aan onderwys, en dié aan kindopleiding, behalwe in die geval van die middelbare skoolleerling, wie se vermeerdering van uitgawes dié aan onderwysersopleiding oortref het.

Teen 1954 het die Transvaal onderwysers goedkoper opgelei as die Kaapprovinsie en Natal, terwyl die Oranje Vrystaat dit weer meer ekonomies as Transvaal kon doen. Uit 'n vergelyking met elf oorsese lande bestee Transvaal proporsioneel tweede meeste uit onderwysuitgawes aan onderwysersopleiding.

# HOOFSTUK 7.

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS.

### (a) DIE OPRIGTING, ONDERHOUD EN BEHEER VAN INRIGTINGE VIR ONDERWYSERSOPLEIDING.

#### (i) OPRIGTING EN BEHEER.

In die Burgerswet van 1874 vind ons die beginsel van staatsondersteunde onderwys in die geval van onderwysersopleiding toe bepaal is dat 'n Gimnasium opgerig moet word, wat 'n staatsubsidie van £500 p.j. sou ontvang en waaraan onder andere onderwysers opgelei sou word. In die du Toit-wet van 1882 vind ons egter die beginsel dat onderwysersopleiding 'n taak van die staat is.

Ook die Mansvelt-wet van 1892 het in beginsel bepaal dat onderwysersopleiding aan 'n staatskool of - inrigting sou geskied. Teen 1895 vind ons aan beide die staatsmodel- en staatsmeisieskool 'n normaalklas waar onderwysersopleiding as staatsonderneming in swang was.

Na die Anglo-Boere-oorlog is per Ordonnansie Nr. 7 van 1903 voorsiening gemaak vir die oprigting van normaalskole, wat dan ook gedoen is. Die oprigting en beheer daarvan was prinsipieel uit en uit 'n staatsonderneming wat ook weer deur die Smuts-wet van 1907 herbevestig is. Laasgenoemde wet het ook skoolbesoek vir blanke kinders in Transvaal tussen sekere leeftydsgrense verpligtend gemaak en gevolglik moes die staat nou voorsiening maak vir voldoende onderwysers waarmee die ouers tevrede sou wees. Met onderwysersopleiding is die beginsel dat die ouer die reg het om die gees en rigting van die inrigting te bepaal, geignoreer.

Na unifikasie is die beginsel van staatsonderwys en -opleiding in die geval van onderwysersopleiding gehandhaaf.

Eers vanaf 1935 is Streekkomitees vir die

/opleidingsinrigtinge.....

opleidingsinrigtinge benoem. Hulle is egter geensins verteenwoordigend van die ouers van studente of van die ouers van leerlinge aan wie die studente later onderwys en opvoeding sal verskaf nie. Van die beginsel van die bepaling van die gees en rigting van die onderwyskolleges deur die ouers, wat belang daarby het, is hier dus geen sprake nie. Die Streekkomitees maak wel aanbevelings ten opsigte van doserende e.a. personeel, maar feit bly dat die lede van die komitees deur die administrateur aangestel word. Gelukkig dat ons in 'n christelike staat leef met leiers aan bewind wat 'n christelike lewens- en wêreldbeskouing huldig. Uit so'n reëling kan egter 'n gevaarlike toestand ontwikkel, as 'n onchristelike (of selfs antichristelike) staat, met die deur hom aangestelde streekkomitees, die gees en rigting van opleidingsinrigtings sou bepaal en die aanstellings van doserende personeel sou hanteer. Aan die anderkant bestaan die gevaar dat die streekkomitees, as hulle deur die ouers gekies sou word, netsoos dit die geval met skoolrade, beheerrade en skoolkomitees is, in kerkisme kan verval, by die aanbeveling van doserende personeel. Die gevolg hiervan sal wees dat bekwame persone in die onderwysdiens gefrustreerd kan raak, veral as hulle aan 'n kerkgemeenskap behoort waarvan die lidmatetal ver in die minderheid is. Vanuit 'n christelike lewens- en wêreldbeskouing moet die beginsel en gevolglik onder andere die saak van die christelike voortbestaan van 'n nasie seëvier bo die persoonlike belange van individuele persone. Die werklik bekwame onderwyser wat prinsipieel sterk staan, sal as gevolg van mislukkings wat toe te skryf is aan kerkisme, soms tydelik gefrustreerd voel, maar sal as 'n gelowige tog die geleentheid kry om sy ideale te verwesenlik soos dit inpas

/binne.....

binne die raamwerk van sy roeping.

Aangesien onderwysersopleiding so'n gespesialiseerde onderneming is behoort beperkinge by die verkiesbaarstelling van streekkomiteelede gestel te word, sodat alleen persone wat oor 'n bepaalde minimum opvoedkundige kwalifikasies en - prestasies beskik, verkies word.

'n Streekkomitee wat aldus deur die ouers verkies is, sal in die geval van die Afrikaanssprekende bevolkingsgroep die gees en rigting van sodanige inrigtinge volgens christelike en nasionale beginsels bepaal, terwyl die Engelse bevolkingsgroep dieselfde gegun sal word ten opsigte van opleidingsinrigtinge waaroor hulle deur middel van hulle streekkomitee(s) jurisdiksie het.

(ii) <u>ONDERHOUD</u>:

In die Burgerswet van 1874 word bepaal dat vir aspirantonderwysers aan 'n opleidingsinrigting skoolgelde betaal moes word; hierdeur is die beginsel dat die ouer vir die opvoeding en opleiding van sy kind verantwoordelik is vir die eerstekeer in Transvaalse wetgewing neergelê.

As gevolg van bepalinge in die du Toit-wet van 1882 is "De Opleidingschool" begin waaraan, teen die einde van die tagtigerjare, enkele onderwysers opgelei is. Skoolgelde moes aan hierdie inrigting betaal word, waardeur die beginsel van ouerverantwoordelikheid gehandhaaf is.

Skoolgelde moes ook betaal word aan die Staatsmodel - en Staatsmeisieskool gedurende die Superintendentskap van Dr. Mansvelt, waardeur die beginsel van ouerverantwoordelikheid nogeens gehandhaaf is.

Na die Anglo-Boere-oorlog was onderwysersopleiding heeltemal vry weens beurse wat toegestaan is om alle kostes te dek. Die Smuts-wet van 1907 het die beginsel neergelê dat skoolgelde gehef kon word. .....

/met.....

Met unifikasie is geen verandering aangebring in die heersende onderwyswet nie. In beginsel moes die studente of hulle ouers nog steeds onderrigsgelde betaal, maar vrybeurse is voorsien waaruit hierdie, sowel as feitlik alle ander kostes, bestry kon word.

Deur ordonnansie Nr. 7 van 1914 is weggedoen met die beginsel dat die student of sy ouer onderrigsgelde aan normaalkolleges moes betaal. Selfs die betaling van lesingsgelde aan universitêre inrigtinge is sedert die samewerking met sodanige inrigtinge vanaf 1920 tot 1922 deur die provinsie betaal. Van laasgenoemde jaar af moes hulle dit egter self betaal en ook die helfte van die beurse aan hulle toegestaan, as hulle begin skoolhou. Vanaf 1925 moes studente die volle beurse aan hulle voorgeskiet, terugbetaal.

By wyse van regulasie is vanaf 1940 die reëling in werking gestel dat ŉ student onthef kan word van die ondertekening van ŉ verbintenisvorm indien hy, of sy ouer, £2 per vak (met ŉ maksimum van £25) leergelde betaal. Hierdie regulasie het dus in beginsel weer voorsiening gemaak vir ouerverantwoordelikheid, maar was in werklikheid strydig met ordonnansie Nr. 7 van 1914 toe by wyse van wetgewing weggedoen is met die heffing van onderrigsgelde.

Uit ŉ vergelyking met oorsese lande het geblyk dat slegs 12 uit 53 lande onderrigsgelde hef vir onderwysersopleiding. Die meer agterlike lande, met uitsondering van Frankryk, Australië en Nieu-Seeland, verskaf vry onderwysersopleiding, terwyl dié wat op die voorpunt van die beskawing staan, die minste finansiële ondersteuning verskaf.

Uit ŉ vergelyking met die ander provinsies van die Unie van Suid-Afrika blyk dat al vier provinsies leningsen merietebeurse beskikbaar stel vir onderwysersopleiding

/terwyl.....

terwyl slegs die Kaapprovinsie en Natal onderrigsgelde hef.

Omdat onderwysersopleiding so'n duur onderneming is, en omdat die staat prinsipieel en histories nie uit die skole geweer kan word nie, is die koste aan onderwysersopleiding eintlik vir die rekening van die staat. Die staat beskik oor die mag en masjinerie om die fondse vir hierdie doel beskikbaar te stel; maar aan die anderkant het alle ouers van 'n gemeenskap ook groot belang by onderwysersopleiding omdat die onderwysers wat daar opgelei word hulle behulpsaam gaan wees met die onderwys en opvoeding van hulle kinders en volgens ons christelike lewens- en wêreldbeskouing, is die ouers in die eerste plek verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders. Dit is dan ook die reg en plig van die ouers in 'n gemeenskap om 'n deel van die onderhoudskoste te dra en wel in die vorm van die betaling van onderrigsgelde.

Dit is ook nie te betwyfel nie, dat 'n gees van onverskilligheid by 'n baie groot aantal laer- en middelbare skool leerlinge en hulle ouers ontstaan het omdat onderwys in hierdie skole gratis is. Indien 'n te liberale finansiële ondersteuning aan aspirantonderwysers toegestaan word, bestaan die gevaar dat dieselfde gees by hulle kan ontwikkel. Indien onderwysers met so'n gees en houding besiel, die onderwys en opvoeding van die volk moet behartig, bestaan die gevaar dat die gees van onverskilligheid onder leerlinge en hulle ouers nog groter afmetings gaan aanneem. As die student of sy familie 'n taamlike bydrae tot sy opleiding lewer, sal dit hom aanspoor om sy taak ernstiger op te neem.

> "If he does not take his courses seriously, then he has not only wasted the money the institution has invested in his education, but also the money invested by himself or his family. Some part of the economic consequences of his action are upon his own head."[1]

/aan.....

1) John D. Millet, op. cit., p. 393.

Aan die ander kant moet die koste wat die student en sy familie moet dra, nie so groot wees dat dit die werwing vir die onderwysprofessie benadeel nie. 'n Belangrike faktor in hierdie verband is dat die diensvoorwaardes van onderwysers sodanig verbeter moet word dat dit die prestige van die onderwysprofessie sal herwin of verhoog, sodat kandidate daardeur getrek sal word. Bewys hiervoor vind ons in die verskynsel dat die verhoging van salarisse van onderwysers die volgende jaar aan die onderwyskolleges gevolg word deur 'n groot vermeerdering in inskrywing byvoorbeeld : die verhoging van salarisse in 1945 is gevolg deur 'n vermeerdering van 200 in inskrywing die volgende jaar, terwyl die inskrywing die vorige jare gekenmerk was deur 'n dalende neiging. Netso is die verhoging van salarisse in 1947 weer gevolg deur 'n groot vermeerdering in inskrywing aan die Onderwyskolleges. En in 1952 is die salarisverhoging van onderwysers gevolg deur 'n geweldige vermeerdering in inskrywing van oor die 400.

Dit wil dus voorkom of die verbeterde salarisskale vir onderwysers net so 'n aantrekkingskrag vir rekrute tot die onderwysprofessie het, as wat materiële voordeel het vir rekrute in ander professies en beroepe.

(b) DIE NEIGING VAN DIE UITGAWES.

Die neiging van die uitgawes gebaseer op die eenheidskoste aan onderwysersopleiding, weerspieël in 'n groot mate die veranderende ekonomiese omstandighede en die waarde van die pond om vir opgeleide onderwysers te betaal.

Die periode van 1910 tot 1922 verteenwoordig een van inflasie met 'n depressie direk daarna. Hierdie ekonomiese neiginge word in 'n groot mate in die eenheidskostes aan onderwysersopleiding weerspieël. Vir die jare 1928 en 1929 vind ons 'n geringe inflasionêre neiging in die

/eenheidskoste.....

eenheidskoste wat dan ook 'n teken van die tyd was. Die eenheidskoste vir die jare 1930 tot 1933 weerspieël weer in geringe mate die depressie van daardie tyd. Die tydperk vanaf 1934 tot die huidige verteenwoordig weer 'n periode van inflasie wat ook weerspieël word in die eenheidskostes.

Inflasie en depressie in die algemene ekonomiese toestande was egter nie die enigste faktore wat skommelinge in die eenheidskostes bewerkstellig het nie.

In 1914 is verhoging van eenheidskoste ook aan 'n verlaging in inskrywing en aan 'n verandering in beleid t.o.v. die finansiering van onderwysersopleiding toe te skryf toe die betaling van onderrigsgelde in hierdie jaar afgeskaf is.

In 1922 het die eenheidskoste weer geweldig gedaal in vergelyking met die vorige jaar as gevolg van verandering in beleid ten opsigte van die finansiering van onderwysers-opleiding. Van daardie jaar af moes studente die helfte van die beurse aan hulle toegeken, terugbetaal en in 1925 het dit ook geweldig gedaal omdat studente sedert daardie jaar die volle beurse aan hulle toegestaan, moes terugbetaal.

Die rede waarom die depressie van 1930 tot ongeveer 1933/34 nie so duidelik in die eenheidskoste weerspieël word nie, is daaraan toe te skryf dat die inskrywing van die normaalkollgeges baie ingekort is oor die betrokke jare en 'n dalende inskrywing het gewoonlik 'n stygende uitwerking op die eenheidskoste.

In 1939 kry ons ook 'n redelike styging in eenheids-koste wat nie alleen die gevolg was van die inflasionêre neiging in die algemene ekonomiese toestand van die wêreld nie, maar ook van uitbreiding aan die onderwyskolleges. Die kleinerwordende inskrywing oor die jare 1944 en 1945 het weer benewens die algemene inflasionêre neiging in

/algemene.....

algemene ekonomiese toestande ook hulle deel bygedra om die eenheidskoste te laat styg.

Vanaf 1953 vertoon die eenheidskoste weer eens, nieteenstaande inflasionêre neigings in die algemene ekonomiese toestande, 'n skerp dalende neiging wat te danke is aan 'n vinnig stygende inskrywing.

(c) UITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING EN DIE VERBETERDE DIENSTE AS GEVOLG DAARVAN GELEWER.

Teen 1898 tref ons drie normaalklasse by die Staatsmodelskool en een by die Staatsmeisieskool aan. Teen 1910 het Transvaal reeds oor drie normaalkolleges beskik met 'n gemiddelde inskrywing van 240. In 1898 was die Transvaal hoofsaaklik afhanklik van die kwekelingstelsel, ingevoerde onderwysers en sy buurstate vir sy leerkragte. In 1910 kon die Transvaal deur middel van sy normaalkolleges reeds 23 persent van sy onderwysers lewer. Dit spreek dus van heelwat vooruitgang. Die eenheidskoste aan onderwysersopleiding in 1898 was £86 vir onderwyseresse en £91 vir onderwysers, terwyl dit in 1910 £89 was. Die koopkrag van die pond was in 1898 'n weinig minder as in 1910[1] sodat die koste aan onderwysersopleiding in die twee betrokke jare feitlik dieselfde was.

Ons vind dus oor hierdie tydperk groot vooruitgang met feitlik geen verhoging in eenheidskoste nie. Die beginsel om maksimum dienste met so 'n laag moontlike koste te lewer, is dus deur die staat in die praktyk gebring. Dieselfde geld ook vir die tydperk 1910 tot 1923 toe die persentasie onderwysers, deur die Transvaalse normaalkolleges vir sy eie onderwysdiens gelewer, vermeerder het van 23 tot 30. Die toelatingsvereistes tot die normaalkolleges is baie verhoog en die kursus vir

/03.....

---

1) Offisiële Jaarboek van die Unie van S.A., 1933/34, p. 254.

03 is van een na twee jaar verleng. Verder is die persentasie gesertifiseerde onderwysers in diens van die Transvaalse onderwysdiens opgeskuif van 72·3 tot 78·6. Dit alles spreek weer eens van groot vooruitgang terwyl die eenheidskoste gedaal het van £89 in 1910 tot £56 in 1923 teen 'n konstante koopkrag van die pond.

Oor die tydperk 1923 tot 1938 het ook groot vooruitgang plaasgevind deurdat die normaalkolleges in laasgenoemde jaar reeds 41 persent van die onderwysers, wat daardie jaar tot die onderwysdiens toegetree het, gelewer het. Verder het die minimum tydsduur van onderwysersopleiding met uitsondering van die tweejarige kursus wat toe aan die Heidelbergse Normaalkollege aangebied is, vermeerder van twee na drie jaar. Die persentasie gesertifiseerde onderwysers in die Transvaalse onderwysdiens het ook vermeerder van 78·6 tot 98·8. Al hierdie verbeterde dienste is in 1938 gelewer teen 'n eenheidskoste van £49 teenoor die £78 van 1923.

Oor die tydperk 1938 tot 1954/55 het daar ook groot vooruitgang plaasgevind. Terwyl die inskrywing aan laer- en middelbare skole vir blanke leerlinge met 72 persent toegeneem het oor hierdie tydperk, het die inskrywing aan die onderwyskolleges met 219 persent toegeneem. Verder het die aantal onderwysers in die onderwysdiens met 'n graad en 'n sertifikaat met byna een persent toegeneem. Dan bied die onderwyskolleges ook nog 'n groot geleentheid vir spesialisasie in verskillende vakke in 1955 aan wat nie die geval in 1938 was nie. Al hierdie verbeterde dienste word gelewer teen 'n eenheidskoste van £105 in 1955 teenoor £49 in 1938. In 1952 was die eenheidskoste feitlik dieselfde as in 1955 toe

/dit.....

dit £107 bedra het. Teen 'n konstante koopkrag van die pond, in vergelyking met 1938, bedra die eenheidskoste in 1952 slegs £62 wat maar £13 hoër is as in 1938. Dit is egter nog heeltemaal 'n gesonde verskynsel, want soos beskikbare kennis in enige opvoedkundige rigting vermeerder, moet die kursusse vermeerder, beter gekwalifiseerde dosente moet aangestel word en meer en duurder opvoedkundige uitrusting moet aangekoop word om onderrig van 'n meer hoogstaande aard te verskaf. Dit alles moet noodwendig daartoe bydra dat die eenheidskoste styg.

Die beleid van Transvaal oor die afgelope dekade of meer, was dus selfs gesonder as dié van die Verenigde State van Amerika, want laasgenoemde land het, in terme van dollar met 'n konstante koopkrag en volgens koste per student per jaar, minder oor die tydperk 1940 tot 1950 aan onderwysersopleiding bestee as in die tydperk 1930 tot 1940.

Uit die voorafgaande kan ons konkludeer dat oor die afgelope vyftig jaar of meer, baie groot vooruitgang ten opsigte van onderwysersopleiding gemaak is en dat hierdie verbeterde dienste gelewer is teen 'n koste wat blykbaar so laag moontlik gehou is, veral as ons 'n vergelyking tref met die ander provinsies van die Unie van Suid-Afrika, en selfs met oorsese lande. Die ekonomiese beginsel van heffing van belastings en die aanwending van geld sodat dit regverdigbaar by die belastingbetaler is volgens die dienste en produkte wat gelewer is, is dus konsekwent toegepas oor die afgelope 50 jaar of meer.

(d) <u>UITGAWES AAN ONDERWYSERSOPLEIDING AS 'n VOLKSBELEGGING.</u>

Hoewel dit lyk asof daarna gestreef is om die opleiding van onderwysers so ekonomies moontlik in te rig, is die persentasievermeerdering aan uitgawes vir

/onderwysersopleiding.....

onderwysersopleiding oor die laaste dekade en 'n half, groter as dié vir kindopleiding, behalwe vir die van middelbare skoolleerlingopleiding. Dit is ook meer as die persentasievermeerdering van totale uitgawes van die provinsie en van die provinsie aan onderwys. Nieteenstaande dít, is uitgawes aan onderwysersopleiding 'n groot belegging wat groot dividende afwerp :-

> "Education must also be viewed as a capital investment, as a kind of capital good. As a capital investment, it may indeed be more productive of marketable economic goods than capital invested in machines and factories. In a technological, adaptive civilization.... , economic productivity cannot rise much higher than the level of popular education. But investment in education is a capital investment in a more significant sense. Schools and colleges are the transfer points of civilization from one generation to another; through them an advanced society in large measure succeeds or fails in reproducing in the lives of each succeeding generation the value, premises, the ideals, knowledge, skills and institutions that lie at the very base of its way of life.
>
> And, finally, investment in education may be regarded as an investment in consumer goods. A system of education adequately conceived meets individual needs whether in the area of occupational skills, health, recreation, social competence, or aesthetics. Any consideration in a.... national economy must take all these relationships into account."1)

(e) SUBSIDIES DEUR DIE UNIEREGERING AAN DIE PROVINSIES BETAAL.

Vanaf 1910 tot 1913 het die Unieregering, op grond van eie oordeel, bedrae vir provinsiale uitgawes voorsien. Sedert die aanname van die Finansiële Verhoudingswet in 1913 is 'n subsidie gelykstaande aan die helfte van die gewone jaarlikse uitgawe van die provinsie, betaal, met dien verstande dat 'n bepaalde jaar se uitgawes die vorige jaar se uitgawes nie met meer as 7½ persent oorskry nie; op uitgawes bo die 7½ persent oorskryding sou slegs een derde i.p.v. 'n helfte subsidie betaal word. Hierdie basis is in eniger mate gewysig in 1917 en daarna, maar in breë

/trekke.....

1) Newton Edwards. "Education and the National Economy." The Education Digest, Volume XIX, (October 1953.) pp. 33-37.

trekke het die beginsel dieselfde gebly tot 1925 toe dit per wette Nr. 46 en 31 van 1925 en 1926 respektiewelik gewysig is. Hiervolgens sou 'n jaarlikse subsidie gebaseer op die gemiddelde Europese skoolbesoek in laer-, middelbare en normaalskole aan Transvaal betaal word. In die geval van die eerste twee tipe skole sou dit £16.7.6. per leerling per jaar wees en in die geval van normaalkollegestudente sou dit £70 per jaar wees. Die berekening van die subsidie vir 'n bepaalde jaar is in die eerste plek gebaseer op die gemiddelde inskrywing van die vorige jaar. As die inskrywing van 'n inrigting dus 'n stygende neiging toon sal die subsidie gevolglik op minder as £70 per jaar te staan kom; en verder is dit ook nog gebaseer op die proratatyd wat studente aan normaalkolleges klasgeloop het terwyl tyd aan klasse aan universitêre inrigtings gewy, nie in aanmerking gekom het nie.

Dit blyk dat die subsidie per student per jaar vir 1930/31 minder was as wat dit in daardie jaar die provinsie gekos het om 'n onderwyser op te lei.

In 1945 is hierdie basis van betaling van subsidie deur die Unieregering totaal verander deur Wet Nr. 38 van 1945. Hiervolgens betaal die Unieregering subsidies gebaseer op die uitgawes van die vorige jaar. Hierdie uitgawes is gespesifiseer en 50 persent subsidie word daarop betaal; indien die uitgawes vir 'n betrokke jaar die uitgawes van die vorige jaar met meer as 5 persent oorskry, word slegs $33\frac{1}{3}$ persent subsidie betaal op die uitgawes bo die 5 persent oorskryding.

Dit lyk dus asof die subsidie, gebasseer op die skoolstatistiek vir die tydperk vanaf 1925 tot 1945, vir daardie jare nie slegs vir onderwysdoeleindes bedoel was

/nie.....

nie, maar vir alle uitgawes, veral as ons daaraan dink dat 'n ander basis vir die berekening van subsidies voor 1925 en sedert 1945 in swang was. Dit blyk dus nie asof die £70 per student per jaar subsidie noodwendig bedoel was vir die opleiding van 'n onderwyser nie of dat die £16.17.6 per jaar per leerling bedoel was vir die opvoeding en onderwys van laer- en middelbare skoolleerlinge nie. Dit het slegs gedien as basis vir die berekening van die subsidie.

Verder blyk dit 'n ongesonde beginsel te wees, dat die provinsies subsidies van die Unieregering ontvang en uitgee sonder om aan die skenker daarvan verantwoording te doen.

(f) AANBEVELINGS.

(i) Streekkomitees behoort uit ouerverteenwoordigers met 'n bepaalde minimum opvoedkundige kwalifikasies te bestaan. Hulle moet alle ouers, wat belang by die betrokke onderwyskolleges het, verteenwoordig. Verder moet hulle die mag en reg hê om die gees en rigting van die inrigtinge te bepaal en die doserende personeel aan te beveel. Die ouerkeuse wat met die vereistes van die pos ooreenstem, moet aangestel word.

(ii) Terwille van die beginsel van ouerverantwoordelikheid moet die ouers, wat belang by 'n betrokke opleidingsinrigting het, 'n deel van die onderhoudskoste van die inrigting in die vorm van onderrigsgelde, betaal.

(iii) Om die ontwikkeling van onverskilligheid by aspirantonderwysers te voorkom, moet die finansiële ondersteuning aan studente verminder word, terwyl die diensvoorwaardes van onderwysers sodanig verbeter word dat rekrute daardeur getrek sal word. .....

/(iv) 'n Uniale.....

(iv) 'n Uniale beleid ten opsigte van onderwysers-opleiding en die finansiering daarvan, behoort neergelê te word; beginsels in aanbevelings (i) tot (iii) behoort enkele grondslae daarvan te vorm.

(v) Aparte rekenings vir kapitale beleggings in geboue en gronde vir die verskillende klasse van skole behoort gehou te word sodat uit ontledings en vergelykings vasgestel kan word hoedanig publieke geld op hierdie gebied bestee word.

# GERAADPLEEGDE BRONNE.


## A. ARGIEFSTUKKE IN DIE STAATSARGIEF TE PRETORIA.

1. Groenboeke:

   (a) Onderwysjäarverslae van die Superintendent, 1883-1898. (Z.A.R. 87-88.).

   (b) Skoolgidse, 1892-1898. (Z.A.R. 97.).

   (c) Verslae van die Beurskommissie, 1896-1900. (Z.A.R. 98.).

   (d) Staatsalmanakke, 1892-1899. (Z.A.R. 181-188.).

2. Lokale Wette, 1849-1899. (Z.A.R. 77-86.).
3. Notule van die Eerste en Tweede Volksraad, 1884-1886 en 1889-1899. (Z.A.R. 54-75.).
4. Staatskoerante, 1859-1900.(Z.A.R. 1-49.).
5. Transvaal Government Gazette, 1900-1910.

## B. VERSLAE, RAPPORTE en ANDER AMPTELIKE STUKKE.

1. Leerplanne en Regulasies in verband met die Opleiding van Onderwysers.
2. Natal Education Department. Natal Training College. Handbook of Information, 13. 3. 54.
3. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing : Lêers 04 en E 777/y/64.
4. Offisiële Jaarboeke van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoeland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland.
5. Onderwysstatistiek. Departement van Openbare Onderwys. Die Kaap die Goeie Hoop, 1954.
6. Ouditeursverslae : van :

   (a) Transvaal, 1907-1956;

   (b) die Kaapprovinsie, die Oranje Vrystaat en Natal, 1921 tot 1923, 1929 tot 1931 en 1953 tot 1955.

7. Prospektusse van die verskillende Onderwyskolleges.
8. Provinsiale Finansiële Kommissie-verslag, 1923.
9. Rapporte van die Direkteur van Onderwys van Natal, 1921, 1922, 1923, 1930, 1952
10. Rapporte van die Direkteur van Onderwys van die Oranje Vrystaat, 1921, 1922, 1923, 1930, 1954.
11. Rapporte van die Direkteur van Onderwys van Transvaal, 1903-1954.


/12.Rapporte....

12. Rapporte van die Superintendent-Generaal van Onderwys van die Kaapprovinsie, 1921, 1922, 1923, 1930, 1954.

13. Report of the Director of Education for the Period November 1900 - February 1904. (Transvaal and Orange River Colony.)

14. Report of the Provincial Financial Commission Appointed in 1933.

15. Verslag van die Komitee van Ondersoek na die Opleiding van Onderwysers. Oranje Vrystaat, 1955.

16. Verslae van die Kontroleur en Ouditeur-Generaal, 1938/39 en 1955/56.

17. Verslag van die Sekretaris van die Unie-Onderwysdepartement, 1932.

18. T.O.D.-Onderwysburo, 'n Vergelykende oorsig van Staatstelsels van onderwysersopleiding met verwysing na (a) Opleidingsvoorwaardes; (b) Die vraagstuk van vry Basiese Opleiding 1954 (ongepubliseer).

19. T.O.D.-Onderwysburo, A Dissertation on Teacher Education anent the respective functions of Education (Training) Colleges and Universities, 1954. (ongepubliseer.)

20. (a) Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1925.
    (b) Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1935.
    (c) Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1945.

C. ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGE.

(i) Hoon, M.G. Die Finansiering van die Onderwys van Blankes in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ongepubliseerde D.Ed- verhandeling. P.U.vir C.H.O.)

(ii) Kellermann, J.E. Die Geskiedenis van die Opleiding van blanke Onderwysers in Suid-Afrika (1652-1936). Ongepubliseerde Doktorale Tesis, Universiteit van Stellenbosch.

(iii) Lynch, J.R. The Financing of State Education in the Union of South Africa. (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria Universiteit.)

(iv) Schutte, C.H.J. Die Leergang en die Leerboek in die Beginsels van Opvoeding vir die Opleiding van Onderwysers in Transvaal, 1838-1942. (Historieskrities.) (Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.)

(v) van Coller, H.P. Onderwysersopleiding in Brittanje en Transvaal met besondere verwysing na die Britse beinvloeding hier te lande veral gedurende die eerste helfte van die 20e Eeu. (Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, P.U. vir C.H.O.)

/D.Tydskrifartikels.....

D. TYDSKRIFARTIKELS.

(i) Alexander, W.P. "The Cost of Education. I. Where the Money Goes." Education, volume C I Nr. 2629 (June 12, 1953), pp. 934-935.

(ii) Alexander, W.P. "The Cost of Education. III Do We Get Value for Money?" Education, Volume C I Nr. 2631 (June 26, 1953), pp. 1014-1015.

(iii) Newton, Edwards. "Education and the National Economy." The Education Digest, Volume XIX (October 1953.), pp. 33-37.

E. B O E K E.

1. Coetzee, J.Chr. Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal. 1859-1937. Nasionale Pers Bpk. Bloemfontein. 1939.

2. Coetzee, J. Chr. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pro Ecclesia - Drukkery Bpk. Stellenbosch. 1944.

3. Coetzee, J. Chr. Onderwys in Transvaal, (1838-1937) 'n Historiese Oorsig. J.L. van Schaik. Pretoria. 1941.

4. Coetzee, J. Chr. Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek. J.L. van Schaik. Pretoria.1930

5. Connor, L.S. Statistics in Theory and Practice. Sir Isaac Pitman & Sons, Ltd. London 1947.

6. Encyclopaedia Britanica. (A New Survey of Universal Knowledge. Volume 9. University of Chicago. Chicago.)

7. Engelbrecht, S.P. Thomas Francois Burgers. J.H. de Bussy, Pretoria. 1933.

8. Good, Carter. V.(Editor). Dictionary of Education. (Mc Graw-Hill Series in Education.) Mc Graw-Hill Book Company. Inc. New York. 1945.

9. Greyling, E. Christelike en Nasionale Onderwys. Die Tweede Trek-Reeks. Nasionale Pers Bpk. Bloemfontein. 1941.

10. H.M.S.O. Ministry of Education. Challenge and Response. An Account of the emergency Scheme for the Training of Teachers. London. 1950.

11. H.M.S.O. Education in 1954. Being the Report of the Ministry of Education and the Statistics of Public Education for England and Wales. London. 1955.

12. Jones, Lance G.E. The Training of Teachers in England and Wales. A Critical Survey. Humphrey Milford. Oxford. England. 1924.

/13.....

13. Kandal, I.L. Comparative Education. 1933.

14. Koers in die Krisis. Deel I. "Opvoeding en Onderwys". Pro Ecclesia - Drukkery. Stellenbosch. 1935.

15. Lugtenburg, A.H. Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836-1900. J.L. van Schaik. Pretoria. 1925.

16. Millet, John D. Financing Higher Education in the United States.The Staff Report of the Commission of financing Higher Education. Columbia University Press. New York. 1952.

17. Mort, Paul R. and Reusser, Walter C. Public School Finance. It's Background, Structure and Operation, (Second Edition) Mc Graw-Hill Series in Education. Mc Graw-Hill Book Company. New York.

18. Oberholzer, C.K. Die Pretoriase Normaal Kollege. 'n Terugblik oor Vyftig jaar. (2 Sept.1902 - 2 Sept. 1952), Die Staatsdrukker. Pretoria. 1952-3.

19. Ploeger, J. Onderwys en Onderwysbeleid in die Zuid-Afrikaansche Republiek onder Ds S.J. du Toit en Dr.N. Mansvelt. (1881-1900). Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Cape Times vir Staatsdrukker. Parow.

20. Primary Teacher Training. United Nations Educational Scientific and Cultural Education. International Bureau of Education. Publication Nr. 117. Paris.

21. Richardson, C.A., Brulé, H., Snyder, H.E. The Training of Teachers in England, France and U.S.A. (Problems in Education, No. VI. Unesco. Paris. 1953.

22. Unesco. World Survey of Education. Handbook of Educational Organization and Statistics. Unesco. Paris. 1955.

23. Vereniging van Onderwÿzers en Onderwÿzeressen in Zuid-Afrika. Gedenkboek. 1893-1918. J.L. van Schaik. Pretoria. 1918.

24. Sondervan Henri e.a. Winkler Prins' Geillustreerde Encyclopaedia, Derde, geheel om-en bygewerkte druk, Deel 7, Uitgewersmaatskappy "Elsevier", Amsterdam. 1907.